“Wees nugter op die regte manier, en sondig nie; want sommige het geen kennis van God nie...”
**1 Korinthiërs 15:34**

# Seuns van God sondig nie

Geskryf deur:

Alex Swarts & Benjamin Swarts

**Christus**

“Hom verkondig ons, terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, om elke mens volmaak in Christus Jesus voor te stel.”
**Kolossense 1:28**

# Seuns van God sondig nie

Geskryf deur:

Alex Swarts & Benjamin Swarts

Epos: infosinnot@gmail.com
www.sinnot.org

**Seuns van God sondig nie**

Kopiereg ©: Alex Swarts

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, mikroverfilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.

Publiseerder: Alex Swarts
Adres: Posbus 1211 George 6530
Suid Afrika
Epos: infosinnot@gmail.com
www.sinnot.org

Eerste Druk: Mei 2017

ISBN NR: 978-0-620-74211-5

Alle beklemtoning (sowel as die hakies) is deur die outeurs.

Skrifaanhalings geneem uit die Bybel in Afrikaans 1933/1953-vertaling © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1933, 1953.
Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

Gedruk en gebind deur: Groep 7 Drukkers en Uitgewers.
Pretoria, www.groep7.co.za
epos@groep7.co.za

Buiteblad ontwerp: Mariaan Lock
Redigering: Sandra Adams
Tipografiese Uitleg: Alex Swarts

## AFDELING EEN


**1 DIE EERSTE MENS ADAM** **1**
DIE INNERLIKE MENS
Die wet van die siel
Die wet van die gees
DIE UITERLIKE MENS
Die wet van die natuurlike liggaam
DIE SIEL MOES KIES
Satan versoek die mens om hom te gehoorsaam
Die innerlike mens word ook boosaardig
DIE WET VAN DIE SONDE EN DIE DOOD
Die sonde verdorwe die mense
Die nageslagte van Adam
Godsdienste en Humanisme
OPSOMMING 8

**2 DIE TWEEDE MENS CHRISTUS** **9**
DIE WET VAN GOD OPENBAAR SONDE
JESUS HET IN 'DIE VLEES' GEKOM
Jesus moes kies
DIE EERSTE LIGGAAM WORD VERWYDER
Sonde veroordeel en die liggaam vernietig
DIE SKEPPING VAN DIE TWEEDE LIGGAAM
Vryheid van die sonde
JESUS – DIE HERE EN CHRISTUS
Gehoorsaamheid
OPSOMMING 13

**3 DIE REALITEIT VAN CHRISTUS** **15**
WAT JESUS VIR GOD EN HOMSELF GEDOEN HET
DIE KRUIS
Die Liggaam
Die Innerlike Mens
WAT GOD VIR DIE MENSDOM GEDOEN HET
GENADE
Die Heilige Gees
Die Lam
Die liggaam van Jesus bring vryheid van sonde mee
Die bloed van Jesus bring vergifnis van sondes mee
OPSOMMING 20

**SLOTSOM** **21**

DIE BEGINSEL VAN WEDERGEBOORTE
JESUS MOES WEER GEBORE WORD
JY MOET WEER GEBORE WORD
ONDERSOEK JOUSELF
Het jy die Heilige Gees ontvang?
Het jy opgehou om te sondig?


## AFDELING TWEE


**4 DIE WYSE VAN REDDING** **25**
DIE WÊRELD
Die nutteloosheid van godsdiens
Vryheid van Satan en sonde is 'n werklikheid, nie 'n godsdiens nie
DIE NUWE GEBOORTE
HEILIGMAKING
EWIGE LEWE
OPSOMMING 30

**5 DIE PATROON VAN REDDING** **31**
GEVANGENSKAP IN EGIPTE
DIE FASES VAN REDDING
Eerste fase: Verlossing uit Egipte
Tweede fase: Heiligmaking in die Wildernis
Derde fase: Die Heilige Land
OPSOMMING 36

**6 GELOOF EN GEHOORSAAMHEID** **37**
IN DIE LIGGAAM VAN SONDE
Geloof
IN DIE GEES
Gehoorsaamheid
IN DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS
'n Seun van God sondig nie
OPSOMMING 43

**SLOTSOM** **45**

DIE KERK
Die Kerk (Kanaän)
Die Kerk is die liggaam van Christus
Ondersoek jouself

## AFDELING DRIE


**7 <u>GOD GEOPENBAAR IN DIE MENS</u> 49**
GOD OPENBAAR HOMSELF AS DRIE PERSONE
Die Vader
Die Heilige Gees
Die Woord
DIE SKEPPING VAN DIE MENS
DIE SKEPPING VAN 'N GESIN
Die verhouding tussen man, vrou en kind
DIE GESKAPE ORDE VAN DIE MENS
Die siel van die mens (Die man)
Die gees van die mens (Die vrou)
Die natuurlike liggaam van die mens (Die kind)
DIE MENS IS VOLMAAK GESKEP
OPSOMMING 54

**8 <u>DIE VAL VAN DIE MENS</u> 55**
Die val van die gees en die siel
Die val van die liggaam
DIE NAGESLAGTE VAN DIE MENS
GEVOLGE VAN DIE VAL
Kennis van 'goed & kwaad'
Onregverdige Mammon
OPSOMMING 60

**9 <u>DIE REDDER VAN DIE WÊRELD</u> 61**
DIE WÊRELD
JESUS HET SATAN VERSLAAN
JESUS VERNIETIG DIE LIGGAAM VAN SONDE
JESUS DIE REDDER VAN DIE MENSDOM
OPSOMMING 65

**<u>SLOTSOM</u> 67**

DIE NAAM BO ALLE NAME
Jesus is Here van die wêreld
GOD SE PLAN VIR DIE MENS
Bestem om vir ewig te lewe
Bestem om 'n goddelike samelewing te wees
DIE VAL VAN DIE MENS
Bestem om te sterf
Bestem om 'n ongoddelike samelewing te wees
DIE HERSTEL VAN DIE MENS
Ondersoek jouself


## AFDELING VIER


**10 <u>REDDING VAN LIGGAAM, SIEL & GEES</u> 73**
Die liggaam
Die siel
Die gees
IN 'DIE VLEES' (Stem ooreen met Egipte)
Redding van die liggaam
IN DIE GEES (Stem ooreen met Wildernis van Sin)
Vernuwing van die gemoed
Redding van die gees
IN CHRISTUS (Stem ooreen met Kanaän)
Heers in die lewe
Sondaars en Mammon
OPSOMMING 80

**11 <u>UIT GELOOF TOT GELOOF</u> 81**
DIE STAPPE VAN GELOOF
In die eerste stap van geloof
In die tweede stap van geloof
HEILIGMAKING VAN DIE INNERLIKE MENS
Vernuwing van die verstand
Verandering van die gees
Verlossing van die liggaam
Mammon
Die wêreld
Menseregte
Demoniese aktiwiteite
OPSOMMING 92

**12 <u>OORSIGTELIK</u> 93**
Hoekom sondig wedergebore gelowiges?
Wat is die bewys van vergifnis?
Die hoë roeping in Christus
Die Wet van God versus die Wet van Vryheid
Die leer van Christus
'n Ander wet
Die wet van die gemoed
Geloof in die Woord van God
OPSOMMING 109

**<u>SLOTSOM</u> 111**

LEEF IN OORWINNING
Ervarings wat jy kan verwag gedurende heiligmaking

**JESUS CHRISTUS IS DIE FONDAMENT 115**
Instruksies om die traktaat te vou
Twee traktate om uit te sny en te gebruik

# VOORWOORD

‘Seuns van God sondig nie’ is ’n persoonlike studiegids.  Dit is gerig aan Christene.
Elke kind van God is geroep om ’n seun van God te word wat nie sondig nie.
Die boek verduidelik die mees basiese waarhede wat ’n baba in Christus
moet verstaan, glo en toepas indien hy of sy tot volwassenheid wil kom
deur die werking van die inwonende Heilige Gees.

Die inhoud van hierdie studiegids openbaar die wil van God vir Sy Kerk.
Die Evangelie van God, die Evangelie van Christus, en die proses van heiligmaking
verduidelik deur middel van diagramme, kommentare en skrifte
wat God van Sy kinders verwag.

Die student wat hierdie waarhede bestudeer en toepas in sy of haar lewe,
sal ervaar dat geloof in die skrifte sowel as in Christus Jesus toeneem.
Namate ’n persoonlike verhouding met die Vader ontwikkel deur die Heilige Gees,
sal hy of sy ’n deelgenoot word van die goddelike natuur van die Seun.

Mag God jou insig gee en volkome reinig
en mag jy volkome in gees, siel en liggaam vlekkeloos bewaar word
tot die wederkoms van onse Here Jesus Christus.

Dié boek is op so ’n wyse geskryf dat die leser dit maklik kan verstaan.
Elke bladsy het twee kolomme:
Aan die linkerkant is die inhoud van die boek;
aan die regterkant is die skrifte en kommentare
wat die ooreenstemmende paragraaf links
bewys en verduidelik.

Ons hartsbegeerte is dat jy jou Bybel ywerig sal lees
met die beginsels in gedagte soos uiteengesit in die boek.
Die Woord van God sal ’n baie groter invloed op jou lewe hê
– ten goede – waar jy jou ook al mag bevind in hierdie wêreld.

Aan die begin van elke afdeling van die boek is ’n geestelike gebed
wat jy gereeld behoort te bid!

# AFDELING
# EEN

## DIE EVANGELIE VAN CHRISTUS

**In hierdie afdeling wil ons uitlig:**

- Sonde het in die liggaam van die mens gekom deur Adam;
- Jesus het in 'n liggaam van sonde gekom en Satan & die sonde oorwin;
- God het Satan geoordeel en die liggaam van sonde vernietig;
- God het 'n nuwe liggaam sonder sonde geskep waarin Jesus kan woon;
- God het die Heilige Gees beskikbaar gemaak om in die liggaam van elke persoon te woon wat die evangelie van Christus glo.

**Bid gereeld hierdie gebed geneem uit Efesiërs 1:17-23:**


Ek bid dat "...U die Vader van die heerlikheid, aan MY
die Gees van wysheid en openbaring in kennis van U mag gee,
verligte oë van MY verstand,
sodat EK ..............................................................
*"(Plaas jou naam hierbo asseblief)"*
kan weet wat die hoop van U roeping en
wat die rykdom van die heerlikheid van U erfdeel onder die heiliges is;
en wat die uitnemende grootheid van U krag is vir MY wat glo,
na die werking van die krag van U sterkte wat U gewerk het
in Christus toe U Hom uit die dode opgewek het
en Hom laat sit het aan U regterhand in die hemele,
bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem
word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige.
En U het alle dinge onder sy voete onderwerp
en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee,
wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul."
*AMEN.*

# HOOFSTUK 1

## DIE EERSTE MENS ADAM

Adam is in die beeld en gelykenis van God geskape. God het die mens se liggaam na sy eie beeld uit die stof van die aarde gevorm. Die natuurlike liggaam is die uiterlike mens en het die vorm van God. Toe God lewe in die liggaam inblaas, het die liggaam 'n gees ontvang en die mens het 'n lewende wese geword. Die gees, of 'spook', is die innerlike mens wat in die gelykenis van God geskape is. Die innerlike mens ('spook'), wat uit 'n siel en 'n gees bestaan, leef dus in 'n natuurlike liggaam van vlees en bloed.

Kyk & Leer!




Die innerlike mens het 'n siel wat sy hoof is, en 'n gees wat sy liggaam is. Die skeiding van die innerlike mens in 'n siel en 'n gees is belangrik want dit maak dit vir ons moontlik om die drie dele van die mens te verduidelik, naamlik: die siel, die gees en die liggaam.

## DIE INNERLIKE MENS

Die innerlike mens is 'n gees wese. Hy is onsterflik en bestaan vir ewig, binne of buite sy fisiese liggaam. Die siel en die gees kan nie geskei word nie, maar elke deel van die eenheid is onderhewig aan sy eie wet.

### Die wet van die siel

Die siel is die bewussyn en intellek van die innerlike mens. Die siel het die vermoë om te redeneer en volgens die kennis wat hy inwin, besluite te neem. Die siel het 'n wil van sy eie; hy het die vryheid van keuse. As die hoof van sy gees word die siel verantwoordelik gehou vir die handelinge en dade van die innerlike mens.

Die siel kan ook van gedagte verander volgens die kennis wat hy opdoen. Hy kan besluit om óf God, óf

**VERWYSINGS EN KOMMENTARE**

Gen 1:26 "En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons **beeld**, na ons **gelykenis**…"

Gen 2:7 "En die HERE God het **die mens geformeer uit die stof van die aarde** en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens **'n lewende siel** geword."

Joh 4:24 "God is **Gees**…"

Matt 27:50 "Daarop het Jesus weer met 'n groot stem geroep en **die gees** (die spook) gegee." (Sien ook Hand 12:23)

2 Kor 4:16 "…maar al vergaan ons **uiterlike mens** (die liggaam) ook, nogtans word die **innerlike mens** (die gees) dag ná dag vernuwe."

Gen 1:27 "En God het die mens geskape na sy beeld; **na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.**"

God het die mens uit een liggaam gemaak – as manlik en vroulik sodat hulle kan vermenigvuldig. (Mal 2:15)

Omdat die innerlike mens wat van God gekom het volmaak was, het die liggaam wat God vir hom gemaak het geen wet gehad nie behalwe die menslike natuur. Dit beteken dat die innerlike mens in vryheid geleef het.

Wat waar is van die uiterlike mens is ook waar van die innerlike mens. Net soos die uiterlike mens 'n liggaam is met 'n hoof, is die innerlike mens 'n gees met 'n siel, wat die hoof is. Die siel het die verstand terwyl die gees die emosies/gevoelens het. Ons kom tot hierdie slotsom want die brein het geen gevoel nie terwyl die liggaam al die gevoel het.

1 Tess 5:23 "En mag Hy… julle **gees en siel en liggaam** geheel en al onberispelik bewaar…"

Net soos die hoof en die liggaam van die uiterlike mens nie geskei kan word nie, is die siel en die gees van die innerlike mens ook onskeidbaar.

1 Pet 3:4 "maar die **verborge mens** van die hart in die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille **gees**..."

Die innerlike mens is die lewe van die uiterlike mens.
Jak 2:26 "Want soos **die liggaam** sonder gees **dood is**…"

Net soos die hoof die brein van die uiterlike mens huisves, het die siel die verstand en redeneringsvermoë van die innerlike mens. Omdat dit volgens kennis funksioneer, het die siel nie die vermoë om te glo nie. Geloof is van die gees.

As die hoof, oordeel die siel volgens kennis, want dit het geen gevoel nie. Gevoel is van die gees.

Die siel het nie 'n natuur nie, want dit funksioneer volgens kennis. Natuur is van die gees.

Satan te gehoorsaam want daar is geen ander keuse nie. Die een wat hy kies om te gehoorsaam is sy meester – dit is die een wat hy dien.

Rom 6:16 "Weet julle nie dat **aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is**…"

**Die wet van die gees**

Die natuur van die innerlike mens is gesetel in sy gees. Die gees begeer en handel volgens sy natuur. Hy 'dink' nie en neem nie 'besluite' soos die siel nie. Die natuur van die gees is sy 'wil' en hierdie 'wil' is die onderbewussyn van die innerlike mens.

Die natuur van die innerlike mens is in sy gees gesetel. Ons weet dit want God is heilig omdat Sy Gees die Heilige Gees is. Derhalwe kom ons tot die gevolgtrekking dat die natuur van die innerlike mens ook in sy gees gesetel is. Emosie en begeerte bestaan op dieselfde manier ook in die gees.

'n Verandering van gemoed sal lei tot 'n verandering in natuur. Die natuur van die gees word bepaal deur die bewuste toestand van die siel.

Omdat die gees die vermoë het om te glo, sal die natuur van die gees verander volgens sy geloof. Die natuur sal óf boosaardig, óf goddelik word, in ooreenstemming met die bewussyn van die siel. Die verandering in natuur vind plaas wanneer die gees die bewussyn van die siel glo. Soos die natuur van die gees verander, verander die 'wil' van die gees dienooreenkomstig.

1 Pet 2:11 "…om julle te onthou van **vleeslike begeertes** (in die gees) wat **stryd voer teen die siel** (die verstand)."

Ef 5:23 "Want **die man is die hoof van die vrou**, soos Christus ook Hoof is van die gemeente…"

Die siel en die gees van die innerlike mens – net soos 'n man en sy vrou in die huwelik – funksioneer as 'n eenheid. Elke lid tree op en beïnvloed mekaar ten einde sy eie wil uit te druk. Maar omdat die gees volgens sy natuur funksioneer, is sy 'wil' sterker as die wil van die siel, wat volgens kennis funksioneer.

Alhoewel die 'wil' van die gees sterker is as die wil van die siel, behoort die gees onderdanig te wees aan die siel, wat die hoof van die eenheid is. Dit is God se skeppingsorde. Selfs in hierdie tyd kan ons sien dat die wil van die vrou sterker is as die wil van haar man. Omdat God die man verantwoordelik hou vir sy vrou, moet sy onderdanig wees aan hom as die hoof van die eenheid. Hierdie omkeer van gesag waarin die gees die siel domineer, is die VAL VAN DIE MENS.
Let op: Dit is nie die val van die man nie, maar die val van die siel wat nie meer beheer oor sy gees het nie. Hierdie toestand is waar in beide mans sowel as vrouens.

Ons kan hierdie beginsel illustreer in die verhouding tussen Adam en Eva. Eva (die gees) wat veronderstel was om Adam (die siel) te glo, het Satan, wat nie haar hoof was nie, geglo. Omdat natuur sterker is as kennis, het Eva vir Adam gevange geneem om haar wil te gehoorsaam, en so het hy ook Satan gehoorsaam.

1 Kor 11:9 "Want die man is ook nie ter wille van die vrou geskape nie, **maar die vrou ter wille van die man.**"

Ef 5:24 "Maar soos die gemeente aan Christus **onderdanig** is, so moet die vroue dit ook in alles **aan hul eie mans** wees."

**DIE UITERLIKE MENS**

Die natuurlike liggaam is die uiterlike mens. Die uiterlike mens bestaan uit twee dele: Een, dit het 'n verstand – sy hoof. Twee, dit het 'n liggaam – hierdie natuurlike liggaam het 'n mens-natuur. Die liggaam is die sterflike deel van die mens en die instrument waardeur die innerlike mens optree en reageer in die wêreld.

Die liggaam van die mens was nie onsterflik nie want hulle moes van die boom van die lewe eet om vir ewig te leef.
Gen 3:22 "…As hy nou maar nie sy hand uitsteek en ook van die **boom van die lewe** neem en **eet en lewe in ewigheid nie**!"

Die natuur van die liggaam affekteer die natuur van die innerlike mens. Die verstand en natuur van die innerlike mens is menslik omdat hy gebore is in die liggaam van 'n mens. Hy kan niks anders as menslik wees nie. Die innerlike mens kan nie die natuur van sy liggaam verander nie. Die innerlike mens kan derhalwe nie die natuur van 'n engel of 'n hond hê nie, want hy is nie in so 'n liggaam nie.

**Die wet van die natuurlike liggaam**

Die liggaam wat God vir die mens gegee het, maak hom mens. As gevolg van hierdie liggaam het die

Geslag behoort aan die uiterlike mens vir die doel van voortplanting. Die innerlike mens het geen geslag nie. Die manlike liggaam maak die innerlike mens hoofsaaklik siel, en die vroulike liggaam maak die innerlike mens hoofsaaklik gees.

innerlike mens menslike eienskappe. Omdat God die liggaam geskep het, en daarna die innerlike mens ingeblaas het, bepaal die natuur van die liggaam die natuur van die innerlike mens.

Die natuurlike liggaam kan vergelyk word met 'n land, of 'n huis, waarin die innerlike mens woon. Die liggaam van die mens behoort óf aan God óf aan Satan. Wanneer die liggaam die eiendom van Satan is, is die innerlike mens in die koninkryk van Satan. Wanneer die liggaam die eiendom van God is, is die innerlike mens in die koninkryk van God.

Die wet wat in die liggaam van die mens heers, beïnvloed beide die gedagtes van die siel en die natuur van die gees van die innerlike mens.


**DIE SIEL MOES KIES**

Adam, die hoof, moes kies wie hy sou gehoorsaam: God of Satan. Die een wat die siel kies om te gehoorsaam, dié se wet sal oor die innerlike mens regeer. Dit beteken dat die innerlike mens die dienaar sal word van die een waaraan hy toegegee het.

**Satan versoek die mens om hom te gehoorsaam**

God het vir Adam (die siel) gesê om nie van die boom van die kennis van 'goed & kwaad' te eet nie, maar Satan het Eva (die gees) versoek en sy het hom geglo. Toe die siel (Adam) wat die hoof is, aan sy gees (Eva) toegee, het hy ook Satan gehoorsaam. Die natuurlike liggaam het toe die eiendom van Satan geword. Die innerlike mens wat in vryheid geleef het, het die slaaf van Satan geword. Sedertdien heers die wet van die sonde en die dood in die natuurlike liggaam en die innerlike mens is die dienskneg van Satan.

Kyk & Leer!




Omdat Adam Satan gehoorsaam het, het die natuurlike liggaam die liggaam van die sonde geword

Elke koninkryk het 'n gebied waarin dit regeer. Óf die koninkryk van Satan óf die koninkryk van God heers in die natuurlike liggaam van die mens, wat die land of huis is, waarin die innerlike mens leef. Die innerlike mens sal beïnvloed word deur die wet wat oor hom heers.

Toe Suid Afrika deur die Nasionale Party regeer is, was die land onder die wet van aparte ontwikkeling en hierdie wet het die inwoners beïnvloed; hulle het rassisme aanvaar. Noudat Suid Afrika regeer word deur die ANC, is die land onder die wet van gelykheid en hierdie wet beïnvloed die inwoners; hulle verwerp rassisme.

Twee regerings kan nie gelyktydig in dieselfe land regeer nie. Daar kan net een soewereine regering wees.

Matt 12:29 “Of hoe kan iemand in die **huis van 'n sterk man** ingaan en sy goed roof, as hy nie eers die sterk man geboei het nie?”

Omdat Adam, onder Eva se invloed, gekies het om Satan te gehoorsaam, het hulle onder sy wet gekom.

Toe Adam en Eva aan Satan onderwerp, het die liggaam onder die wet van sonde gekom. Hulle het hul vryheid verloor en slawe van sonde geword. Dit weet ons want Israel, wat eers vry was, het slawe in Egipte geword.

Toe die liggaam die eiendom van Satan word, kon sonde in die liggaam woon. As sonde in die liggaam van die mens kon kom, dan is dit ook moontlik om sonde uit die liggaam te verwyder wanneer die liggaam die eiendom van God word.

Rom 5:12 “Daarom, soos deur een mens die **sonde** in die wêreld **ingekom** het en deur die sonde die dood, en so die **dood tot alle mense deurgedring** het, omdat almal gesondig het.”

Rom 7:20 “Maar as ek doen wat ek nie wil nie, dan doen ek dit nie meer nie, maar die **sonde wat in my woon**.”

Rom 6:12 “Laat die **sonde** dan **in julle sterflike liggaam nie heers** dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie.”


waardeur Satan oor die innerlike mens heers. Sedertdien leef die innerlike mens in slawerny aan sonde en is die slaaf van Satan in die koninkryk van Satan. Nou gebruik Satan die innerlike mens om sy werke deur die natuurlike liggaam te doen.

Adam en Eva het geen gewete gehad terwyl hulle God gehoorsaam het nie, maar toe hulle die kennis van 'goed & kwaad' verkry, het hulle 'n gewete ontwikkel waarin hulle gedagtes mekaar óf verskoon óf blameer. Ons sien dat hulle vir God weggekruip het en mekaar beskuldig het.

**Die innerlike mens word ook boosaardig**

Sonde is 'n 'gees-persoon' wat 'n *bewussyn* van 'goed & kwaad' het, en 'n *natuur* met liste en begeertes. Wanneer sonde in die liggaam van vlees en bloed woon, word die gees van sonde 'DIE VLEES' genoem. Die innerlike mens is dus in 'die vlees' want die wet van sonde heers oor hom.

Kyk & Leer!




**Wet van sonde & dood in die natuurlike liggaam**

Let wel:
Vir die doel van hierdie studie, en om verwarring te voorkom sal ons, wanneer ons van 'die vlees' praat, verwys na die gees van sonde – nie na die natuurlike liggaam nie. Die natuurlike liggaam het nog steeds sy oorspronklike mens-natuur. Dit is 'die vlees' (sonde in die liggaam) wat veroorsaak dat die innerlike mens boosaardig word. Die liggaam is slegs die instrument.

'Die vlees' is die bose natuur van Satan. Hierdie bose natuur in die liggaam van die mens, is 'n onsigbare mag of krag oor die innerlike mens, wat God teenstaan. 'Die vlees' het kennis van 'goed & kwaad' en 'n boosaardige gees met liste en begeertes. Soos die innerlike mens 'n deelgenoot word van 'die vlees', word hy een daarmee. Sy siel het dan kennis van 'goed

Rom 7:17 "Maar nou is dit **nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon.**"

As slawe in Egipte, was Israel gedwing om dinge teen hulle wil te doen.

Gen 3:10&11 "En hy (Adam) antwoord: **Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg.** En Hy (God) sê: Wie het jou te kenne gegee dat jy naak is? **Het jy geëet van die boom** waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie?"

Gen 4:7 "Is daar nie verheffing as jy goed doen nie? En as jy nie goed doen nie—die **sonde lê en loer** voor die deur, **en sy begeerte is na jou;** maar jy moet daaroor heers."

Ef 2:2 "...waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van **die gees** wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk..."

Voor die kennis van 'goed & kwaad' het sonde nie in die liggaam van die mens gewoon nie. 'Die vlees' verwys dus nie na die menslike liggaam van vlees en bloed nie, maar na die verstand en natuur van Satan.

Rom 7:24 "…Wie sal my verlos van **die liggaam van hierdie dood**?" Die innerlike mens wat in 'die vlees' is, sal dus 'n deelgenoot word van die bose natuur van Satan.

'Die vlees' beïnvloed slegs mense want hulle het kennis van 'goed & kwaad' wat liste en begeertes opwek. 'Die vlees' kan dus nie die innerlike mens dwing of beïnvloed buite menslike perke nie.
1 Kor 10:13 "Geen versoeking het julle aangegryp **behalwe 'n menslike nie.**"

Onthou:
Die liggaam is die land, of huis, en is nie verantwoordelik vir die versoeking wat deur 'die vlees' kom nie. 'Die vlees' is 'n onsigbare mag, of wet, wat voortdurend druk uitoefen op die innerlike mens, net soos swaartekrag aantrekking op die uiterlike mens uitoefen.

Gen 4:7 "Is daar nie verheffing as jy goed doen nie? En as jy nie goed doen nie—die sonde lê en loer voor die deur, en **sy begeerte is na jou; maar jy moet daaroor heers.**"
Dit is nie die liggaam van Kain wat druk uitgeoefen het op sy innerlike mens om sy broer te haat nie, maar 'die vlees' wat die gees van sonde is wat in sy liggaam woon.

Gen 6:3&5 "Toe sê die HERE: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, **omdat hy ook vlees is**… Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, **altyddeur net sleg was.**"

Die val van Satan het plaasgevind lank voor die mens geskape is. Die engel Lucifer was die eerste hemelse wese waarin die kennis van 'goed & kwaad' ontstaan het. Hy het boosaardig geword en staan vandag bekend as Satan. Kennis van 'goed & kwaad' is die wet van die koninkryk van Satan. In sy koninkryk doen hulle beide goed sowel as kwaad.

& kwaad', en sy gees het liste en begeertes. Die innerlike mens gebruik dan sy liggaam om 'die werke van die vlees' te doen.


Dit is omdat hy blootgestel is aan 'die vlees' dat die karakter van die innerlike mens verander. Soos hy deelneem aan die natuur van sonde word hy geleidelik ook boosaardig, of 'vlees'.

Die kennis van 'goed & kwaad' het by Satan onstaan, en hierdie kennis is die wet van sonde. Die verstand wat volgens hierdie kennis funksioneer, wek liste en begeertes in die gees. Sodra die gees boosaardig is, sal die gees die siel oorheers om Satan te gehoorsaam.

**DIE WET VAN DIE SONDE EN DIE DOOD**

Alle mense deel die liggaam van Adam, en is daarom ondeworpe aan die wet van die sonde en die dood. Omdat die mens in sonde gebore word, dra 'die vlees' die kennis van 'goed & kwaad' oor aan die siel, en ook sy liste en begeertes aan die gees van die innerlike mens. Namate die innerlike mens 'n deelgenoot word van 'die vlees', word hy 'n sondaar.

Kyk & Leer!



NAGESLAGTE VAN ADAM

**Sonde verdorwe die mense**

Elke kind wat in die liggaam van Adam gebore word, is in 'die vlees' en ondervind sy eie persoonlike val net soos Adam en Eva. Ons sien hoe 'n kind homself begin bedek wanneer hy uitvind dat hy naak is, want op daardie dag het sy oë ook oopgegaan teenoor die kennis van 'goed & kwaad'. Die kind is dan in eie reg 'n sondaar. Die kennis van 'goed & kwaad' van die siel besoedel die gees om die 'werke van die vlees' te doen.

**Die nageslagte van Adam**

Die nageslagte van Adam is die dienaars van Satan. Gesamentlik vorm hulle die wêreld wat die

Gen 3:22 "Toe sê die HERE God: Nou het die mens geword **soos een van Ons** deur goed en kwaad te ken."
**Let op:** "Een van ons" verwys na Lucifer, en nie na een van die Drie-eenheid nie.
Job 1:6 "En op 'n dag **toe die seuns van God** kom om hulle voor die HERE te stel, **het die Satan ook onder hulle gekom.**"

Jes 14:12-15 "Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies! En jy het in jou hart gesê: **Ek wil** opklim in die hemel, **my troon verhef bo die sterre van God** en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. **Ek wil** klim bo die hoogtes van die wolke, **my gelykstel met die Allerhoogste!** Ja, in die doderyk sal jy neergewerp word, in die diepste plekke van die kuil!"

Rom 5:19 "Want **soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is**…"

Joh 3:6 "**Wat uit die vlees gebore is, is vlees**…"

Dít wat uit 'die vlees' gebore is, is duiwels… 'Die vlees' veroorsaak dat die innerlike mens boos word.

Joh 2:24&25 "Maar Jesus self het Hom aan hulle nie toevertrou nie, omdat Hy almal geken het en omdat Hy nie nodig gehad het dat iemand van die mens sou getuig nie; want **Hy self het geweet wat in die mens is.**"

Ef 2:1 "**En julle** het Hy lewend gemaak, **wat dood was deur die misdade en die sondes.**"

Alhoewel die innerlike mens 'n onsterflike geestelike wese (of geespersoon) is, is hy dood omdat hy sondig.

Rom 5:12 "Daarom, soos deur een mens **die sonde in die wêreld ingekom het** en deur die sonde die dood, en so **die dood tot alle mense deurgedring het**, omdat **almal gesondig het.**"

Rom 3:23 "...want almal het gesondig en dit **ontbreek hulle aan die heerlikheid van God...**"

Ps 51:7 "Kyk, **in ongeregtigheid** (sonde) **is ek gebore,** en in sonde het my moeder my ontvang."

Die Wêreld is nie die aarde nie, maar die mense wat daarop woon.

Jak 3:15&16 "Dít is nie **die wysheid** (van die wêreld) wat van bo kom nie, maar **is aards, natuurlik, duiwels;** want waar afguns en selfsug is, daar is wanorde en allerhande gemene dade."

uitbeelding van Satan en sy koninkryk is. 'Die vlees' in die liggaam van elke persoon oefen druk uit op die innerlike mens om 'die werke van die vlees' te doen.

Kyk & Leer!




Die 'werke van die vlees' is as volg:
Goddeloosheid, ongeregtigheid, onderdrukking van die waarheid, ontkenning van God, ondankbaarheid, dwaasheid, afgodery, onreinheid, aanbidding en die dien van die skepping meer as die Skepper, skandelike hartstogte, slegte gesindheid, hoerery, boosheid, hebsug, ondeug, afguns, moorddadigheid, debatvoering, bedrieglikheid, kwaadaardigheid, skinder, laster, haat God, moedswilligheid, trots, hoogmoed, uitdink van bose dinge, ongehoorsaamheid teenoor ouers, onverskilligheid, verbond breek, sonder natuurlike liefde, wreedheid, onbarmhartigheid, bedrog, egbreuk, skandelike gedrag, onteer hulself met die mensdom, diefstal, gierig, leuens, dronkenskap, belediging, afpersing, losbandigheid, towery, vyandskap, teenstrydigheid, nydigheid, toorn, twis, oproer, dwaalleer, ens.

As gevolg van sonde verouder die natuurlike liggaam en sterf, want God kan nie toelaat dat die bose mens vir ewig op aarde leef nie. Derhalwe het 'n dienaar van Satan nie die ewige lewe nie.

**Godsdienste en Humanisme**

Geen vorm van godsdiens of stelsel van aanbidding, wat in vleeslike verordeninge of enige goeie werke bestaan, kan die liggaam van 'die vlees' verlos nie. Ten spyte van al die mens se rituele en menslike pogings om homself te verbeter, bly hy in die koninkryk van Satan onder die wet van die sonde en die dood.

As die innerlike mens nie kan ophou sondig nie, wat is die nut om godsdiens te beoefen? Sy godsdiens is net

Die aarde is nie verantwoordelik vir ongeregtigheid nie, maar die mense wat daarop woon is onregverdig. Op dieselfde wyse is die innerlike mens verantwoordelik vir ongeregtigheid, nie die liggaam nie.

Joh 8:44 "**Julle het die duiwel as vader,** en die begeertes van julle vader wil julle doen..."

Ef 2:2 "waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van **die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk,**"

Sonde is derhalwe nie 'n demoon wat deur die mens uitgedryf kan word nie, want dit is die wet van die koninkryk van die duisternis. Satan regeer oor die innerlike mens deur die wet van die sonde.

Matt 12:34 "Addergeslag, **hoe kan julle goeie dinge praat terwyl julle sleg is**? Want uit die oorvloed van die hart praat die mond."

Joh 8:44 "**Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen.** Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af…"

**Skrif verwysings:**
Rom 1:24-32
1 Kor 6:9&10
Gal 5:19-21
Ef 5:3-5
2 Tim 3:1-5

1 Kor 6:10, Gal 5:21 en Ef 5:5: God sê dat hulle wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.

Die dood van die natuurlike liggaam kan nie die innerlike mens red van die bose natuur wat hy ontwikkel het nie. Omdat die innerlike mens boos is, moet hy in die hel geplaas word saam met Satan wie hy gedien het.

Gen 3:22 "…As hy nou maar nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en **eet en lewe in ewigheid nie!**"

Rom 8:8 "En **die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie**;"

Joh 8:34 "…Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle dat **elkeen wat die sonde doen, 'n dienskneg van die sonde is.**"


dooie werke wat hom nooit van die sonde wat in sy natuurlike liggaam woon, kan verlos nie.  Die innerlike mens dien Satan, ongeag sy godsdiens, want hy is 'n slaaf van 'die vlees'.

Om die mens van 'die vlees' te red moes God sonde uit die natuurlike liggaam verwyder, om sodoende die heerskappy van Satan oor die innerlike mens te beëindig.


Hulle dink omdat hulle goed doen dat hulle God dien, maar dit is nie waar nie. Ten spyte van al die goeie bedoelings en goeie werke, hou die 'werke van die vlees' nie op nie.  Goeie werke kanselleer nie die sonde wat hulle pleeg uit nie.

Rom 6:22  “Maar nou dat julle **vrygemaak is van die sonde** en diensbaar geword het aan God, **het julle jul vrug tot heiligmaking** en uiteindelik die ewige lewe.”


# OPSOMMING




**VRYHEID**
God het die mens geskape. Die mens het die vryheid gehad om te redeneer en keuses te maak volgens kennis. Hy moes sy Skepper gehoorsaam maar het gekies om Satan te gehoorsaam.





**SLAAF VAN SONDE**
Omdat die mens Satan gehoorsaam het, het sonde in sy liggaam gekom en so het die innerlike mens onder die wet van sonde gekom. Van toe af is hy in die koninkryk van Satan en die slaaf van sonde.




Wet van sonde & dood in die natuurlike liggaam

**VERDORWENHEID**
Namate sonde die innerlike mens verdorwe, word hy 'n deelgenoot van die sondige natuur en dus ook boosaardig.




NAGESLAGTE VAN ADAM

**SONDAARS**
Al die nageslagte van Adam is sondaars. Omdat hulle gebore word in 'die vlees' doen hulle die 'werke van die vlees'.




**BOOSHEID**
Die hele wêreld lê in die mag van die bose een. Die mense is dienskneg te van Satan omdat die wet van sonde en die dood in hul liggaam heers.

## HOOFSTUK 2

## DIE TWEEDE MENS CHRISTUS

### DIE WET VAN GOD OPENBAAR SONDE

Alhoewel die boosheid van die mens groot was op die aarde, kon God die mens nie oordeel nie, want waar daar geen wet is nie, is daar ook geen oortreding nie. Ten einde die mens se ongeregtigheid te oordeel, het God die wet gegee. Die wet van God het sonde geopenbaar, en dat alle mense sondaars is. Deur Israel het God bewys dat die mens 'n sondaar is en dat hy nie die Wet kan gehoorsaam nie.

Kyk & Leer!




Israel was God se mense, maar hulle kon die wet van God nie gehoorsaam nie as gevolg van sonde in die liggaam. Alhoewel hulle die Wet gehad het, het hulle aangehou om die 'werke van die vlees' te doen net soos die res van die wêreld. Die rede vir hulle ongehoorsaamheid was dat die sonde sterker is as kennis van die Wet.

Die wet van God kon dus nie sonde uit die liggaam verwyder nie, maar blaas dit aan en versterk dit want 'die vlees' (sonde) is vyandig teenoor God. Dit kan nie gehoorsaam of toegee aan die Wet nie.

Om gehoorsaamheid van die mens te verkry, moes God sonde uit die liggaam verwyder. Vir hierdie doel het God Sy Seun, Jesus, in 'n liggaam van die sonde gestuur om die liggaam van sonde te vernietig, sodat God 'n nuwe liggaam kon skep – sonder sonde – vir die innerlike mens om in te leef.

### JESUS HET IN 'DIE VLEES' GEKOM

Omdat die eerste mens – Adam – ongehoorsaam was aan God, het die sonde en die dood in die liggaam van

**VERWYSINGS EN KOMMENTARE**

Gen 6:5 "Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en **al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was,**"

Rom 4:15 "Want **die wet werk toorn**; maar **waar geen wet is nie,** daar **is ook geen oortreding nie.**"

Rom 3:19&20 "Nou weet ons dat alles wat **die wet** (van God) sê, hy dit sê vir die wat onder die wet (van sonde) is, **sodat elke mond gestop en die hele wêreld voor God doemwaardig kan wees;** aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want **deur die wet** (van God) **is die kennis van sonde.**"

Die wet van God en die wet van sonde is die twee kante van 'n muntstuk. Die wet van God bestaan net waar sonde bestaan.

Matt 12:34 "**Addergeslag**, hoe kan julle goeie dinge praat **terwyl julle sleg is?** Want uit die oorvloed van die hart praat die mond."

Joh 8:44 "Julle het die duiwel as vader, en **die begeertes van julle vader wil julle doen**…"

Israel was die eksperiment wat bewys dat die mens God nie kan gehoorsaam nie.

Sinnebeeld: Jy kan nie vir 'n hond sê om hom soos 'n kat te gedra nie, want dit is teen sy natuur. Om dieselfde rede kan jy nie vir 'n sondaar sê om soos 'n heilige te leef nie, want dit is teen sy natuur.

Rom 8:3 "Want God het **wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees** (sonde) deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, **die sonde veroordeel in die vlees** (liggaam)"


Gal 4:4&5 "Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, **gebore onder die wet** (van sonde), **om die wat onder die wet** (van sonde) **was, los te koop,** sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang."

Matt 1:21 "en sy sal 'n seun baar, en **jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.**"

Rom 5:12 "Daarom, soos deur een mens **die sonde in die wêreld ingekom het** en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het."

Adam gekom. In die volheid van die tyd het God besluit om 'n einde te maak aan die bedeling van sonde om 'n nuwe bedeling van geregtigheid te begin. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn in die liggaam van Adam.

Kyk & Leer!





Die Seun van God het die seun van die mens geword toe Jesus, die Innerlike Mens, gebore is in die liggaam van die sonde. Die volmaakte Innerlike Mens was toe in die koninkryk van Satan onder die wet van die sonde en die dood. Dit maak Jesus die enigste regverdige Innerlike Mens in 'n liggaam van sonde. Hy was nie 'n dienaar van Satan nie, en ook nie 'n sondaar soos ander mense nie.

**Jesus moes kies**

Jesus, die Innerlike Mens, was volmaak net soos die innerlike mens Adam was voordat hy ongehoorsaam geword het aan God. Omdat Jesus in 'n liggaam van sonde gebore is, was Hy ook in 'die vlees' net soos alle ander mense.

Kyk & Leer!




Omdat Jesus in die liggaam van Adam was, kon Hy versoek word deur Satan en gedruk word deur die sonde om ongehoorsaam te wees aan God. Gedurende Sy lewe in 'die vlees' het Jesus, Satan en die sonde in Sy liggaam weerstaan. As Hy toegegee het aan die

Rom 5:17 "Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood (sonde) geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van **die gawe van die geregtigheid ontvang**, in die lewe heers (nie sondig) deur die Één, Jesus Christus."

Gal 3:22 "Maar **die Skrif** (die wet van God) **het alles ingesluit onder die sonde** (beide Jode & Heidene)…"

Heb 2:17 "Daarom moes Hy **in alle opsigte aan sy broeders gelyk word,** sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen."

Net soos Moses Egipte moes ingaan, Farao oordeel en Israel uit Egipte verlos, was dit ook nodig vir Jesus om in die liggaam van sonde te gaan, Satan te oordeel en die innerlike mens te bevry van die liggaam van sonde.

Hand 3:22 "Want Moses het tot die vaders gespreek: Die Here julle God sal vir julle **'n Profeet** verwek uit julle broeders **net soos ek** is; na Hom moet julle luister volgens alles wat Hy met julle sal spreek."

Alhoewel Moses as 'n Jood gebore is in Egipte, was hy nooit die slaaf van Farao en Egipte soos sy mede-Jode nie. Op dieselfde wyse was Jesus (alhoewel gebore in 'die vlees') nooit die slaaf van Satan en die wet van sonde nie.

Joh 1:14 "En die Woord **het vlees geword** en het onder ons gewoon…"

Gal 4:4 "Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, **gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet** (wet van sonde),"

Joh 10:1&2 "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, **wie nie by die deur** in die skaapstal **ingaan nie**, maar van 'n ander kant af inklim, hy **is 'n dief en 'n rower.** Maar **hy wat by die deur ingaan, is 'n herder** van die skape."

In teenstelling met Satan wat in die liggaam van 'n slang verskyn het om die innerlike mens te mislei, is Jesus as 'n mens gebore om die innerlike mens te verlos. Omdat die liggaam van die mens onder die wet van sonde en die dood is, is die Seun van God ook gemanifesteer in 'n liggaam van sonde wat kon oud word en doodgaan.

Mark 3:27 "Niemand kan in die **huis van 'n sterk man** (huis van Satan) ingaan en sy goed roof as hy nie eers die sterk man boei nie; en dan sal hy sy huis berowe."

Heb 4:15 "…maar een **wat in alle opsigte versoek is net soos ons**, maar sonder sonde."

Heb 5:8 "Hy, al was Hy die Seun, **het gehoorsaamheid geleer** uit wat Hy gely het;"

liste en begeertes van 'die vlees', sou Hy ook ongehoorsaam en 'n sondaar soos Adam word.


Jesus was die laaste Adam want Hy het van God gekom, net soos die eerste Adam ook sy oorsprong van God gehad het. Hy moes aan God getrou bly, want as Hy een keer gesondig het, sou Hy die dienaar van Satan en 'n slaaf van die sonde in Sy liggaam geword het, net soos Adam.

## DIE EERSTE LIGGAAM WORD VERWYDER

### Sonde veroordeel en die liggaam vernietig

Jesus moes gehoorsaam bly aan God gedurende allerhande lyding en versoekinge totdat God gereken het dat Hy Satan en die sonde oorwin het. Omdat Jesus Satan oorwin het, het die liggaam van sonde Sy eiendom geword. Maar, Jesus kon nie aanhou leef in die liggaam van sonde nie, want Hy sou gely het onder die druk van sonde in Sy sterflike liggaam terwyl die liggaam verouder en uiteindelik sterf. Dit is hoekom Sy liggaam gekruisig (vernietig) moes word sodat God 'n nuwe liggaam sonder sonde vir Hom kon skep om in te woon.

Kyk & Leer!




Aan die kruis is die liggaam van sonde vernietig en so is die aanhoudende druk op die Innerlike Mens om te sondig, beëindig. Toe die liggaam van Jesus sterf, is die wet van die sonde tot niet gemaak. Die dood is ook oorwin deur die opstanding in die nuwe liggaam.

## DIE SKEPPING VAN DIE TWEEDE LIGGAAM

### Vryheid van die sonde

Omdat Jesus, die Innerlike Mens, nooit gesondig het nie, het God vir Hom 'n nuwe liggaam sonder die sonde gegee. Omdat die nuwe liggaam sonder sonde

Heb 5:7 “Hy wat **in die dae van sy vlees** gebede en smekinge met sterk **geroep en trane** aan Hóm geoffer het **wat Hom uit die dood kon red,** en **ook verhoor is uit die angs.**”

1 Kor 15:45 “…Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; **die laaste Adam** (Jesus) 'n lewendmakende Gees.”

Fil 2:8 “en in gedaante gevind **as 'n mens**, het Hy Homself verneder deur **gehoorsaam te word tot die dood toe**…”

Joh 16:11 “en van oordeel, omdat **die owerste van hierdie wêreld geoordeel is.**”

Rom 6:6 “…sodat **die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word**…”

2 Kor 5:21 “Want Hy **het Hom** wat geen sonde geken het nie, **sonde vir ons gemaak,** sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.”

Rom 8:3 “Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur sy eie Seun **in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees,**”

Ef 2:15&16 “deurdat Hy **in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak** het, naamlik **die wet van gebooie** wat in insettinge bestaan (**wat die sonde openbaar**); sodat Hy, deur vrede te maak, die twee (Heidene & Jode) **in Homself** tot een nuwe mens kon skep en albei **in een** (nuwe) **liggaam** met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan **die vyandskap** (sonde) **doodgemaak het.**”

1 Joh 3:8 “…Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, **om die werke van die duiwel te verbreek.**”

Toe die liggaam van sonde sterf, het die wet van sonde geëindig en so is die wet van God vervul. Toe die nuwe liggaam tot stand kom, het 'n nuwe wet, die wet van vryheid, in werking getree.

Heb 10:20 “op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het **deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees,**”

Dit is 'die vlees' (sonde) wat die innerlike mens van God skei.


Rom 5:10 “Want as ons, terwyl ons nog vyande was, **met God versoen is deur die dood van sy Seun,** veel meer sal ons deur sy lewe (Hy is 'n lewe-gewende gees) **gered word** nou dat ons versoen is.”

Jesus Christus is die 'eersgeborene uit die dood' (Kol 1:18) en die Hoof van God se nuwe skepping, net soos Adam die 'eersgeborene' en hoof van die ou skepping was. In die nuwe liggaam is daar geen sonde, en gevolglik geen dood nie.

en die dood is, leef Jesus, die Innerlike Mens, in vryheid.

Die nuwe liggaam is die liggaam van Christus net soos die ou liggaam die liggaam van Adam was.  Net soos die ou liggaam die huis van Satan was, so is die nuwe liggaam nou die huis van God.  Jesus is Christus, die tweede Mens en die eersgeborene van God se nuwe skepping.  Die nuwe liggaam is die erfdeel en die ewige lewe wat God belowe.

Kyk & Leer!




Wat verkeerd geloop het in die eerste liggaam, het God herstel deur 'n tweede liggaam te skep.  Die ou liggaam is sondig, en die nuwe liggaam is sonder sonde.  Die verskil tussen Jesus – die laaste Adam – en Jesus Christus – die nuwe mens – is die liggaam.

**JESUS – DIE HERE EN CHRISTUS**

**Gehoorsaamheid**

God se werking was met Sy twee seuns, naamlik Adam en Jesus.  Deur ongehoorsaamheid het Adam veroorsaak dat sy liggaam 'n instrument van ongeregtigheid word; Jesus het deur Sy gehoorsaamheid veroorsaak dat Sy liggaam 'n instrument van geregtigheid word.

Nou roep God alle sondaars, wat in die liggaam van Adam leef, om weer gebore te word in die liggaam van Christus en kinders van gehoorsaamheid te word deur geloof in Christus.

Net soos Adam in die begin 'gehuisves' is in 'n natuurlike liggaam, so is Christus die Seun van God, nou 'geklee' in 'n geestelike liggaam.  Hierdie nuwe liggaam is die kroon van die lewe en ewige lewe.

Rom 5:21  “sodat, soos **die sonde geheers het in die dood**, so ook **die genade kan heers deur die geregtigheid tot die ewige lewe** deur Jesus Christus, onse Here.”

Heb 9:28  “so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is… **vir die tweede maal sonder sonde verskyn**…”

Joh 11:25  “Jesus sê vir haar: **Ek is die opstanding en die lewe**…”

Ef 4:24  “en julle met die nuwe mens moet beklee **wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.**”

Hand 2:36  “…**weet dat God Hom Here en Christus gemaak het,** hierdie **Jesus** wat julle gekruisig het.”


Rom 6:13  “En **moenie julle lede** (liggame) **stel** tot beskikking van die sonde **as werktuie van ongeregtigheid nie,** maar **stel julleself tot beskikking van God as mense wat** uit die dode **lewend geword het,** en **julle lede** (liggame) **as werktuie van geregtigheid** in die diens van God.”

Hierdie is die roeping van God in Christus aan alle mense.


# OPSOMMING





**SONDE GEOPENBAAR**
Die wet van God is gegee om sonde te openbaar. Die wet bewys aan alle mense dat hulle sondaars is en redding nodig het. Die onderhouding van die wet verlos nie die mens van 'die vlees' nie.





**JESUS HET IN 'DIE VLEES' GEKOM**
Jesus, die Woord of God, is soos alle mense gebore in die liggaam van Adam. Hy was toe in die koninkryk van Satan onder die wet van sonde en dood. Al was Hy in 'n liggaam van sonde het Hy nooit toegegee aan Satan en sonde nie.




**JESUS IN DIE HUIS VAN SATAN**
Toe die Gees van God oor Jesus kom, het Hy teen Satan en sonde opgestaan. Hy het Satan oorwin in the Wildernis asook alle sonde gedurende Sy drie jaar van bediening. Deur Sy gehoorsaamheid aan God het Jesus Satan oorwin en die mag van sonde in Sy liggaam verbreek.




**LIGGAAM VAN SONDE VERNIETIG**
Toe Jesus gekruisig is, is die sonde veroordeel en die huis van Satan vernietig.




**LIGGAAM SONDER SONDE GESKEP**
Nadat die liggaam van die **eerste mens**, Adam, vernietig is, het God aan Jesus 'n nuwe liggaam sonder sonde gegee. Dit is die nuwe liggaam wat Jesus die **tweede mens**, Christus maak.

## HOOFSTUK 3

## DIE REALITEIT VAN CHRISTUS


Deur Jesus Christus het God die bedeling van sonde beëindig en die bedeling van geregtigheid begin. Die waarheid is dat God die heerskappy van Satan beëindig het in die liggaam van Adam, en die heerskapy van God begin het in die liggaam van Christus.

Al die nageslagte van Adam wat sonde ervaar kan nou geregtigheid ervaar. Wanneer die innerlike mens in die liggaam van Adam is, ondervind hy die invloed van 'die vlees'. Wanneer hy in die liggaam van Christus is, ondervind hy die invloed van 'die Gees'.

### WAT JESUS VIR GOD EN HOMSELF GEDOEN HET

Omdat sonde in die natuurlike liggaam van Adam woon, en sonde die innerlike mens verdorwe, is Jesus in die liggaam van die sonde gestuur om Satan te oorwin en die liggaam van die sonde te vernietig.

Kyk & Leer!




In teenstelling met Adam, is Jesus se innerlike mens weens sy gehoorsaamheid aan God nie deur sonde verderf nie. Dit het God geregverdig om 'n nuwe liggaam vir Hom te skep om in te woon. Die natuurlike liggaam van Jesus was sterflik, maar na Sy

**VERWYSINGS EN KOMMENTARE**

Rom 5:19 "Want soos deur die **ongehoorsaamheid** van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die **gehoorsaamheid** van die Één baie tot regverdiges gestel word."

1 Joh 3:8 "**Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel,** want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, **om die werke van die duiwel te verbreek.**"

Heb 2:14 "Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, **sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak** wat mag oor die dood het**—dit is die duiwel –"**

Heb 10:9&10 "het Hy daarna gesê: Kyk, Ek kom om u wil te doen, o God. **Hy neem die eerste** (liggaam van Adam) **weg om die tweede** (liggaam van Christus) **te stel.** Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal."

Rom 6:6&7 "aangesien ons dit weet dat ons **oue mens** saam gekruisig is, sodat die **liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word** en ons nie meer die sonde sou dien nie. Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde."

1 Kor 15:53 "Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie **sterflike** moet met **onsterflikheid beklee** word."
1 Kor 15:44 "…Daar is 'n **natuurlike liggaam**, en daar is 'n **geestelike liggaam."**

Rom 8:3 "Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, **die sonde veroordeel in die vlees** (in die liggaam),"

Heb 9:28 "so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir **die tweede maal sonder sonde** (in die liggaam) **verskyn** aan die wat Hom verwag **tot saligheid** (van die dood)."

Heb 2:10 "Want dit het Hom betaam, ter wille van wie alle dinge en deur wie alle dinge is, as Hy baie kinders na die heerlikheid wou bring, om die bewerker (Jesus) van hulle saligheid **deur lyde te volmaak."**

Heb 5:8&9 "**Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer** uit wat Hy gely het; en nadat Hy volmaak is, het Hy vir **almal wat Hom gehoorsaam is,** 'n bewerker van ewige saligheid geword."

opstanding het Sy liggaam onsterflik geword. Die nuwe liggaam het dus ewige lewe.

## DIE KRUIS

### Die Liggaam

Omdat die liggaam van die mens onder die wet van die sonde en die dood is, heers Satan oor die innerlike mens deur die sonde. God onderskei dus tussen die natuurlike liggaam en sonde wat in die liggaam woon. Om hierdie rede, wys die diagram (sien bladsy 15) ook na die sonde en die liggaam afsonderlik op die kruis. Toe die liggaam van sonde vernietig is aan die kruis, het twee dinge gelyktydig gebeur: Eerstens, is die sonde geoordeel. Tweedens, is die liggaam van Jesus van die sonde gereinig. God was toe geregverdig om die natuurlike liggaam van Jesus op te wek in onsterflikheid, en sodoende is die dood ook oorwin.

### Die Innerlike Mens

Die Innerlike Mens is die Woord van God wat as Jesus gemanifesteer het in 'n liggaam van sonde. Jesus die Innerlike Mens moes gehoorsaam bly aan God, en nie sondig nie. Alhoewel Hy onder baie beproewinge en vervolginge gely het, selfs tot die dood aan die kruis, het Hy gehoorsaam gebly. Toe die sonde veroordeel is, is die liggaam gereinig. Jesus is toe in Sy liggaam en innerlike mens volmaak bevind, daarom het God Hom beide Here en Christus gemaak.

Geen mens het enige aandeel in God se plan gehad om die nuwe mens voort te bring nie. Hierdie daad van God was tussen die Vader en die Seun deur die krag van die Heilige Gees. Christus is dus the eerste mens van God se nuwe skepping, net soos Adam die eerste mens van God se ou skepping was.

## WAT GOD VIR DIE MENSDOM GEDOEN HET

Toe Jesus opgevaar het na die hemel om aan die regterhand van God te sit as die Lam, is die Heilige Gees beskikbaar gemaak om die sonde in die liggaam van die mens te vervang.

Net soos die sonde tot die dood toe heers, so heers genade tot die ewige lewe. Genade word ontvang deur geloof in Jesus, en nie deur wetsgehoorsaamheid of enige goeie werk wat die mens doen nie.

Heb 10:5 "Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom: Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar **U het vir My 'n liggaam berei.**"

Heb 10:10 "Deur hierdie wil is ons **geheilig deur die offer van die liggaam** van Jesus Christus, net een maal."

Rom 8:3 "Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, **die sonde veroordeel in die vlees** (liggaam),"

Sien Lev 16:8-10 en 21&22: Ons lees van twee bokke. Die een bok verteenwoordig sonde, (wat tot niet moet gaan) en die ander bok is 'n heilige offer aan God. Die bok wat in die wildernis gestuur word dra al die sonde van die mense. Op dieselfde manier dien die kruisiging van Jesus as 'n offer aan God, en 'n versoening vir sonde.

Sien Lev 14:5-7: Ons lees van twee duiwe. Die een duif verteenwoordig Jesus as die seun van die mens wat moes sterf, terwyl die ander duif Jesus as die Seun van God verteenwoordig wat vry gaan.

Joh 1:14 "En **die Woord** (Innerlike mens) het vlees geword en het onder ons gewoon…"

Hand 2:36 "Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet dat **God Hom Here en Christus gemaak het,** hierdie **Jesus wat julle gekruisig het.**"

Joh 1:13 "wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, **maar uit God gebore is.**"

Heb 10:9&10 "het Hy daarna gesê: Kyk, Ek kom **om u wil te doen, o God.** Hy neem die eerste weg om die tweede te stel. Deur hierdie **wil** is ons geheilig…"

Hand 2:33 "Nadat Hy dan **deur die regterhand van God verhoog is** en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, **het Hy dít uitgestort, wat julle nou sien en hoor.**"
Rom 8:2 "Want die wet van **die Gees** van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van **die sonde** en die dood."


Rom 5:21 "sodat, soos **die sonde geheers het** in die dood, so ook die **genade kan heers** deur die geregtigheid tot die ewige lewe deur Jesus Christus, onse Here."
Ef 2:8&9 "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; **nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.**"

## GENADE

### Die Heilige Gees

Die teenwoordigheid van die Heilige Gees in die liggaam van 'n gelowige maak dit moontlik vir die innerlike mens om met sy siel te verstaan, en met sy gees die werklikheid van die liggaam van Christus te ervaar – dat hy weer gebore is.

Kyk & Leer!




Wanneer die sonde in die liggaam woon, is die liggaam van die mens die koninkryk van Satan en wanneer die Heilige Gees in die liggaam woon, is die liggaam van die mens die koninkryk van God. Die mens-natuur van die fisiese liggaam bly egter onveranderd.

Die sonde in die liggaam word 'die vlees' genoem en die Heilige Gees in die liggaam word 'die Gees' genoem. 'Die vlees' is 'n bose natuur in die liggaam en 'die Gees' is 'n goddelike natuur in die liggaam. Dit is die teenwoordigheid van die Heilige Gees in die liggaam wat die liggaam van Christus 'n werklikheid maak vir die innerlike mens.

Die bogenoemde kan vergelyk word met 'n doringboom wat deur God verander word in 'n vrugteboom. Die doringboom kan nie vrugte dra nie en die vrugteboom kan nie dorings dra nie. Eweneens, die innerlike mens wat in 'n liggaam van sonde is, sondig en die innerlike mens wat in die liggaam van Christus is, sondig nie.

Alhoewel die Heilige Gees die liggaam van die sonde verander na die liggaam van Christus, het die innerlike mens vergifnis nodig vir sy sondes van die verlede. Vir die vergifnis van sondes word 'n dood en bloed vereis.

Hand 2:38 "…Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en **julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.**"

Heb 10:10 "…is ons **geheilig** deur die offer van **die liggaam** van Jesus Christus, net een maal."

Heb 10:4 "want die **bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die sonde wegneem.**"

Die bloed van Jesus werk vergifnis, maar die liggaam van Jesus neem sonde weg.

Kol 1:27 "…dit is Christus onder julle, **die hoop van die heerlikheid.**"

Ef 1:13&14 "in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, **verseël is met die Heilige Gees van die belofte**, wat **die onderpand is van ons erfdeel** (die nuwe liggaam) om **sy eiendom** (die ou liggaam) te verlos tot lof van sy heerlikheid."

1 Kor 6:19 "Of weet julle nie dat **julle liggaam** 'n tempel is van **die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het**, en dat **julle nie aan julself behoort nie?**"

Die twee liggame kan vergelyk word met Egipte en Kanaän. Die wet van Farao heers in Egipte, en die wet van God heers in Kanaän.

Die natuur van 'die vlees' en die natuur van 'die Gees' beïnvloed slegs die natuur van die innerlike mens en nie die menslike natuur van die liggaam nie.

Rom 8:9 "julle is egter **nie in die vlees nie, maar in die Gees, as** naamlik **die Gees van God in julle woon**…"

Luk 6:43&44 "Want **dit is nie 'n goeie boom wat slegte vrugte dra nie,** en ook nie 'n slegte boom wat goeie vrugte dra nie. Want elke boom word geken aan sy eie vrugte…"


Matt 7:17&18 "**So dra elke goeie boom goeie vrugte**; maar 'n slegte boom dra slegte vrugte. 'n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom ook geen goeie vrugte nie."

2 Kor 5:17 "Daarom, **as iemand in** (die liggaam van) **Christus is**, is hy '**n nuwe skepsel;** die ou dinge het verbygegaan, **kyk, dit het alles nuut geword.**"

**Die Lam**

God vereis 'n dood vir die verwydering van die sonde, en 'n bloed offer vir die vergifnis van sondes van die innerlike mens. Jesus is daardie tweeledige offer. Hy is geoffer as die Lam van God om die liggaam van die sonde te versoen met God, en om boete te doen vir die sondes van die innerlike mens deur Sy bloed. Die innerlike mens kry dus 'n tweede kans en ontvang 'n nuwe begin.

Kyk & Leer!




Die liggaam van Jesus bring vryheid van sonde mee

Nadat God die sonde in die liggaam van Jesus veroordeel het, is 'n liggaam sonder sonde geoffer. Hierdie offer regverdig God om die sonde uit die liggaam van 'n gelowige te verwyder en te vervang met die Heilige Gees. Wanneer die Heilige Gees in die liggaam woon, is die liggaam vry van die wet van die sonde en die dood want die wet van die Gees van die lewe heers in die liggaam. As gevolg van hierdie feit ervaar die innerlike mens dat hy weer gebore is. Wedergebore beteken dat die innerlike mens in 'n liggaam onder 'n nuwe wet is.

Die bloed van Jesus bring vergifnis van sondes mee

Die bloed van Jesus is Sy lewe wat Hy geoffer het. Toe Jesus gekruisig is, het 'n regverdige Innerlike Mens gely vir die sondes van die onregverdiges. Dit is omdat die Regverdige vir die onregverdige gely het,

Joh 1:29 “Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Dáár is **die Lam van God wat die sonde** van die wêreld **wegneem**!”
Heb 9:12 “ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar **met sy eie bloed**, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n **ewige verlossing teweeggebring.**”
Rom 5:11 “En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in God **deur onse Here Jesus Christus**, deur wie ons nou die versoening verkry het.”

1 Pet 1:19 “maar deur die kosbare **bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos,**”

Nagmaal:
Sien 1 Kor 11:23-26: Die ongesuurde brood verwys na die sondelose liggaam van Jesus wat geoffer is en die wyn verwys na die bloed (die lewe) van Jesus wat gestort is.

1 Pet 1:3&4 “…God …wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode, **sodat ons 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike** (ewige lewe) **erfenis** (die liggaam) **kan verkry,** wat in die hemele bewaar is vir ons.” (Sien Heb 9:15)

Ef 1:13&14 “in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, **verseël is met die Heilige Gees van die belofte**, wat **die onderpand is van ons erfdeel**…”

Die onderpand is die liggaam wat die gelowige ontvang as sy ewige erfenis. Die Heilige Gees maak die liggaam van die gelowige die liggaam van Christus hier en nou – dit is 'n werklikheid.

2 Kor 3:17 “Die Here is die Gees, en **waar die Gees van die Here is, daar is vryheid.**”

Rom 6:6&7 “aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en **ons nie meer die sonde sou dien nie.** Want hy wat gesterf het, **is geregverdig** (verlos) **van die sonde.**”

1 Pet 2:24 “wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, **sodat ons** die sondes kan afsterwe en **vir die geregtigheid lewe;** deur wie se wonde julle genees is.”

Kol 1:21&22 “Ook julle wat vroeër vervreemd was en **vyandig gesind deur die bose werke,** het Hy nou **versoen in die liggaam van sy vlees** deur die dood, **om julle heilig en sonder gebrek en onberispelik voor Hom te stel;**”

Ef 2:1 “**En julle het Hy lewend gemaak,** wat dood was deur die misdade en die sondes”

Rom 3:25 “Hom het God voorgestel in **sy bloed** as '**n versoening deur die geloof,** om sy geregtigheid te bewys **deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God**” (Sien 2 Pet 1:9)

dat die bloed van Jesus God regverdig om die sondige innerlike mens se sondes van die verlede te vergewe. Die storting van Sy bloed versoen die sondes van die innerlike mens.

Uit bogenoemde kan ons aflei dat wanneer die uiterlike mens gereinig is van sy bose natuur deur die Heilige Gees, en die sondes van die innerlike mens vergewe is, behoort die persoon nie meer 'n skuldige gewete te hê nie.


Die persoon wat weer gebore is, is heilig, en 'n heilige sondig nie.  Jy kan hierdie werklikheid ervaar as jy die waarheid glo.

Hand 3:19  "**Kom dan tot inkeer** en **bekeer** julle, **sodat julle sondes uitgewis kan word** en **tye van verkwikking** van die aangesig **van die Here** (die Heilige Gees) **mag kom,**"

Heb 10:2  "...omdat die wat die diens verrig, nadat hulle een maal gereinig is, **geen bewussyn meer van sondes sou gehad het nie.**"


Hand 20:21  "terwyl ek kragtig by die Jode sowel as die Grieke aangedring het op die **bekering tot God en die geloof in onse Here Jesus Christus.**"

# OPSOMMING





**SKEPPING VAN DIE TWEEDE LIGGAAM**
Jesus is gebore in die liggaam van die eerste mens, Adam. Hy het gesterf aan die kruis en is opgewek in 'n nuwe liggaam as die tweede mens, Christus. Die eerste liggaam sterf weens sonde. Die nuwe (tweede) liggaam besit ewige lewe omdat daar geen sonde is nie.

Nota: Dieselfde innerlike mens Jesus wat gebore is in die liggaam van Adam het opgestaan in die liggaam van Christus.




**DIE GEES VAN DIE LEWE**
Dit is die wet van die Gees van die lewe wat die liggaam verlos van die wet van die sonde en die dood. Deur die inwonende Heilige Gees word die liggaam van sonde die liggaam van Christus.




**DIE ERVARING VAN WEDERGEBOORTE**
Die innerlike mens wat dood was teenoor God weens die sonde, is nou lewend teenoor God as gevolg van geregtigheid.

Nota: 'n Sondaar is dood omdat hy sondig en 'n heilige is lewend omdat hy nie sondig nie.


## SLOTSOM

### DIE BEGINSEL VAN WEDERGEBOORTE

Die eerste mens, Adam, het gesondig. Die tweede mens, Jesus Christus, het nie gesondig nie. God se boodskap aan die mens is dat Hy 'n nuwe mens geskep het.

### JESUS MOES WEER GEBORE WORD


Kyk & Leer!





Jesus moes weer gebore word in 'n nuwe liggaam. Die Innerlike Mens, Jesus, het in die wêreld gekom in die liggaam van Adam en toe sy liggaam sterf, het God Hom uit die graf opgewek in die liggaam van Christus. Jesus was toe in 'n nuwe liggaam en die eersgeborene van God se nuwe skepping. Dieselfde Innerlike Mens wat in 'n liggaam van sonde gewoon het, woon nou in 'n liggaam sonder sonde.

### JY MOET WEER GEBORE WORD

Kyk & Leer!




Die Heilige Gees is aan ons gegee om die ervaring van die wedergeboorte 'n werklikheid te maak. Wanneer

**VERWYSINGS EN KOMMENTARE**

Hand 2:36 "…dat **God Hom** (Jesus) **Here** (innerlike mens) **en Christus** (liggaam) **gemaak** het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het."

**Let op:**
Dit is dieselfde regverdige Innerlike Mens, Jesus, wat opgewek is in 'n nuwe liggaam. Omdat Jesus Satan, sonde en die dood oorwin het, het God hom Here gemaak van almal en Christus.

Kol 1:13 "Hy wat ons verlos het uit die **mag van die duisternis** en oorgebring het in **die koninkryk van die Seun** van sy liefde,"

**Let op:**
Omdat die Heilige Gees in jou liggaam woon, is jou innerlike mens in die koninkryk van God onder die wet van die Gees van die lewe, en nie meer in die koninkryk van Satan onder die wet van die sonde en die dood nie. In die koninkryk van God sondig jy nie.

Rom 6:22&23 "Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde… **Want die loon van die sonde is die dood,** maar **die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.**"

**Let op:**
Sodra jy weer gebore is moet jy 'n sondelose lewe leef.

Rom 6:6 "aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, **sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons** (die innerlike mens) **nie meer die sonde sou dien nie.**"

die Heilige Gees jou liggaam binnekom, word jou liggaam die liggaam van Christus.  Die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus verlos jou liggaam van die wet van die sonde en die dood.

**ONDERSOEK JOUSELF**

**Het jy die Heilige Gees ontvang?**

Kyk & Leer!




As jou antwoord, “Nee,” is, moet jy jou bekeer, God glo en Jesus as jou Here en Saligmaker aanneem – want slegs dan sal God jou sondes van die verlede vergewe en die Heilige Gees aan jou gee.  Sonder die Heilige Gees is jy nie weer gebore nie.

As jy antwoord, “Ja, ek het die Heilige Gees,” antwoord dan die volgende vraag:

**Het jy opgehou om te sondig?**

Kyk & Leer!



’n Sondaar sondig    ’n Heilige sondig nie

As jou antwoord, “Nee,” is, het jy nodig om jou te bekeer en God te glo. God sê dat iemand wat uit Hom gebore is geen sonde doen nie. (1 Joh 3:9)  Die enigste rede waarom iemand nog sondes doen, is omdat die innerlike mens nie die waarheid ken of glo nie.

As jy antwoord, “Ja, ek het opgehou om te sondig,” dan mag jy nie opsetlik enige sonde doen nie.

As jy enigsins onseker is of jy wedergebore is of nie, beveel ons aan dat jy opnuut begin deur met God daaroor te praat en jou lewe opnuut aan Hom toe te

Rom 8:2  “Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus **het my vrygemaak** van die wet van die sonde en die dood.”

Hand 19:2  “**en hulle gevra: Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het?** En hulle antwoord hom: Ons het nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie.”

Baie dink dat hulle Christene is omdat hulle gebore en grootgemaak is in die Christelike geloof, maar is onbewus van die feit dat hulle die Heilge Gees moet ontvang om weer gebore te word.

In Joh 3:3 het Jesus aan Nikodemus gesê: “ **as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.**” As jy weer gebore is, maak die Heilige Gees jou vry van sonde en bemagtig Hy jou om nie meer te sondig nie.

2 Tess 2:13&14  “…dat **God julle** van die begin af **verkies het** tot saligheid in heiligmaking van die Gees en geloof in die waarheid, waartoe Hy julle geroep het deur ons evangelie **om die heerlikheid van onse Here Jesus Christus te verkry.**”

1 Joh 3:3  “En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, **reinig homself soos Hy rein is.**”

1 Joh 3:5&6  “En julle weet dat Hy verskyn het om ons sondes weg te neem, en geen sonde is in Hom nie.  **Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie.**”

As jy weer gebore is maar nog steeds 'die werke van die vlees' doen, moet jy jouself ondersoek want God se Woord leer ons dat diegene wat in Christus is, het 'die werke van die vlees' gestop. (Gal 5:24)

1 Joh 3:10  “Hierin is die kinders van God en die kinders van die duiwel openbaar: **elkeen wat die geregtigheid nie doen nie, is nie uit God nie,** en hy ook wat sy broeder nie liefhet nie.”

Heb 10:26&27  “Want **as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie,** maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer.”

Joh 3:3  “Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, **as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.**”

vertrou. Onthou: God kan nie lieg nie! Wat jy Hom ookal in geloof vra, sal jy ontvang!

**GEBED VIR VERLOSSING VAN SONDE**

*Hemelse Vader,*
*Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is wat aan die kruis gesterf het vir my sondes. Ek glo dat U Hom laat opstaan het uit die dood en dat Hy aan U regterhand sit. Vader, vergewe my al my sondes en gee aan my die Heilige Gees om my vry te maak van sonde.*

*Here Jesus,*
*Ek is jammer dat ek my lewe geleef en bestuur het, met geen respek vir U nie. Ek vra U nou om Here van my lewe te wees en om my deur die Woord te lei.*

*Heilige Gees van God,*
*U is die heerlikheid en die krag van die lewende God. Kom vul my lewe met U teenwoordigheid. Leer my in U wysheid en help my om gehoorsaam te word aan God.*

*Vader,*
*Deur geloof ontvang ek nou U genade.*
*In Jesus naam. Amen.*

**Onthou! God kan nie lieg nie.**

Wat jy gevra het, het jy ontvang. Jou sondes is vergewe en die Heilige Gees woon nou in jou liggaam!

Gaan vertel twee of drie mense dat jy Jesus as jou Here en Verlosser aanvaar het. Vertel hulle dat jy weer gebore is deur die Heilige Gees.

**As jy glo, sal jy almal vertel.**

*"Want met die hart glo ons tot geregtigheid*
*en met die mond bely ons tot redding."*
*(Rom 10:10)*

Dit is eintlik baie eenvoudig om te verstaan, want geloof sonder werke is dood.

Die Here Jesus seën en beskerm jou!!!

Ef 2:8-10 "Want uit genade is julle **gered, deur die geloof,** en dit nie uit julleself nie: dit is **die gawe van God;** nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. Want ons is sy maaksel, **geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.**"

Rom 10:11&13 "Want die Skrif sê: **Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie. Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.**"

2 Kor 3:17 "**Die Here is die Gees,** en **waar die Gees van die Here is, daar is vryheid.**"

Luk 11:13 "…hoeveel te meer sal **die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid**?"

Deut 19:15 "…**op die verklaring van twee getuies of op die verklaring van drie getuies sal 'n saak van krag wees.**"

2 Kor 5:7 "Want **ons wandel deur geloof** en nie deur aanskouing nie."

Jes 7:9 "…**As julle nie glo nie**—voorwaar, dan **sal julle nie bevestig word nie!**"

# AFDELING
# TWEE

## DIE EVANGELIE VAN JOU REDDING

**In hierdie afdeling wil ons uitlig:**

- Die stappe wat nodig is om 'n sondaar te verander in 'n seun van God;
- Dat die redding van 'n mens gebaseer is op 'n sekere patroon;
- Dat geloof in, en gehoorsaamheid aan, die evangelie nodig is voordat die innerlike mens rus sal ervaar van sy sondes.

**Bid gereeld hierdie gebed geneem uit Efésiërs 3:14-21:**

"Om hierdie rede buig EK ..............................................
*"(Plaas jou naam hierbo asseblief)"*
my knieë voor die Vader van MY Here Jesus Christus,
van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang,
dat U aan MY mag gee na die rykdom van sy heerlikheid
om met krag versterk te word deur U Gees in MY innerlike mens,
sodat Christus deur die geloof in MY hart kan woon,
EK wat in die liefde gewortel en gegrond is,
en EK in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp
wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is,
(die mate van Sy inwoning)
en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref,
sodat EK vervul kan word tot al die volheid van God.
En aan U wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink,
volgens die krag wat in MY werk,
aan U die heerlikheid in die gemeente in Christus Jesus
deur alle geslagte tot in ewigheid!"
*AMEN.*

## HOOFSTUK 4

## DIE WYSE VAN REDDING


Die redding van die mens is gebasseer op die patroon wat God ingestel het toe Hy Israel uit Egipte verlos het, deur die Wildernis van Sin na Kanaän. Dieselfde stappe is nodig om 'n sondaar, wat 'n seun van Satan is, in 'n seun van God te verander. God kan nie, en sal nie, van hierdie patroon afwyk nie.

### DIE WÊRELD

Elke innerlike mens wat in die liggaam van sonde gebore word, is in 'die vlees' en die gevangene van Satan en die sonde. Reeds van kinderjare af ontwikkel die innerlike mens as 'n sondaar omdat die wet van die sonde oor hom heers. Omdat die innerlike mens van geboorte af in die huis van Satan is, is hy gedurig blootgestel aan die bose natuur van die sonde. Op dié wyse word die innerlike mens ook boosaardig omdat hy 'n deelgenoot word van 'die vlees'.

Kyk & Leer!

**'DIE VLEES'**




Die innerlike mens wat in 'die vlees' is, is 'n sondaar wat 'die werke van die vlees' doen. Hy is 'n gevangene en die slaaf van Satan terwyl hy in die liggaam van sonde is. Omdat die innerlike mens kennis van 'goed & kwaad' het, kan hy goed sowel as kwaad doen. Die goed wat hy doen, keer hom egter nie om ook kwaad te doen nie, en dit maak hom bedrieglik en onbetroubaar. Hy is 'n sondaar, net soos Satan, want hy kan nie iets anders wees in die koninkryk van Satan nie.

### Die nutteloosheid van godsdiens

Omdat die innerlike mens 'goed & kwaad' ken, is sy begeerte om goed te wees, maar omdat hy die kwaad

**VERWYSINGS EN KOMMENTARE**

1 Kor 10:11 "Maar **al hierdie dinge het hulle** (Israel) **oorgekom as voorbeelde** en **is opgeskrywe as 'n waarskuwing** aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het."

1 Tim 1:16 "Maar daarom is aan my barmhartigheid bewys, dat Jesus Christus in my (Paulus) as die vernaamste al sy lankmoedigheid sou betoon, **om 'n voorbeeld** (patroon) **te wees vir die wat in Hom sal glo** tot die ewige lewe**.**"

Rom 1:18 "Want **die toorn van God** word van die hemel af geopenbaar **oor al** die goddeloosheid en ongeregtigheid van **die mense wat** in ongeregtigheid **die waarheid onderdruk,**"

**Nota:** Die waarheid is in Hoofstuk 3 geopenbaar maar die wêreld glo God nie en aanvaar nie die waarheid nie.

As gevolg van die kennis van 'goed & kwaad' lê die hele wêreld in die mag van Satan. Of hulle nou goed óf kwaad doen, hulle is dienaars van Satan. Die goed wat hulle doen het niks met God te doen nie want hulle is nie in Sy koninkryk nie. As hulle slegs bose dinge gedoen het, sou dit beter wees, maar omdat hulle goed sowel as kwaad doen, is hulle boos.

Humanisme en menseregte is gebaseer op kennis van 'goed & kwaad' wat die wyse is waarop die koninkryk van Satan funksioneer. Hierdie wysheid is aards, sinnelik, duiwels, en lei net tot afguns, twis, verwarring, selfsug en alle bose werke. In die koninkryk van Satan is daar geen eenstemmigheid tussen mense nie en die resultaat is net vernietiging.

Geen goeie werke kan sonde verwyder nie. Sal die gee aan armes sonde verwyder, of versorging van siekes, die sondaars van hulle sondige natuur verlos? As hulle ophou lieg, sal dit ander sondes uitkanselleer? Al die goed wat hulle doen is vir Satan en al die kwaad wat hulle doen is ook vir Satan. As slawe van Satan bou hulle sy ryk en niks wat die sondaars doen, kan hulle verlos van sonde in die liggaam nie.

Rom 8:7&8 "omdat wat **die vlees bedink** (kennis van 'goed & kwaad'), vyandskap teen God is; want dit **onderwerp hom nie** aan die wet van God nie, **want dit kan ook nie.** En **die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie;**"

Joh 8:44 "**Julle het die duiwel as vader,** en **die begeertes van julle vader wil julle doen**…"

1 Joh 3:8 "**Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel,** want **die duiwel sondig van die begin af.** Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek."

Rom 3:19 "Nou weet ons dat alles wat die wet sê, hy dit sê vir die wat onder die wet is, sodat elke mond gestop en **die hele wêreld voor God doemwaardig kan wees;**"

nie kan ontsnap nie, wend hy hom tot godsdiens en goeie werke vir redding.

Die sondaar glo dat hy homself kan verbeter deur wetsonderhouding, goeie werke, positiewe denke en onthouding. Alhoewel hy homself verbeter, bly die innerlike mens die dienaar van sonde terwyl hy in die koninkryk van Satan is. Al die verbeteringe van die innerlike mens is slegs dooie werke, want dit kan hom nie van die sonde in sy liggaam verlos nie. Dit geld ook vir Judaïsme en Christenskap as godsdienste want, alhoewel hulle bewus is van die oordeel van God, hou hulle aan om 'die werke van die vlees' te doen, wat bewys dat hulle ook die slawe van die sonde is.

**Vryheid van Satan en sonde is 'n werklikheid, nie 'n godsdiens nie**

Ons het in die vorige hoofstuk gesien dat God die mens reeds van Satan en die sonde verlos het, toe God, in Jesus, die liggaam van die sonde vernietig het en 'n nuwe liggaam sonder sonde geskep het. Al wat van 'n persoon verwag word is om hierdie waarheid te aanvaar, want daar is geen redding van sonde buite Jesus Christus nie. Dit is hoekom die Evangelie van Jesus Christus aan almal verkondig moet word.


Enige persoon wat die boodskap van God glo, berou kry oor sy sondes en Jesus Christus as sy Here aanvaar, sal die werklikheid van die nuwe geboorte in sy uiterlike mens ervaar asook die heiligmaking van sy innerlike mens.

**DIE NUWE GEBOORTE**

Die innerlike mens ervaar die nuwe geboorte wanneer die Heilige Gees in sy liggaam kom en die sonde in sy uiterlike mens vervang.

Kyk & Leer!

**WEER GEBORE**




Besnydenis van die uiterlike mens

Rom 1:32 "mense wat **al ken hulle die verordening van God goed**, dat die wat sulke dinge doen, **die dood verdien**…"

Die Christene wat nie weer gebore is nie, hou hulle besig met godsdiens, en nie met die werklikheid van Christus nie. Hierdie gelowiges word groot as Christene, maar het nie die Gees van God nie en is dus nie weer gebore nie. Hulle mag dalk gelowig wees en goeie werke doen, tog is hulle in 'die vlees' net soos die res van die wêreld.

Omdat God Sy Seun gegee het om die mens van sonde te verlos, mag niemand na Jesus kom vir enige ander rede as om van sonde verlos te word nie. Enige persoon wat Jesus aanvaar vir sukses en voorspoed, soek God vir die verkeerde rede.

Matt 1:21 "en sy sal 'n seun baar, en **jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos**."

1 Joh 2:2 "En **Hy is 'n versoening vir ons sondes**, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir **dié van die hele wêreld.**"

1 Tim 1:15 "Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus **Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red**…"

Hand 4:12 "En die saligheid is in niemand anders nie, **want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.**"

Hand 20:21 "terwyl ek kragtig by die Jode sowel as die Grieke (die wêreld) aangedring het op die **bekering tot God en die geloof in onse Here Jesus Christus.**"

Joh 3:3 "Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, **as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.**"

Joh 3:6 "**Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.**"

Hand 2:38 "…**Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop** word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."

Luk 17:21 "…want **die koninkryk van God is binne-in julle.**"

Hierdie woorde word vervul wanneer jy die Gees van God ontvang.

Kol 1:13&14 "Hy wat **ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun** van sy liefde, in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes."

Kol 2:11 "in wie julle ook besny is met **'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê** in die besnydenis van Christus,"

Wanneer die sondaar glo, en Jesus as sy Here en Redder aanneem, vergewe God die innerlike mens sy sondes van die verlede en gee aan hom die Heilige Gees. Die Heilige Gees vervang dan die gees van sonde, en sodoende word die liggaam van die sonde die liggaam van die Here. Die Heilige Gees is God se belofte van die nuwe liggaam wat in die hemel bewaar word. Die innerlike mens is dan nie meer onder die wet van die sonde en die dood nie, maar onder die wet van die Gees van die lewe. Hierdie verlossing van die mens is 'n soewereine daad van God en kan nie deur die mens se eie pogings en/of godsdiens bewerkstellig word nie.

Die innerlike mens wat in 'die vlees' was, is nou in 'die Gees'. Hierdie verwydering van die sonde uit die liggaam is die besnydenis van die uiterlike mens. Die uiterlike mens is dan 'n heilige liggaam want die Heilige Gees woon in hom. Omdat die liggaam nou 'n heilige natuur het, stel dit die innerlike mens in staat om ook heilig te word.

Die innerlike mens wat vergewe en van sonde verlos is, is lewend gemaak, maar hy ontdek dat sy eie vleeslike natuur nog steeds veroorsaak dat hy 'die werke van die vlees' doen. Die innerlike mens vind dan dat hy steeds dubbel-gedagtig is. Hy is 'n kind van God want hy is weer gebore, maar sy gedrag is steeds dié van 'n sondaar.

Omdat die natuur van die innerlike mens gevorm is in 'die vlees', is sy ou natuur sterker as die nuwe natuur wat hy in 'die Gees' ervaar. Dieselfde beginsel kan gesien word in die Ou Testament tussen Ismael en Isak. Ismael, wat die seun van die slaaf Hagar ('die vlees') was, het Isak, wat die seun van die vry vrou Sarah (die belofte) was, vervolg. So ook tussen Esau en Jakob wat 'n tweeling was. Esau, wat eerste gebore is, was vleeslik; Jakob, wat tweede gebore is, was geestelik want hy het die dinge van God gesoek.

Alhoewel die innerlike mens in 'n heilige liggaam is, en lewend gemaak is, ontbreek hy aan die heiligmaking. Dit is hoekom God hom beveel om die heiligmaking te volbring.

**HEILIGMAKING**

Heiligmaking is die besnydenis van die innerlike mens waardeur sy ou vleeslike natuur verwyder word.

Kol 2:13 “En julle, **wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid** van julle vlees, het Hy saam met Hom **lewend gemaak** deurdat Hy julle **al die misdade vergeef het,**”

Rom 7:6 “Maar nou is ons ontslae van **die wet** (van sonde) **waardeur ons gebonde was**, aangesien ons dit afgesterf het, sodat ons dien in die nuwigheid van die Gees en nie in die oudheid van die letter nie.”

**Let op:**
Geloof, die nuwe geboorte en die proses van heiligmaking is reeds deur God geopenbaar in die lewens van Abraham, Isak en Jakob:

A. Abraham beeld **geloof** uit in die roeping van God **om uit sy geboorteland te kom na 'n ander land** wat God aan hom sal wys.
B. Isak beeld die **nuwe geboorte** uit toe die ou Isak die nuwe Isak word omdat God 'n ram voorsien het as vervangende offer.
C. Die nuwe Isak wat 'n tweeling gehad het, beeld die **heiligmaking** uit. **Een saad het twee seuns voortgebring.** Esau, die eersgeborene, het sy geboortereg verag, terwyl Jakob wat tweede gebore is, die geboortereg begeer het. Uiteindelik was dit **die tweede geborene, nie die eersgeborene, wat die seën ontvang het,** met behulp van sy moeder – sy beeld die Heilige Gees uit. So het Jakob die Heilige Land geërf, nie Esau nie.

Die bogenoemde is sinnebeelde, en openbaar A. geloof, B. die nuwe geboorte, en C. heiligmaking (Eersgeborene is verwerp – die tweede geborene is aangeneem.)

A. God roep almal wat in 'n liggaam van sonde is na 'n ander liggaam sonder sonde. Slegs deur **geloof** kan 'n mens reageer op die roeping van God.
B. Deur geloof in Jesus, die Lam van God, ontvang die persoon die Gees van die belofte en is **weer gebore** (nuwe geboorte). Hy is dan in die liggaam van Christus en nie meer in die liggaam van sonde nie.
C. Die innerlike mens wat lewend gemaak is, ontdek dat hy verdeel is in homself en **heiligmaking** nodig het. Net soos Esau en Jakob, wat 'n tweeling was, ondervind die innerlike mens in homself 'n tweeledige karakter. Die ou self wat in 'die vlees' gebore is, word verwerp en moet gedood word. Die nuwe self, gebore in die Gees word deur God aangeneem.

1 Kor 6:19&20 “Of weet julle nie dat **julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees** wat in julle is, wat julle van God het, en dat **julle nie aan julself behoort nie**? Want julle is duur gekoop. **Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees** wat aan God behoort.”

Die eersgebore innerlike mens is vleeslik, soos Esau, en kan nie die koninkryk van God beërwe nie want die koninkryk behoort aan die tweede gebore innerlike mens, wat geestelik is soos Jakob. Dit is derhalwe noodsaaklik dat die innerlike mens sy ou self verloën om in sy nuwe self te groei. Dit is die werk van geloof wat hy moet doen om 'n einde te bring aan 'die werke van die vlees'.
Heb 12:14&16 “Jaag die vrede na met almal, **en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie;** Laat niemand 'n hoereerder wees nie, of 'n onheilige soos Esau, wat… sy eersgeboortereg verkoop het.”

Rom 6:22 “Maar nou dat julle **vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God**, het julle jul vrug tot heiligmaking (die Heilge Gees) en uiteindelik die ewige lewe (nuwe liggaam).”

Die innerlike mens wat in 'die Gees' is, het die mag om 'n deelgenoot te word van die heilige natuur van die Heilige Gees, om ook geestelik te word. Ten einde goddelik te word, moet die innerlike mens sy ou vleeslike natuur verloën want dit veroorsaak dat hy steeds die dinge van 'die vlees' bedink.

Kyk & Leer!



Besnydenis van die innerlike mens

God beveel die innerlike mens om die heiligmaking te volbring, en nie te sondig nie. As hy sê, "Ek kan nie," is hy ongehoorsaam aan God en aan die geloof. Hy wat sê, "Ek kan nie die 'werke van die vlees' in hierdie lewe stop nie," weerstaan die Gees van genade deur sonde in sy lewe te akkommodeer. So 'n innerlike mens, alhoewel hy in die Gees is, sal nie die nuwe liggaam beërwe nie, want hy is ongehoorsaam aan God.

Dit is God se wil dat die innerlike mens Sy rus moet ingaan. Hy wat God glo en sê, "Ek kan," moet begin deur homself te verloën, en die 'werke van die vlees' dood te maak. Wanneer hy dit doen sal hy baie ly terwyl sy ou vleeslike natuur gekruisig word. Dit is deur die verloëning van sy ou self dat hy volmaak gemaak word deur die Heilige Gees. Die lyding sal aanhou totdat die vleeslike natuur van die innerlike mens dood is, dan eers sal die 'werke van die vlees' stop.

Dit is deur geloof in Jesus dat die Heilige Gees die uiterlike mens verlos van die sonde, en deur gehoorsaamheid aan die waarheid red die Heilige Gees die innerlike mens van sy sondes. Die innerlike mens ervaar dan rus van sy sondige natuur want hy het 'n deelgenoot geword van die goddelike natuur van die Heilige Gees. Die veranderde natuur van die innerlike mens is die rus wat God aan almal belowe wat Hom gehoorsaam.

1 Tess 4:7&8 "Want **God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking.** Daarom, **hy wat dit verwerp, verwerp nie 'n mens nie, maar God** wat ook sy Heilige Gees aan ons gegee het."

Ef 4:30 "En **bedroef nie die Heilige Gees van God nie,** deur wie julle **verseël is tot die dag van verlossing** (van die liggaam)."

Matt 16:24 "…As iemand agter My aan wil kom, **moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg.**"

Tit 2:12 "en leer ons **om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën,** ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe,"

Ef 5:5 "Want dit moet julle weet dat **geen hoereerder of onreine of gierigaard,** wat 'n afgodedienaar is, **'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie.**"

2 Tess 2:13&14 "…dat God julle van die begin af **verkies het tot saligheid in heiligmaking van die Gees en geloof in die waarheid,** waartoe Hy julle geroep het deur ons evangelie **om die heerlikheid van onse Here Jesus Christus te verkry.**"

Rom 5:10 "Want as ons, terwyl ons nog vyande was, **met God** (die Vader) **versoen is deur die dood van sy Seun,** veel meer sal **ons deur sy lewe** (die Heilige Gees) **gered word** nou dat ons versoen is."

Heb 3:17-19 "En **op wie was Hy veertig jaar lank vertoornd?** Was dit nie op **die wat gesondig het**, wie se lyke in die woestyn geval het nie? En aan wie het Hy gesweer dat hulle in sy rus nie sal ingaan nie, **behalwe aan die ongehoorsames?** En ons sien dat **hulle deur ongeloof nie kon ingaan nie.**"

1 Kor 10:11 "Maar al **hierdie dinge het hulle** (die Jode) **oorgekom** as voorbeelde **en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons** (die Gelowiges) op wie die eindes van die eeue gekom het."

1 Tim 6:12 "**Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe** (die nuwe liggaam), waartoe jy ook geroep is…"
**Nota:** Elke sonde wat jy doodmaak versterk jou greep op die ewige lewe.

Heb 4:10&11 "want **wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke** soos God van syne. **Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus,** sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid (soos Israel) mag val nie."

Dit is belangrik om daarop te let dat 'die rus' nie die liggaam is nie, want die innerlike mens is alreeds in 'n heilige liggaam. Die rus is 'die toestand' van die innerlike mens wie se natuur verander is. Wanneer hy die werk van geloof afgehandel het, rus hy van sy sondes.


Gal 5:24 "Maar **die wat aan Christus behoort, het** die vlees met **sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig.**"

Rom 2:29 "maar hy is 'n Jood wat dit in die verborgene is, en **besnydenis** is dié **van die hart** (die innerlike mens), **in die gees,** nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God."

**EWIGE LEWE**

Die natuurlike liggaam, wat nog steeds sterflik is want dit verouder en gaan dood, sal in 'n onsterflike geestelike liggaam verander word met die tweede koms van Christus. Die innerlike mens is in die Gees van belofte totdat sy natuurlike liggaam doodgaan, of verander word in 'n nuwe liggaam met die koms van Christus. Daardie dag verlaat die Heilige Gees die liggaam want die innerlike mens is dan in die verheerlikte liggaam van Christus Jesus.

Kyk & Leer!




Die innerlike mens wat die heiligmaking volbring het deur gehoorsaamheid aan God, is waardig om beklee te word met die geestelike liggaam. Slegs dan sal hy die ewige lewe hê as iets blywend. Die verheerlikte liggaam is die erfdeel wat God belowe. Dit is die kroon van die lewe wat God aan diegene sal gee wat die heiligmaking volbring het.

Ef 1:13&14 "in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, **verseël is met die Heilige Gees van die belofte, wat die onderpand** (waarborg) **is van ons erfdeel** (die nuwe liggaam) **om sy eiendom** (die ou liggaam) **te verlos** tot lof van sy heerlikheid."

Fil 3:20&21 "Want **ons burgerskap is in die hemele,** van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, **wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam**..."


1 Pet 1:3&4 "...God ...ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode, **sodat ons 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis** (verheerlikte liggaam) **kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons"**

Op 3:21 "Aan **hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon,** soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het."

Jak 1:12 "Salig is die man wat **versoeking verdra,** want **as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here beloof het** aan die wat Hom liefhet."

# OPSOMMING


## 'DIE VLEES'




### DIE MENS IS 'N SONDAAR

Die liggaam van 'n sondaar behoort aan Satan. Die innerlike mens wat in die huis van Satan lewe kan nie ontsnap nie. Geen vorm van godsdiens, self dissipline, of goeie werke kan die innerlike mens verlos uit die houvas van Satan nie.

## WEER GEBORE




Besnydenis van die uiterlike mens

### GELOOF IN JESUS

Wanneer 'n sondaar God glo, hom bekeer van sy sondes en Jesus as Here en Redder aanneem, ontvang hy die Heilige Gees wat hom verlos van die sonde. Die liggaam is dan die huis van God.

## HEILIGMAKING





Besnydenis van die innerlike mens

### IN DIE GEES

Die innerlike mens wat verlos is van die gees van sonde moet leer om God te gehoorsaam. Deur die krag van die Gees moet die 'werke van die vlees' wat hy nog doen, dood gemaak word.

## WEES VOLMAAK




### GEHOORSAAMHEID

In gehoorsaamheid aan God moet die innerlike mens wat die heiligmaking volbring het, homself rein hou en nie weer aan die wêreld gelykvormig word nie. So 'n gelowige is die nuwe liggaam van Christus, wat die ewige lewe is, waardig.

## HOOFSTUK 5

## DIE PATROON VAN REDDING

Die verlossing van Israel uit Egipte, hulle reis deur die Wildernis van Sin en die besetting van die beloofde land, is die Evangelie van God. God se handelinge met die Jode is 'n sinnebeeld, of voorbeeld, wat God se wyse van redding openbaar. Die geskiedenis van Israel se verlossing uit Egipte na Kanaän verduidelik die patroon vir ons redding.

Jesus, die Innerlike Mens, moes ook elke stap van die patroon volg om verlos te word uit die liggaam van sonde na die liggaam van Christus. Omdat Jesus God se roeping verstaan het en getrou die stappe wat in die patroon uitgelê is gevolg het, het God Hom in 'n nuwe liggaam laat opstaan.

Sedert die opstanding van Jesus Christus in 'n nuwe liggaam, word die Evangelie van God die Evangelie van Christus genoem. Die Evangelie van Christus is God se boodskap aan die wêreld dat Hy, in Christus, die liggaam van sonde vernietig het en 'n nuwe liggaam sonder sonde vir die mens geskape het om in te woon. Die nuwe liggaam is aan die mensdom belowe, net soos Kanaän aan die Jode belowe is. Die patroon van redding – uit die liggaam van sonde en in die liggaam van Christus – is dieselfde patroon wat gevolg is om die Jode te red: Uit Egipte na Kanaän.

Geen persoon wat glo, en God se roeping aanvaar, mag afwyk van die patroon wat God vasgestel het met die redding van Israel nie. Dieselfde patroon was ook gevolg en bevestig in die redding van die Innerlike Mens, Jesus; uit Sy ou liggaam – met sonde – na Sy nuwe liggaam – sonder sonde.

Die innerlike mens kan nie van sonde verlos word tensy hy uit die liggaam van sonde gehaal word en oorgeplaas word in die liggaam van Christus nie. Niemand kan gered word uit sonde deur enige ander lering of op enige ander wyse nie.

### GEVANGENSKAP IN EGIPTE

As gevolg van Josef, het Jakob en sy seuns in Egipte gaan woon onder die heerskappy van Farao. Dit beteken dat alle afstammelinge van Jakob in Egipte gebore is. Hulle was almal Egiptiese-Jode, en Farao

**VERWYSINGS EN KOMMENTARE**

1 Kor 10:11 "Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom **as voorbeelde** (patroon) en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het."

Heb 4:2 "Want aan ons is die evangelie ook verkondig **net soos aan hulle** (die Jode); maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie."

Jesus het verstaan dat Hy gebore is in 'n liggaam van sonde (Egipte). Gelei deur die Heilige Gees in die Wildernis (Wildernis van Sin), is Hy deur Satan versoek en het oorwin. Noudat hy mag het oor demone, moes Hy 'n sondelose lewe lei (in Kanaän). Alhoewel hy versoek en bespot is, het Hy nie een keer gesondig nie en is waardig bevind om die nuwe liggaam as ewige erfenis te verkry.

In Sy dood aan die kruis, het Jesus die Lam en Hoë Priester van God geword vir almal wat die Evangelie van Christus glo en in Sy voetspore volg.

Omdat Jesus die stappe in God se patroon van redding sorgvuldig gevolg het, is Hy weer gebore in 'n nuwe liggaam. Sedertdien bestaan die liggaam van Christus, en God roep alle sondaars wat in die liggaam van sonde is (die sinnebeeld is Egipte), om weer gebore te word in die liggaam van die Here (die sinnebeeld is Kanaän) en nie meer te sondig nie.

Jesus het Nikodemus in Joh 3:3 geantwoord: " as iemand nie weer gebore word nie, **kan hy** die koninkryk van God **nie sien** (verstaan) **nie**."

Omdat die hele mensdom in 'n liggaam is wat onder die wet van sonde is, moet hulle weer gebore word in 'n liggaam wat onder die wet van die Gees is. Dit is God se manier om ons van die sonde te verlos!


<u>Die patroon van verlossing het drie stappe:</u>
Verlossing uit Egipte;
Leer gehoorsaamheid aan God in die Wildernis; en
Heers dan in Kanaän.

Gal 1:8&9 "**Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!** Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: **As iemand julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het,** laat hom 'n vervloeking wees!"

Eks 2:23 "En in daardie lang tyd het die koning van Egipte (wie Josef geken het) gesterwe. En die kinders van **Israel het gesug en geweeklaag vanweë die slawerny** (onder 'n ander Farao). En hulle geroep om hulp oor hulle slawerny (in Egipte) het opgeklim tot God."

het oor hulle geheers. Met verloop van tyd, het die Jode slawe van Farao in Egipte geword.

Kyk & Leer!




Na 430 jaar in Egipte het hulle net afgodery soos die Egiptenare geken. In hulle onkunde het die Jode hulle God op dieselfde wyse aanbid as wat die Egiptenare hulle gode aanbid. Hulle was afgodies want ons sien dat hulle, nadat hulle uit Egipte verlos is, dadelik 'n goue kalf gemaak het tot eer van God.

Die Jode was magteloos om hulself van slawerny uit Egipte te verlos. God moes ingryp om hulle te bevry van hulle gevangenskap. Hy het Moses na Farao gestuur om hulle uit Egipte te verlos.

Alhoewel Moses 'n Jood was, het hy in die huis van Farao groot geword. In teenstelling met die ander Jode was hy nooit 'n slaaf van Farao soos sy mede-Jode nie. Om hierdie rede het God Moses geroep om teen Farao op te staan en die Jode uit Egipte te verlos.

**DIE FASES VAN REDDING**

**Eerste fase: Verlossing uit Egipte**

Deur baie tekens en wonders wat Moses gedoen het, het God Egipte geoordeel en die heerskappy van Farao beëindig toe die engel van die Here sy eersgeborene gedood het. Nadat Moses Farao oorwin het, het hy die Jode uit Egipte gelei. Al wat die Jode moes doen, was om te glo dat God Moses gekies het om hulle te verlos.

Omdat al die Jode in Egipte gebore is, moes hulle eersgeborenes ook sterwe; maar vir hulle het die bloed van 'n lam die toorn van God afgewend.

Jesus moes gebore word in 'n liggaam onder die wet van sonde om ooreen te stem met 'n Jood onder die wet van Egipte.

Heb 2:14&17 "Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook **op dieselfde manier deelagtig geword,** sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het—dit is die duiwel—**Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word**…"

Die Jode wat slawe van Farao in Egipte was kom ooreen met die innerlike mens wat 'n slaaf is van Satan in die liggaam van sonde. Jesus was ook 'n Jood in 'n liggaam van sonde, maar net soos Moses nooit 'n slaaf van Farao was in Egipte nie, so was Jesus nooit 'n slaaf van Satan in die liggaam van sonde nie.

Hand 7:39-41 "Na hom wou ons vaders nie luister nie, maar hulle het hom verstoot en **met hulle harte** (gees) **na Egipte teruggekeer** toe hulle vir Aäron gesê het: Maak vir ons gode wat voor ons uit sal trek; want hierdie Moses wat ons uit Egipteland uitgelei het, ons weet nie wat van hom geword het nie. **En hulle het in daardie dae 'n kalf gemaak en aan die afgodsbeeld 'n offer gebring en hulle in die werke van hulle hande verbly.**" (Sien Eks 32:1-8)

Dieselfde is ook waar vir die innerlike mens want hy kan homself nie verlos uit die liggaam van sonde nie. Jesus is deur God geroep en gestuur om Satan te oorwin en die innerlike mens te verlos uit die liggaam van sonde, net soos Moses die Jode uit Egipte verlos het.

Hand 2:22 "Israeliete, luister na hierdie woorde! Jesus, die Nasaréner, 'n man deur God vir julle aangewys **met kragte en wonders en tekens wat God deur Hom onder julle gedoen het**, soos julle ook self weet"
**Nota:** Hierdie wonders en tekens stem ooreen met die tekens en wonderwerke wat Moses in Egipte gedoen het.


Hand 7:37 "Dit is dié Moses wat aan die kinders van Israel gesê het: Die Here julle **God sal vir julle 'n Profeet** (Jesus) **verwek uit julle broers** net soos ek (Moses) is; na Hom moet julle luister."

Die heerskappy van Farao oor die Jode het geëindig toe sy eersgeborene vernietig is. Op dieselfde wyse het die heerskappy van Satan geëindig toe die liggaam van die eerste mens, Adam, op die kruis vernietig is.

Jesus het Satan oorwin. Al wat die mens moet doen is om te glo dat God Jesus Christus gekies het om hulle van die liggaam van sonde te verlos.

Jesus is die Lam van God wat geoffer is om die toorn van God af te wend van alle sondaars wat in die liggaam van sonde is, want hulle verdien die dood vir hulle sondes.

Kyk & Leer!





Toe die Jode deur die Rooi See getrek het is hulle verlos uit Egipte. Eers nadat die Jode bevry is uit Egipte, het hulle onder die wet van God gekom in die Wildernis van Sin. Hulle is toe gedoop in Moses (die Wet); in die see (water) en in die wolk (gees).


**Tweede fase: Heiligmaking in die Wildernis**

Die Jode ontdek toe dat daar twee tipes Jode onder hulle was. Aan die een kant was die Egiptiese-Jode wat in Egipte gebore was, en aan die ander kant die Jode wat in die Wildernis onder die wet van God gebore is. Die Jode wat in Egipte gebore is, kon God nie gehoorsaam nie want hulle was gevestig in die weë van Egipte. Daarenteen, kon die Jode wat in die Wildernis gebore is, wel God gehoorsaam want hulle het onder die wet van God groot geword. Die nuwe geslag Jode het geen kennis van afgodery gehad nie, en was dus nie afgodies soos die ou geslag nie.

Kyk & Leer!




Die ou geslag het God se opdrag om Kanaän in te gaan nie gehoorsaam nie, en gesê, "Ons kan nie," daarom het God hulle verwerp vanweë hulle ongeloof. Omdat God gehoorsaamheid vereis, kon die nuwe geslag




Net soos God Moses weggesteek het van Farao in die huis van Farao, het God Jesus weggesteek van Satan in die huis van Satan. Jesus is eers aan Satan geopenbaar toe Hy gedoop is en die Heilige Gees ontvang het.

Johannes die doper was in die Wildernis toe God die Jode geroep het om hulle te bekeer en te laat doop vir die vergifnis van sondes. Jesus het die patroon verstaan en het uitgegaan om gedoop te word. Sy water doop kom ooreen met die Rooi See en dit is hoekom die Heilige Gees oor Hom gekom het net soos die wolk oor Moses en die Jode gekom het.


Luk 3:21&22 "…en Jesus ook gedoop is, en Hy besig was om te bid, het die hemel oopgegaan; **en die Heilige Gees het in liggaamlike gedaante soos 'n duif op Hom neergedaal;** en 'n stem het uit die hemel gekom wat sê: U is my geliefde Seun; in U het Ek 'n welbehae."

Jesus was toe onder die gees van die wet, en nie onder die letter van die wet soos die ander Jode nie.

1 Kor 10:1&2 "…dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal i**n Moses gedoop is in die wolk en in die see**,"

Heb 3:16-19 "**Wie was dit dan wat gehoor het en Hom verbitter het?** Was dit nie **almal wat** onder leiding van Moses **uit Egipte gegaan het** nie? En op wie was Hy veertig jaar lank vertoornd? **Was dit nie op die wat gesondig het,** wie se lyke in die woestyn geval het nie? En aan wie het Hy gesweer dat hulle in sy rus nie sal ingaan nie, **behalwe aan die ongehoorsames?** En ons sien dat hulle deur ongeloof nie kon ingaan nie."

Num 14:23&24 "hulle sal die land nie sien wat Ek aan hulle vaders met 'n eed beloof het nie, ja, almal wat My verag het, sal dit nie sien nie. **Maar my kneg Kaleb, omdat 'n ander gees in hom was en hy volhard het om My te volg**—hom sal Ek bring in die land…"




Die Heilige Gees het Jesus die Wildernis ingelei om deur Satan versoek te word. Mark 1:13 "En Hy was daar in die woestyn veertig dae lank, terwyl Hy deur die Satan versoek is..."

Satan het Adam en Eva versoek om God se Woord nie te gehoorsaam nie, maar Jesus het geweet dat as hy Satan gehoorsaam Hy ook 'n slaaf van sonde sou word soos die ander Jode.

Satan het Jesus versoek net soos die Egiptiese-Jode God in die Wildernis versoek het. Die Jode het God in gees versoek toe hulle die goue kalf aanbid het, in siel toe hulle ongehoorsaam was, en in liggaam as gevolg van kos en water.

Heb 3:9 "waar **julle vaders My versoek, My beproef het** en my werke veertig jaar lank gesien het."

Kanaän nie binnegaan voordat die ongehoorsame Egiptiese-Jode dood was nie.

Van al die Jode wat uit Egipte gekom het, was net Josua en Kaleb gehoorsaam en het gesê, “Ons kan ingaan,” omdat hulle nie vreesagtig was nie.  Hulle het God se opdrag om die Beloofde Land in te gaan gehoorsaam, want hulle het nie 'n afgodiese gees soos hulle mede-Jode gehad nie.  Dit bewys dat God getrou is om Sy belofte na te kom aan Jode en Heidene, wat Hom glo en gehoorsaam.


Gedurende die 40 jaar in die Wildernis, onder die wet van God, is die gees van die Jode verander.  Die Jode wat die Beloofde Land ingegaan het, se gees was anders as dié van die Jode wat uit Egipte gekom het. Hulle was geheiligde mense wat Kanaän binne gegaan het want die ongelowige Egiptiese-Jode is verwyder.

God se oordeel het gekom oor die ou geslag wat Sy opdrag om deur die Jordaan te gaan, nie gehoorsaam het nie.  Omdat hulle die dood meer gevrees het as God, het hulle nie gehoorsaam nie.  Die Jordaan Rivier is 'n 'rivier van die dood' want dit is by hierdie punt waar die ongehoorsames verwerp is.  Die Jordaan Rivier het die gelowiges van die ongelowiges geskei.

**Derde fase: Die Heilige Land**

Omdat die wet van God aan die Jode gegee is en die ou goddelose geslag verwyder is, was hulle 'n heilige volk.  Die Jode was nou gereinig, want by die Rooi See is hulle uit Egipte verlos, en in die Wildernis van Sin is die afgodiese Egiptiese-Jode verwyder.

Kyk & Leer!




Op dieselfde wyse is Jesus ook getoets in liggaam (wanneer honger), in siel (om God nie te gehoorsaam), en in gees (om Satan te aanbid).  Omdat Jesus nie gesondig het nie, is Hy toebedeel met krag deur die Gees. (Lukas 4:1-13).

Luk 4:14  “En Jesus het **in die krag van die Gees** na Galiléa teruggekeer…”


Moses het ingetree vir die Jode wat sê, “Ons kan nie ingaan nie,” en God om vergifnis gevra.
Num 14:20&21, 23  “Toe sê die HERE: **Ek vergewe,** volgens jou woord.  **Maar** so waar as Ek leef… hulle sal die land nie sien wat Ek aan hulle vaders met 'n eed beloof het nie, ja, **almal** (Egiptiese-Jode) **wat My verag het, sal dit nie sien nie.**”

Rom 2:28&29  “**Want nie hy is 'n Jood wat dit in die openbaar is nie,** en nie dít is besnydenis wat dit in die openbaar in die vlees is nie; maar **hy is 'n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is dié van die hart,** in die gees (van die Wet), nie na die letter (van die Wet) nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God.”

Heb 4:1-3  “**Laat ons dan vrees** dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk **dat iemand van julle agtergebly het nie.**  Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle; maar **die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie.**  Want ons wat geglo het, gaan die rus in…”
**Nota:** Johannes die Doper het die Evangelie van God gepreek toe hy die Jode in die Wildernis geroep het om hul te bekeer van hulle sondes en gedoop te word in die Jordaan Rivier.  Johannes het toe die Jode wat gedoop is beveel om terug te gaan en nie meer te sondig nie.  Jesus was ook in die Jordaan gedoop, maar omdat Hy die enigste Jood was wat 'n lewe sonder om te sondig geleef het, het God Hom in 'n ewige liggaam opgewek.

Nadat die Jode deur die Jordaan gegaan het, het God hulle beveel om vir 'n tweede keer besny te word as 'n teken dat die Egiptiese-Jode van hulle verwyder is.  Met ander woorde, hulle was uiteindelik van Egipte en die goddelose Egiptiese-Jode gereinig.
Jos 5:9  “…**Vandag het Ek die smaad van Egipte van julle afgewentel**…”

Matt 20:16  “So sal die wat laaste is, eerste wees, en die wat eerste is, laaste; **want baie is geroep, maar min uitverkies.**”
Al die Jode is geroep om uit Egipte te kom, maar slegs die paar geheiligdes is gekies om in Kanaän in te gaan.




Net soos Josua elke vesting oorwin het en besit geneem het van die land Kanaän, het Jesus ook elke sonde in die liggaam oorkom en besit geneem van die liggaam.

Net soos Kanaän onder die wet van God gebring is, is die liggaam wat onder die wet van sonde was, onder die wet van die Gees gebring. So het die liggaam van sonde die liggaam van die Here geword – die liggaam van Christus.

Rom 8:3  “Want **God** het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, **die sonde veroordeel in die vlees,**”

Die oorwinning van Josua oor die konings van Kanaän het die Jode beheer oor die land gegee. Die enigste vereiste van God was dat die Jode volgens die wet van God in die land sou regeer. Omdat die wet hulle verbied het om enige gemeenskap met afgodery te hê, moes hulle alle afgodedienaars vernietig.

Die Jode was die enigste nasie wat gebore en grootgemaak was onder die wet van God, en het dus 'n ander gees gehad as al die ander nasies op aarde. Omdat hulle volgens Judaïsme grootgemaak is, was hulle nie afgodedienaars soos die res van die wêreld wat ander gode gedien het nie.

Omdat die Jode in die Wildernis gereinig is van afgodery, moes hulle hulself rein hou en nie toelaat dat hulle weer afgodies word soos hulle vaders nie. Hulle het egter nie die afgodedienaars vernietig nie, maar hulle as slawe aangehou en toegelaat dat hulle tussen hulle woon. Met verloop van tyd het hulle weer afgodedienaars geword. Dit is weens hulle ongehoorsaamheid aan God dat hulle uiteindelik hulle land verloor het, want hulle was die land wat God aan hulle gegee het nie waardig nie.

In al God se handelinge met die Jode, totdat Jesus verskyn het, is net 'n oorblyfsel gered omdat hulle aan God gehoorsaam gebly het. Dit is hierdie oorblyfsel van Jode wat die hemelse Kanaän – Israel – sal beërwe as hulle ewige woning op die nuwe aarde.

Nadat Jesus uit die dood opgestaan het in 'n nuwe liggaam, het Hy opgevaar na die hemel en die Heilige Gees beskikbaar gemaak vir almal. Wanneer 'n persoon glo en die Heilige Gees ontvang, word die wet van sonde in sy liggaam vervang met die wet van die Gees en dan is sy innerlike mens in die liggaam van die Here.


Jos 23:11-13 "**Neem julle dan terdeë in ag ter wille van julle siele,** om die HERE julle God lief te hê; **want as julle ooit mag afwyk** en hierdie nasies aanhang wat nog met julle saam oorgebly het, en julle met hulle verswaer en julle met hulle en hulle met julle meng, weet dan verseker dat die HERE julle **God nie langer hierdie nasies voor julle uit sal verdrywe nie;** maar hulle sal vir julle 'n vangnet en 'n strik wees en 'n angel in julle sye en dorings in julle oë, **totdat julle omkom uit hierdie goeie land** wat die HERE julle God aan julle gegee het."

Jos 24:14 "Vrees dan nou die HERE en dien Hom in opregtheid en waarheid, en **verwyder die gode wat julle vaders gedien het oorkant die Eufraat** (in die wildernis) **en in Egipte,** en dien die HERE."


Die sinnebeeld leer Christene om nie dieselfe foute te maak as die Jode nie, want as God die ongehoorsames tussen hulle nie gespaar het nie, sal Hy ook nie die ongehoorsame Christene in die liggaam van die Here spaar nie.

Rom 11:20&21 "Goed! **Deur ongeloof is hulle afgebreek,** maar jy staan deur die geloof. **Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees.** Want as God die natuurlike takke nie gespaar het nie, **sal Hy miskien jou ook nie spaar nie.**"


## OPSOMMING





**AFGODERY**
Gebore en groot gemaak in Egipte, het hulle Farao gedien want hulle was onder die wet van Egipte. Na 430 jaar in Egipte was die nageslag van Jakob afgodedienaars en het geen kennis van God gehad nie.




**VERLOSSING UIT EGIPTE**
Eers nadat die Jode verlos is van Egipte het hulle onder die wet van God gekom. Hulle moes nou God dien en nie meer afgode nie.




**WILDERNIS VAN SIN**
Terwyl die Jode in Egipte was kon hulle nie teenoor God sondig nie. Maar nadat hulle onder die wet van God gekom het, het hul ongehoorsaamheid sonde geword.
Die straf vir sonde is die dood.




**DIE HEILIGE LAND**
Toe die Jode in die Heilige Land kom, moes hulle aan God gehoorsaam bly en nie weer ongehoorsaam word deur hulle te wend tot afgodery soos hul vaders, die Egiptiese-Jode nie.

## HOOFSTUK 6

## GELOOF EN GEHOORSAAMHEID

Die Evangelie is die boodskap dat, God in Christus, die mens van sonde gered het. Die persoon wat God glo moet verstaan dat redding 'n sekere patroon volg en dat die werking van die Heilige Gees ooreenstem met die stappe wat in die patroon vasgestel is.

Die patroon is deur God geopenbaar in:

1. Die verlossing van die Jode uit Egipte;
2. Die verwydering van die ongehoorsame Jode in die Wildernis;
3. Die ingaan van die gehoorsames in Kanaän.

Dieselfde drie stappe is van toepassing op die persoon wat God glo, en Jesus as sy Here en Redder aanvaar:

1. Die verlossing van die innerlike mens uit die liggaam van sonde;
2. Die heiligmaking van die ongehoorsame innerlike mens in die Gees;
3. Die ingang van die gehoorsame innerlike mens in die liggaam van Christus.

Die klem is op die innerlike mens. Hy moet van die liggaam van sonde verlos word en leer om die Gees te gehoorsaam voordat hy in die liggaam van Christus kan woon.

### IN DIE LIGGAAM VAN DIE SONDE

Die innerlike mens wat in die liggaam van sonde gebore is, is in die koninkryk van Satan, en dien sonde. So 'n innerlike mens het 'n bose natuur want hy is deur 'die vlees' gevorm. Hy is 'n sondaar want hy het beide die verstand en sondige natuur van sy vader, die duiwel; en die liste en begeertes van sy vader sal hy doen. Omdat hy 'n kind van ongehoorsaamheid is, kan hy nie God of Sy wet gehoorsaam nie.

Kyk & Leer!




**VERWYSINGS EN KOMMENTARE**

Rom 6:17 "Maar ons dank God dat julle wel diensknegte van die sonde was, maar van harte gehoorsaam geword het aan **die voorbeeld van die leer** (patroon en stappe) wat aan julle oorgelewer is,"

Die patroon het sekere stappe wat die innerlike mens, wat in die liggaam van sonde gevorm is, hervorm in die liggaam van Christus. Hierdie proses kan vergelyk word met goud wat eers gelouter word deur vuur, voordat dit in 'n sekere gietstuk of vorm gegiet word.

Al die Jode is uit Egipte verlos maar net die gehoorsame Jode het Kanaän ingegaan.


2 Tim 2:5 "En verder, as iemand aan 'n wedstryd deelneem, word hy nie bekroon **as hy nie volgens die reëls gewedywer het nie.**"

Joh 3:5 Lees as volg: "As iemand nie

**1. Uit water** (in die uiterlike mens) en
**2. Gees** (die innerlike mens) **gebore word nie,** kan hy nie
**3. in** die koninkryk van God (die liggaam van Christus), kom nie."

Die innerlike mens is die slaaf van sonde in sy liggaam. Omdat die gees van sonde sterker is as die letter van die wet, sal die innerlike mens doen wat sonde begeer - wat die 'werke van die vlees' is. Alhoewel hy die wet van God wil gehoorsaam sal hy sonde dien. Dit is hoekom God vir Jesus in die liggaam van sonde gestuur het om die innerlike mens van sonde te verlos.

Rom 8:7 "omdat **wat die vlees bedink,** vyandskap teen God is; **want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie**, want dit kan ook nie."




Die Jode is gevange gehou deur Farao in Egipte net soos die innerlike mens gevange gehou word deur Satan in die liggaam van sonde. Die land Egipte stem dus ooreen met die liggaam van sonde.

Die Jode was van mening dat hulle anders was as die Egiptenare, maar toe God hulle Sy wet gee, ontdek hulle dat hulle ook afgodies is, net soos die Egiptenare.




Rom 3:9 "Wat dan? Het ons enige voorrang? Hoegenaamd nie! Want ons het tevore al Jode sowel as Grieke beskuldig dat hulle almal onder die sonde is,"
Rom 7:14 "Want ons weet dat die wet geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde."

Rom 7:24 "Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van **die liggaam van hierdie dood?**"

Omdat die Jode ook in 'n liggaam van sonde was, net soos die heidene, was hulle ook slawe van sonde en kon nie die wet van God gehoorsaam nie.

Die innerlike mens wat onder die wet van sonde gebore en groot geword het, is vleeslik.  Sy siel het gedagtes wat volgens die kennis van 'goed & kwaad' funksioneer, en hierdie bewustheid van sy verstand wek liste en begeertes in sy gees.  Hierdie liste en begeertes word uitgedruk in die 'werke van die vlees'.

Die innerlike mens kan nie van sonde ontsnap tensy God hom uit die liggaam van sonde verlos nie.  Geen ander god, godsdiens, of enige goeie werke kan die innerlike mens van sonde in sy liggaam verlos nie.  Die sondaar mag homself dalk verbeter, maar hy bly in die koninkryk van Satan.

Indien die innerlike mens doodgaan terwyl hy in die liggaam van sonde is, sal hy, op die dag van God se oordeel saam met Satan, wie hy gedien het, in die hel gewerp word.  Die ewige gevangenskap van die sondaar in die hel is die tweede dood.  Dit is hoekom Jesus gestuur is; sodat God die sondaar, wie in Jesus glo, mag verlos van sonde.

**Geloof**

Geloof in Jesus affekteer die gelowige op twee maniere.  God vergewe eerstens die innerlike mens al die sondes wat hy in die liggaam van sonde gedoen het, en dan verlos Hy die innerlike mens van die liggaam van sonde, wanneer Hy aan die gelowige die Heilige Gees gee om in hom te woon.

Kyk & Leer!




Toe die Jode uit Egipte kom, is hulle in die see en in die wolk gedoop.  Netso, wanneer die innerlike mens uit die liggaam van sonde kom, word hy in die Heilige Gees en in water gedoop.

**IN DIE GEES**

Ons sien dat die Jode wat uit Egipte gekom het nie in Kanaän was nie, maar in die Wildernis van Sin.  Hier moes hulle eers gehoorsaamheid aan God leer voordat hulle Kanaän kon ingaan.  Dieselfde is waar vir die innerlike mens wat in die Gees is.  Hy is nie in die

Op 21:8  “Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars **hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.**”

Hand 4:12  “En die saligheid is in niemand anders nie, want **daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word** (van sonde) **nie.**”

Ef 2:8&9  “Want uit genade is julle gered, **deur die geloof**, en dit nie uit julleself nie: **dit is die gawe van God;** nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.”

Rom 6:6  “aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, **sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word** en ons nie meer die sonde sou dien nie.”

Heb 9:26  “…Maar nou het Hy een maal in die voleinding van die eeue **verskyn om die sonde deur sy offer weg te doen.**”

Joh 19:34  “Maar een van die soldate het met 'n spies **in sy sy gesteek,** en dadelik **het daar bloed en water uitgekom.**”
**Nota:** Die genesing van 'n sondaar word geillustreer in Lev 14:1-7. Een duif moes sterf om die ander een vry te laat.  Die duif wat vrygelaat is, is gedoop in die water en bloed van die duif wat geoffer is.


Hand 2:38  “En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle **gedoop** (in water) word **in die Naam van Jesus Christus** tot vergewing van sondes, **en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.**”

Net soos die Jode nie meer in Egipte was nadat hulle deur die Rooi See gegaan het nie, so dui die water doop aan dat die innerlike mens nie meer in die liggaam van sonde is nie.  Net soos die Jode **uit Egipte** geneem is, word die innerlike mens **uit die liggaam van sonde** geneem.

Hierdie verlossing uit die mag van Satan en sonde is die genade van God, wat ontvang word deur geloof in Jesus en kan nie bereik word deur die mens se eie pogings nie.

liggaam van sonde nie, en ook nie in die liggaam van Christus nie, maar in 'n wildernis van sondes. Dit is in die Gees, onder die wet van die Gees, waar hy gehoorsaamheid aan God moet leer.

Kyk & Leer!




Omdat die innerlike mens nie weet hoe om God te dien nie, en onbewus is dat sy lewe steeds neig na 'die vlees', keer hy hom tot godsdiens. Hy raak betrokke by allerhande kerk aktiwiteite want hy weet nie dat om God te dien, is om aan die Gees gehoorsaam te wees nie. Ons sien dieselfde beginsel onder die Jode: Voordat hulle die wet van God ontvang het, maak en aanbid hulle 'n goue kalf tot eer van God want hulle was afgodies.

Dit is die wet van God wat die Jode verdeel het in gehoorsames en ongehoorsames. Op dieselfde wyse veroorsaak die wet van die Gees dat die innerlike mens in homself 'n tweeledige natuur ontdek. Hy is nou beide vleeslik en geestelik. Aan die een kant doen hy nog steeds die 'werke van die vlees' maar aan die ander kant begeer hy om God te gehoorsaam.

Hierdie tweeledigheid kan ook gesien word in die saad van Isak. Sy saad het 'n tweeling voorgebring, naamlik Esau en Jakob. As 'n tweeling is hulle uit een saad gebore. Esau, wat eerste gebore is het die dinge van die wêreld begeer, terwyl Jakob, wat tweede gebore is die dinge van God begeer het. In hulle het God Sy wil geopenbaar, naamlik dat Hy die seun wat vleeslik gesind is verwerp, en die seun wat geestelik gesind is, kies.

Alhoewel Esau, die eersgeborene was aan wie die belofte van die land behoort het, het Jakob, met behulp van sy ma, die seën van die Beloofde Land verkry. Dieselfde is waar vir die innerlike mens: Die Heilige Gees sal hom help om sy ou vleeslike natuur te

Rom 8:2 "Want die wet van die **Gees van die lewe** in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van **die sonde en die dood.**"

Rom 8:9 "**julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon....**"

Ef 1:13 "...in wie julle, nadat julle ook geglo het, **verseël is met die Heilige Gees van die belofte,**"




Die ongehoorsame Egiptiese-Jood en die gehoorsame Jood, wat in die Wildernis van Sin onder die wet gebore is, openbaar die vleeslike toestand van die innerlike mens wat onder die wet van die Gees is.

Net soos die ongehoorsame Egiptiese-Jood in die Wildernis van Sin moes sterf voor die gehoorsame Jood Kanaän kon ingaan, so moet alle ongehoorsaamheid van die innerlike mens ook gedood word voordat hy in Christus kan kom.

Luk 6:46 "En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?"



Rom 8:6&7 "Want **wat die vlees bedink, is die dood,** maar **wat die Gees bedink, is lewe en vrede**, omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit **onderwerp hom nie aan die wet van God nie,** want dit kan ook nie."



Rom 8:13 "want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees **die werke van die liggaam** ('die werke van die vlees') doodmaak, sal julle lewe."

Die Heilige Gees sal die innerlike mens lei om die nuwe liggaam, wat die erfenis is, in besit te neem. Net soos Israel nie in Egipte of Kanaän was nie maar in die Wildernis, ervaar die innerlike mens ook sy eie wildernis van sondes.

Die Jode kon nie ingaan voor al die Egiptiese-Jode gesterf het nie. Dieselfde geld vir die innerlike mens. Hy kan nie in die liggaam van Christus kom voordat sy ou sondige lewe na 'die vlees' afgelê is nie.



Joh 11:16 "En Thomas, wat Dídimus (tweeling) genoem word, sê vir sy medедissipels: **Laat ons ook gaan om saam met Hom te sterwe.**" "NB!" As jy Jesus wil volg moet jy ook jou lewe verloor sodat jy dit kan vind.

Mal 1:2&3 "...is Esau nie die broer van Jakob nie? spreek die HERE. Tog het Ek Jakob liefgehad, maar Esau het Ek gehaat..."

**Let op:** Net soos Rebekka, Jakob wat tweede gebore is, gehelp het om die beloofde land te beërwe, so help die Heilige Gees die tweede gebore innerlike mens om die belofte van die liggaam van Christus te beërwe.

Ons sien hierdie beginsel in die seuns van Abraham. Ismael is gebore uit 'n slavin en Isak is gebore uit 'n vry vrou. Alhoewel Ismael Abraham se eersgeborene is, het die belofte aan Isak, die tweede geborene, behoort.
**Let op:** Ismael, gebore uit Hagar – 'die vlees' – het Isak, gebore uit

verwerp, sodat hy gehoorsaam kan word om die liggaam van Christus in te gaan.

In die Gees ervaar die innerlike mens baie lyding. Hierdie lyding bestaan want die ouer natuur na 'die vlees' is sterker as die jonger natuur na 'die Gees'. Dit is omdat sy vleeslike natuur stryd voer teen sy goddelike natuur, dat die innerlike mens sukkel om God te gehoorsaam.

Ons sien dieselfde beginsel in die Wildernis: Die nuwe geslag Jode wat onder die wet van God gebore is, kon Kanaän nie ingaan voordat die ongehoorsame Egiptiese-Jode gesterf het nie. Derhalwe moes die nuwe geslag die Wildernis verduur totdat die ou geslag verwyder is.

Dieselfde is waar vir die innerlike mens wat in die Gees is. Hy kan nie in die liggaam van Christus kom nie weens sy ongehoorsaamheid. Sy vleeslikheid is verantwoordelik vir sy ongehoorsaamheid. Die innerlike mens sal dus sy persoonlike wildernis van sonde verduur totdat al 'die werke van die vlees' wat hy doen, dood is.

'Die werke van die vlees' is as volg:
Onderdruk die waarheid, ontken God, ondankbaarheid, dwaasheid, afgodery, onreinheid, die liggaam onteer, aanbid en dien van die skepping bo die Skepper, skandelike hartstogte, slegte gesindheid, hoerery, boosheid, gierigheid, ondeug, afguns, moorddadigheid, debatvoering, bedrieglikheid, kwaadaardigheid, skinder, belaster, haat God, moedswilligheid, trots, hoogmoed, uitdink van bose dinge, ongehoorsaamheid teenoor ouers, onverskilligheid, verbond breking, sonder natuurlike liefde, wreedheid, onbarmhartigheid, bedrog, egbreuk, onteer hulself met die mensdom, diefstal, dronkenskap, uitskel, afpersing, losbandigheid, towery, vyandskap, nydigheid, toorn, twis, oproer, dwaalleer, jaloesie, belediging, onreinheid, gekskeer, hoereerder, 'n onrein en gierige persoon is 'n afgodedienaar, liefde vir self, lasterlik, onheiligheid, verbreking van vrede, valse beskuldiging, sonder selfbeheersing, woede, verag goeie mense, verraderlik, roekeloosheid, hoë dink van self, liefde vir plesier meer as liefde vir God, 'n gedaante van godsaligheid het maar die krag daarvan verloën, dubbelhartigheid, lieg en baie ander verborge sondes van die hart.

Sarah – 'die Gees' – vervolg. Dit is so want Ismael was 14 jaar ouer en derhalwe sterker as Isak.

Gen 21:10 "en sy (Sarah) sê aan Abraham: Jaag hierdie slavin en haar seun weg, want **die seun van hierdie slavin mag nie saam met my seun** Isak erwe nie."
**Let op:** Die Heilige Gees sal ook die eersgebore innerlike mens (wie na 'die vlees' is) verwyder en die tweede gebore innerlike mens (wie na 'die Gees' is) help om die liggaam van Christus te beërwe.

Die tweeledigheid van die innerlike mens plaas hom in sy eie wildernis van sondes, want toe hy in 'die vlees' was en 'n kind van ongehoorsaamheid, het die skrifte nie tot hom gespreek nie. Maar noudat die Heilige Gees sy sondige toestand aan hom openbaar, besef hy die noodsaaklikheid om van sy vleeslike natuur gered te word.

Jud 1:5 "Maar ek wil julle daaraan herinner… **dat die Here, nadat Hy die volk uit Egipteland gered het, daarna die wat ongelowig was, omgebring het.**"

Net soos ongehoorsaamheid die Jode verhinder het om Kanaän in te gaan, verhinder ongehoorsaamheid die innerlike mens om in die liggaam van Christus te kom omdat hy die Evangelie nie glo nie.

Heb 12:5-8 "…My seun, ag **die tugtiging van die Here** nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy **kasty elke seun wat Hy aanneem**. **As julle die tugtiging verdra, behandel God julle as seuns**; want watter seun is daar wat die vader nie tugtig nie? **Maar as julle sonder tugtiging is,** wat almal deelagtig geword het, **dan is julle onegte kinders** en nie seuns nie."

Heb 4:1&2 "**Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou,** dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie. Want aan ons (Christene) is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle (Jode); maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders **nie met die geloof verenig was nie.**"

Rom 2:16 "in die dag wanneer **God die verborge dinge van die mense deur Jesus Christus sal oordeel,** volgens my evangelie."

Gal 5:24 "Maar **die wat aan Christus behoort, het die vlees** (vleeslike natuur van die innerlike mens) met sy hartstogte en begeerlikhede **gekruisig.**"

Jak 2:21&22 "Is Abraham, ons vader, nie **uit die werke geregverdig toe hy Isak**, sy seun, op die altaar **geoffer het** nie? Sien jy **dat die geloof saamgewerk het met sy werke** en **dat die geloof volkome geword het uit die werke?**"

Die innerlike mens wat die Evangelie glo sal die 'werke van die vlees' kruisig. Gedurende hierdie lyding groei sy geloof namate hy gehoorsaamheid leer, totdat dit volmaak is. Wanneer sy geloof gelyk is aan dié van Abraham, wat Isak geoffer het, sal God sy geloof tot geregtigheid reken en dan het die innerlike mens deel aan die goddelike natuur. Die goddelike natuur word lewend soos die sondige natuur afsterwe.

**Gehoorsaamheid**

Gehoorsaamheid aan die geloof beïnvloed die innerlike mens op twee maniere. Die innerlike mens word met die bloed van Jesus besprenkel, en gereinig van 'n skuldige gewete. God gee dan aan hom ingang tot die liggaam van Christus.

Kyk & Leer!




Nadat al die ongehoorsame Jode gesterf het, het die gehoorsame Jode deur die Jordaan die Beloofde Land ingegaan. Netso, wanneer alle ongehoorsaamheid dood is, doop die Heilige Gees die gehoorsame innerlike mens in die liggaam van Christus in.

**IN DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS**

Die innerlike mens wat in die liggaam van Christus is, het die die rus van God ingegaan wat Hy belowe het aan almal wat Hom gehoorsaam. So 'n innerlike mens is geestelik omdat hy verander is deur die Heilige Gees. Omdat hy die verstand en natuur van die Heilige Gees het, is hy uit God gebore.

**'n Seun van God sondig nie**

Sodra die innerlike mens verander is, het hy die gees van Christus (soos Christus) en is erfgenaam van die belofte. Die kind van God wat uit gewoonte gesondig het, het 'n seun van God geword wat nie sondig nie.

Die innerlike mens is gehoorsaam omdat hy – nadat hy tot die dood toe gely het teen sy sondes – deur die doop van die Gees lewend gemaak is. So 'n gelowige

Abraham het geglo dat God die dode kon opwek; die gelowige moet ook glo dat as hy sy ou self doodmaak, die nuwe self lewend gemaak sal word. Dit is die werk van geloof wat die innerlike mens moet doen ten einde volmaak te word.

Die Jordaan was 'n geestelike doop vir die Jode. Hulle wat gevrees het vir hulle lewe, was ongehoorsaam aan God en het Kanaän verbeur.
Heb 3:18&19 "En aan wie het Hy gesweer dat **hulle in sy rus nie sal ingaan nie,** behalwe aan **die ongehoorsames** (ongelowiges)? En ons sien **dat hulle deur ongeloof nie kon ingaan nie.**"

Dieselfde is waar vir die innerlike mens wat bang is om sy sondige lewe te verloor. Omdat hy die doop van die Gees weerstaan, kan hy nie die liggaam van Christus ingaan nie.

1 Tess 4:7&8 "Want **God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking.** Daarom, hy wat dit verwerp, verwerp nie 'n mens nie, maar God wat ook sy Heilige Gees aan ons gegee het."

Tit 2:11&12 "Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn en **leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe,**"

Joh 3:5 "Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, **as iemand nie gebore word uit water** (Rooi See) **EN Gees** (Jordaan Rivier) nie, kan **hy in die koninkryk van God** (Kanäan) **nie ingaan nie."**

Rom 8:1 "**Daar is dan nou geen veroordeling vir die** wat in Christus Jesus is nie, vir die **wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.**"

2 Kor 5:17 "Daarom, **as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel;** die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."




Die gehoorsame Jode wat Kanaän ingegaan het openbaar die innerlike mens wat die liggaam van Christus in gegaan het. Net soos die ongehoorsame Egiptiese-Jode verwyder is, word die innerlike mens wat in 'die vlees' gebore is ook verwyder.

Israel is besny toe hulle Egipte verlaat het, en weer nadat hulle deur die Jordaan gegaan het. Op dieselfde wyse is die gelowige besny in die uiterlike mens toe die liggaam van sonde afgesny is, en weer in die innerlike mens toe sy sondige natuur afgesny is.

Jos 5:9 "Toe het die HERE vir Josua gesê: **Vandag het Ek die smaad van Egipte van julle afgewentel…**"

is in die bewussyn van God en het 'n goddelike natuur. Nou kan hy gehoorsaam wees en nie sondig nie.

Kyk en leer




So 'n gelowige is dan gebore uit water in die uiterlike mens en uit die Gees in die innerlike mens. Hy is in die liggaam van Christus en dra die vrug van die Gees, wat liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing is. Omdat hy die wil van God ken, hou hy homself onberispelik teenoor die wêreld, en die Bose het geen vat op hom nie.

Die Evangelie van Christus het die innerlike mens geroep om die heerlikheid van die Here Jesus Christus te verkry. Noudat die innerlike mens vry is van sy ou sondige natuur en 'n dienskneg van geregtigheid is, kan hy seker wees van die ewige lewe. Hy sal die kroon van die lewe ontvang wanneer sy sterflike liggaam in 'n onsterflike liggaam verander word.

Om in Christus te wees is om in die liggaam van Christus te wees, wat ook die Kerk genoem word. Die Kerk stem dus ooreen met Kanaän. Net soos die Jode alle afgodedienaars uit Kanaän moes verwyder, moet die gehoorsame gelowiges alle ongehoorsame gelowiges onder hulle uit verwyder.

1 Pet 5:10 "En mag die God van alle genade self, **wat ons geroep het tot sy ewige heerlikheid** in Christus Jesus, **nadat ons 'n kort tyd gely het, julle volmaak, bevestig, versterk en grondves!**"

Heb 4:9-11 "Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God; want **wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke** soos God van syne. **Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus,** sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie."

1 Joh 5:18-20 "Ons weet dat **elkeen wat uit God gebore is, nie sondig nie;** maar **hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bose het geen vat op hom nie.** Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê. En ons weet dat die Seun van God gekom het en **ons verstand gegee** het **om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus...**"

# OPSOMMING




**IN DIE LIGGAAM VAN SONDE**
Sondaars (die wêreld) weet wat reg is en het daarom geen verskoning vir hul oortredinge nie. Hulle aanvaar ongehoorsaamheid (sonde) as deel van hul lewe. Nie alleenlik is hulle self ongehoorsaam nie, maar kom ook diegene wat oortree tegemoet. Die regverdige oordeel van God is dat elkeen wat sondig onwaardig is en die dood verdien.




**SONDE VERNIETIG**
Deur geloof in Jesus kan 'n sondaar die doodstraf vermy want Jesus is die plaasvervangende offer vir sy sondes van die verlede.




**IN DIE GEES**
Wanneer die innerlike mens in die Gees is, leer die Heilige Gees die oortreder gehoorsaamheid deur die waarheid te openbaar.




**VLEESLIKHEID VERWYDER**
Deur gehoorsaamheid aan die geloof word die vleeslike natuur deur die Gees gedood, sodat die innerlike mens die liggaam van Christus kan ingaan.




**IN DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS**
Dié innerlike mens weet wat reg is en aanvaar nie ongehoorsaamheid as deel van sy lewe nie. Die regverdige oordeel van God is dat die heilige die ewige lewe waardig is.

## SLOTSOM

## DIE KERK

Ons het gewys dat God sondaars, wat in die liggaam van Adam is, roep om heiliges in die liggaam van Christus te wees. Gesamentlik is die sondaars die Wêreld, en gesamentlik is die heiliges die Kerk. Die Wêreld is die koninkryk van duisternis want dit word regeer deur die kennis van 'goed & kwaad'. Die Kerk, aan die ander kant, is die koninkryk van lig want dit word deur die kennis van God regeer.


**Die Kerk (Kanaän)**

Kanaän was die koninkryk van God op aarde want die wet van God het daarin geheers. Ons sien dat daar mense in Kanaän was wat die wet van God gehoorsaam het, asook afgodedienaars wat nie die wet van God gehoorsaam het nie. Omdat die wet geen afgodery toelaat nie, moes die gehoorsame Jode alle afgodedienaars uit die land verwyder.

Netso is die Kerk die koninkryk van God op aarde. Maar net soos met Kanaän, vind ons die goddelike sowel as die goddelose in die Kerk. Omdat die wet van die Gees in die Liggaam van Christus heers, word sonde nie in die Kerk toegelaat nie. Om hierdie rede moet die goddelose hulle bekeer van hul sondes en goddelik word. As hulle hul nie bekeer en verander nie, moet hulle verwyder word want hulle is anti-Christus.

Die ware Kerk oordeel dus sonde en hou homself rein en onberispelik.

Kyk & Leer!




**VERWYSINGS EN KOMMENTARE**

Ef 2:1&2 "En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes waarin **julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug,** van die gees wat nou **in die kinders van die ongehoorsaamheid** (sondaars) **werk,**"

Kol 1:13 "Hy wat ons **verlos het uit die mag van die duisternis** en oorgebring het in die **koninkryk van die Seun van sy liefde,**"

Die wêreld het baie gelowe en godsdienste. Die Kerk, aan die ander kant, is as gevolg van die Heilige Gees 'n werklikheid, nie 'n godsdiens nie.

Jos 24:20&23 "**As julle die HERE verlaat en vreemde gode dien, sal Hy julle weer kwaad aandoen en julle vernietig,** nadat Hy aan julle goed gedoen het. **Verwyder** dan nou **die vreemde gode** wat onder julle is, **en neig julle hart tot die HERE**, die God van Israel."

Ons weet dat die Jode nie ag gegee het op die waarskuwing van Joshua nie, tog het 'n oorblyfsel getrou gebly.

1 Kon 19:14&18 "En hy (Elia) antwoord… **die kinders van Israel het u verbond verlaat**… sodat ek alleen oorgebly het; en hulle soek my lewe om dit weg te neem. Maar Ek (die Here) sal **sewe duisend in Israel laat oorbly, al die knieë wat nie voor Baäl gekniel** en elke mond wat hom nie gesoen **het nie.**"

1 Kor 5:11-13 "maar nou skryf ek aan julle om **nie om te gaan met iemand wat, al staan hy as 'n broeder bekend,** 'n hoereerder is of 'n gierigaard of 'n afgodedienaar of 'n kwaadspreker of 'n dronkaard of 'n rower nie; **met so iemand moet julle selfs nie saam eet nie.** Want waarom sou ek ook die wat buite is, oordeel? **Oordeel julle nie die wat binne is nie?** Maar die wat buite is, oordeel God. **Verwyder tog dié slegte mens onder julle uit.**"

1 Tim 6:3&4 "As iemand iets anders leer en nie instem met die **gesonde woorde van onse Here Jesus Christus** en met **die leer wat volgens die godsaligheid is** nie, dié is verwaand en verstaan niks nie…"

Ef 5:23&27 "Want die man is die hoof van die vrou, **soos Christus ook Hoof is van die gemeente;** en Hy is die Verlosser van **die liggaam. sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik**, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit **heilig en sonder gebrek** sou wees."

Ef 3:8-10 "Aan my, die geringste van al die heiliges, is hierdie genade gegee **om onder die heidene die evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus te verkondig,** en vir almal aan die lig te bring wat die gemeenskap is van die verborgenheid wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het deur Jesus Christus, **sodat nou deur die gemeente aan die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak kan word,**"

## Die Kerk is die liggaam van Christus

Die diagram op die vorige bladsy wys dat die liggaam van Christus sonder sonde is en dus moet die Kerk ook sonder sonde wees. Net diegene wat die heiligmaking volbring het, is lede van Sy liggaam. Dit is waar want die Skrif leer ons: "… soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld." (1 Joh 4:17)

Adam het die seun van Satan geword deur sy ongehoorsaamheid, en Jesus het die Seun van God geword deur gehoorsaamheid. Elke man is die hoof van sy eie liggaam. Adam is die hoof van sondaars en Christus is die hoof van heiliges. 'n Mens is dus óf in die liggaam van Adam, óf in die liggaam van Christus.

Die Wêreld bestaan uit 'n liggaam van mense wat sondig, en die Kerk bestaan uit 'n liggaam van mense wat nie sondig nie. Omdat die liggaam van Christus uit heiliges bestaan, moet die nuwe bekeerlinge in Christus heilig word. Om heilig te wees moet hy of sy hulle bekeer van hul sondes, en gehoorsaam word aan die Gees.

Die leser moet nie die hedendaagse kerke verwar met die Kerk van Jesus Christus nie. Die ware Kerk is nie sigbaar nie, want die hedendaagse kerke het aangepas by die wêreld in die sin dat hulle sonde en sondaars akkommodeer.

As ons seuns van God wil laat manifesteer, moet die valse leringe van ons dag gestop word, want slegs die waarheid in Christus sal die lidmate vry maak om heilig te wees.

## Ondersoek jouself

Onthou! Om van denominasie of kerk te verander, sal jou nie vry maak om 'n heilige te wees nie. Jy moet jouself verander, met behulp van die Heilige Gees en ondersteuning van ander eensgesinde gelowiges wat die waarheid liefhet, en die leuen verwerp.

Die nagmaal is God se instrument wat die gelowige verplig om homself of haarself te ondersoek ten einde die heiligmaking te volbring. Die persoon wat eet en drink van die brood en wyn, verklaar dat hy of sy gemeenskap het met die liggaam en lewe van die Here.

1 Tim 3:15 "Maar as ek vertoef, dan kan jy weet **hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die gemeente is** van die lewende God, '**n pilaar en grondslag van die waarheid.**"

1 Joh 3:2&3 "Geliefdes, **nou is ons kinders van God,** en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar **ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees,** omdat ons Hom sal sien soos Hy is. **En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is.**"

Rom 5:19 "Want soos **deur die ongehoorsaamheid van die een mens** baie tot sondaars gestel is, so sal ook **deur die gehoorsaamheid van die Één** baie tot regverdiges gestel word."

1 Joh 3:10 "Hierin is die kinders van God en die kinders van die duiwel openbaar: **elkeen wat die geregtigheid nie doen nie, is nie uit God nie,** en hy ook wat sy broeder nie liefhet nie."

Ef 4:20-24 "Maar julle het Christus nie so leer ken nie, **as julle ten minste van Hom gehoor het en in Hom onderrig is** soos die waarheid is in Jesus: dat julle, wat die vorige lewenswandel betref die oue mens (Adam) **moet aflê** wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, en dat **julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed** en julle met die nuwe mens (Christus) **moet beklee** wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid."

1 Kor 3:3&4 "omdat julle nog vleeslik is; **want aangesien daar onder julle jaloersheid en twis en tweedrag is, is julle nie vleeslik nie en wandel julle nie na die mens** (die wêreld) nie? Want as die een sê: Ek is van Paulus; en die ander: Ek van Apollos—is julle nie vleeslik nie?"

1 Kor 15:34 "**Wees nugter op die regte manier, en sondig nie; want sommige het geen kennis van God** nie. Ek sê dit tot julle beskaming."

2 Kor 13:5 "**Ondersoek julself of julle in die geloof is;** stel julself op die proef. Of is julle nie seker van julself dat Jesus Christus in julle is nie—**as julle ten minste nie verwerplik is nie!**"

1 Kor 5:6-8 "Julle roem is nie mooi nie. Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie? **Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees**—soos julle inderdaad ongesuurd is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. Laat ons dan feesvier (nagmaal), nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid."

1 Kor 11:27, 29, 31&32 "Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here. **Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself,** terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie. **Want as ons onsself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie.** Maar as ons geoordeel word, word ons deur die Here getugtig, **sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie.**"

Elke gelowige moet derhalwe sy eie lewe ondersoek, asook dié van sy mede-gelowiges, want afsonderlik en tesame is hulle die liggaam van die Here. Aangesien die liggaam van die Here heilig is, moet alle gelowiges hulself reinig want die Kerk moet ook heilig wees.

Enige persoon wat sonde in sy lewe akkommodeer, eet en drink 'n oordeel oor homself en sal saam met die wêreld deur God veroordeel word, tensy hy of sy berou kry en wegdraai van sulke goddeloosheid.

Op 3:16 “Maar nou, **omdat jy lou is** en nie koud of warm nie, sal **Ek jou uit my mond spuug.**”

# AFDELING
# DRIE

## GOD SE EWIGHEIDS VOORNEME

**In hierdie afdeling wil ons uitlig:**

- God het Homself geopenbaar as drie persone;
- Die mens is 'n drie-eenheid met 'n siel, 'n gees en 'n liggaam;
- Ongehoorsaamheid het die goddelike orde van die innerlike mens verderf voor sonde in die liggaam kon kom;
- Jesus is Here, want Hy het Satan oorwin deur Sy gehoorsaamheid aan God en die liggaam van sonde vernietig;
- Die Heilige Gees bevry die gelowige van sonde en help die innerlike mens om weer goddelik te word.

**Bid gereeld hierdie gebed geneem uit Filippense 1:9-11:**

"*Vader* dit bid EK .....................................................
*"(Plaas jou naam hierbo asseblief)"*
dat MY liefde (gehoorsaamheid) nog meer
en meer oorvloedig mag word in kennis en alle ervaring,
om die dinge waar dit op aankom, te onderskei,
sodat EK rein en vir niemand 'n aanstoot mag wees nie,
tot op die dag van Christus,
vervul met die vrug van geregtigheid
wat daar is deur Jesus Christus
tot heerlikheid en lof van God."
*AMEN.*

## HOOFSTUK 7


## GOD GEOPENBAAR IN DIE MENS

Die ewige voorneme van God, is dat Hy volgens Sy eie wil, besluit het om seuns vir Homself aan te neem deur Sy Seun – Jesus Christus. As gevolg van hierdie wil is ons bestem en uitverkies om as seuns van God aangeneem te word. Deur Jesus Christus, het God aan die mens getoon dat 'n seun van God nie sondig nie. Dit is hoekom God ons roep om heilig en sonder gebrek (volmaak) voor Hom te wees.

In die bedeling voor Christus kon die innerlike mens as gevolg van sonde in die liggaam, nie ophou sondig nie. Om hierdie rede het Jesus, die Seun van God, in 'n liggaam van sonde verskyn om sonde te vernietig sodat God 'n liggaam sonder sonde kon skep vir die seuns van God om in te woon.

### GOD OPENBAAR HOMSELF AS DRIE PERSONE

Kyk & Leer!




God is gees, en het Homself aan ons geopenbaaar as drie persone. Hierdie onsigbare God het Homself geopenbaar as die Vader, die Woord en die Heilige Gees. Alhoewel God een is, is die Vader, die Woord en die Heilige Gees afsonderlike persone, en elkeen funksioneer in Sy eie hoedanigheid as God.

Die Vader is die SIEL van God; die Heilige Gees is die GEES van God; en die Woord, wat in 'n liggaam gemanifesteer het, is die SEUN van God. Omdat die Woord die saad van God is, is die volheid van God geopenbaar in die Seun.

**VERWYSINGS EN KOMMENTARE**


Ef 1:4&5 "soos Hy ons in Hom uitverkies het **voor die grondlegging van die wêreld** om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat **Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem** deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil,"

1 Joh 4:17 "Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; **want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld.**"

Luk 24:39 "**Kyk na my hande en my voete,** want dit is Ek (Jesus) self. **Voel aan My en kyk;** want 'n gees ('n spook) het nie vlees en bene ('n liggaam) soos julle sien dat Ek het nie."
1 Joh 1:1&2 "…**wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het** aangaande die Woord van die lewe …en ons getuig en verkondig aan julle **die ewige lewe** wat by die Vader was en **aan ons geopenbaar is.**"

Toe die innerlike mens, Jesus, in die liggaam van sonde was, het die liggaam nie ewige lewe gehad nie want dit verouder en sterf. Die nuwe liggaam, sonder sonde, kan nie oud word en doodgaan nie, want dit het ewige lewe.

<u>God is 'n Drie-eenheid soos geïllustreer in die diagram hieronder</u>




Die Vader is die **siel** en hoof van die Drie-eenheid. Die Heilige Gees is die **gees** van die Drie-eenheid en die Seun is die **liggaam** van die Drie-eenheid. Daarom is die mens geskep met 'n siel, 'n gees, en 'n liggaam.

1 Joh 5:7 "Want **daar is drie** wat getuig in die hemel: **die Vader**, **die Woord** en **die Heilige Gees,** en hierdie drie is een;"

Matt 28:19 "Gaan… maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van **die Vader** en **die Seun** en **die Heilige Gees;** en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."

Kol 2:9 "Want in Hom (die Seun) woon **al die volheid van die Godheid liggaamlik;**"

1 Joh 5:20 "En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het **om die Waaragtige** (God) **te ken**; en ons is in die Waaragtige, in **sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe.**"

**Die Vader**

Die Vader is die SIEL en die verstand van God. Die wil van God lê dus by die Vader en Hy neem die besluite. As die hoof van die drie-eenheid, het die Vader die gesag om te oordeel.

**Die Heilige Gees**

Die Heilige Gees is die GEES van God. Die natuur van God lê by Sy gees wat heilig is. Die Heilige Gees is onderworpe aan die hoof. As die gees van die drie-eenheid, het die Heilige Gees die mag om die wil van die Vader uit te voer en voort te bring.

Gesamentlik is die Vader en die Heilige Gees die 'vader' en die 'moeder' van die Seun.

**Die Woord**

Die Woord van God is die Een deur wie God die sigbare wêrelde geskep het. Die Woord doen die werke van die Vader deur die krag van die Gees.


God het voor die skepping van die wêreld voorbeskik dat die Woord eendag in 'n LIGGAAM as die Seun van God sou woon.

**DIE SKEPPING VAN DIE MENS**

Die verborgenheid wat deur die eeue verberg was, is dat God Homself eendag in die mens sou openbaar. Toe die eerste mens geskep is, het God die proses begin om 'n liggaam te skep waarin die Woord uiteindelik sou woon.

Derhalwe het God Adam geskep gebasseer op die "verborge geheimenis" soos in die diagram op die vorige bladsy geïllustreer, en om hierdie rede word Adam die seun van God genoem.

Kyk & Leer!




Jak 4:12 "**Een is die Wetgewer** (die Vader), Hy wat mag het om te red en te verderf…"

Heb 12:28&29 "…laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. Want onse God is **'n verterende vuur.**"

Heb 10:31 "**Vreeslik is dit** om te val in die hande van **die lewende God** (die Vader)."

Joh 16:13 "Maar wanneer Hy gekom het, **die Gees van die waarheid,** sal Hy julle in die hele waarheid lei; want **Hy** (die Heilige Gees) **sal nie uit Homself spreek nie,** maar **alles wat Hy hoor** (van die Vader), **sal Hy spreek** en die toekomstige dinge aan julle verkondig."

Hand 1:8 "maar julle sal **krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom**…"
Rom 15:19 "deur die krag van tekens en wonders, **deur die krag van die Gees van God**…"

El Shaddai beteken 'Een wat versorg'. Een wat seën, voed, voorsien en bevredig. Sien Gen 17:1&2 en Gen 28:3.
Ef 5:27 (NKJV) verwys ook na die Kerk as "HAAR". Die Kerk en die Heilige Gees bring kinders voort vir God die Vader.

Heb 1:1-3 "…het **Hy** (God die Vader het) in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die **Seun** (Jesus) wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, **deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.** Hy, **wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese** en **alle dinge dra deur die woord van sy krag** (die Gees)…"

1 Tim 3:16 "En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: **God is geopenbaar in die vlees** (in die ou liggaam), is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, **is opgeneem in heerlikheid** (in die nuwe liggaam)."

Gen 1:26 "En God het gesê: Laat **Ons** mense maak na **ons beeld** (die uiterlike mens), na **ons gelykenis** (die innerlike mens)…"

**Let Wel:** Die woord "Ons" verwys ook na die Drie-eenheid van God.

Luk 3:38 "die seun van Enos, die **seun van Set**, die seun van **Adam**, die **seun van God.**"

1 Tess 5:23 "En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle **gees en siel en liggaam** geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!"

1 Kor 11:7 "Want **'n man** moet die hoof nie bedek nie, omdat **hy die beeld** (uiterlike mens) **en heerlikheid** (innerlike mens) **van God is**; maar die vrou is die heerlikheid van die man."


Omdat God as drie persone bestaan, het Hy die mens geskep met 'n siel, 'n gees en 'n liggaam. Die siel en gees is die innerlike mens en die natuurlike liggaam is die uiterlike mens. Die siel is die hoof van die innerlike mens soos die Vader. Die gees is die liggaam van die innerlike mens soos die Heilige Gees. Die liggaam is soos die Woord.

Die konsep van 'n familie bestaan ook in God. Omdat 'n gesin uit 'n vader, 'n moeder en 'n kind bestaan, het God die menslike liggaam as manlik en vroulik geskep ten einde 'n kind voort te bring. As die Skepper, kon God baie mense geskep het, maar het verkies om kinders voort te bring deur die man en die vrou in die huwelik.

**DIE SKEPPING VAN 'N GESIN**

Omdat die konsep van 'n gesin in God bestaan, het Hy die mens in twee dele geskep; 'n man en 'n vrou sodat hulle 'n nageslag kan voortbring. Op die manier openbaar die vader, die moeder en die kind die drie-eenheid van God, wat die Vader, die Heilige Gees en die Seun is.

Kyk & Leer!




**DIE GODHEID GEOPENBAAR IN DIE GESIN**

Die diagram hierbo illustreer die drie-eenheid van die mens, wat net in die gesin gesien kan word. Die man met sy vrou beeld die innerlike mens uit, terwyl die kind die uiterlike mens uitbeeld. Die man en die vrou in die huwelik verteenwoordig die siel en die gees van Adam. Die kind verteenwoordig die liggaam van Adam.

Omdat die siel en die gees van die innerlike mens een is, kan hulle nie geskei word nie. Om hierdie rede is die man en die vrou ook een. Hulle is een liggaam want die vrou is uit die man geneem. Die saad van die

Die innerlike mens is geskape in die gelykenis van God en vir hierdie rede is die siel die hoof van die gees. Die liggaam is geskape in die beeld wat God vir die Seun ingedagte gehad het. Dit is hoekom Adam ook die seun van God genoem word.

'n Man en vrou sonder kinders maak nie 'n gesin uit nie. Sodra hulle eerste kind gebore word, is die man 'n vader en die vrou 'n moeder. Slegs dan is hulle 'n familie-eenheid.

Mal 2:15 "Het Hy dan nie **een** mens gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het **'n geslag** (saad) van God gesoek…"

Luk 3:8 "…want ek sê vir julle dat **God mag het om uit hierdie klippe kinders** vir Abraham **te verwek.**"

Gen 2:23&24 "Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want **sy is uit die man geneem.** Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. **En hulle** (die twee) sal **een vlees** (in die kind) **wees.**"

God het die man geskep en daarna die vrou uit hom geskep. Hierdie twee is eintlik een want God **die Vader** en God **die Heilige Gees** is een. Die man en vrou wat God geskape het kon nou 'n kind in hulle eie beeld en gelykenis voortbring. Dit is die kind wat die derde persoon in die Drie-eenheid verteenwoordig. Die kind is ook die saad van die mens, net soos die Woord die Saad van God is.

1 Kor 11:8 "Want **die man is nie uit die vrou nie, maar die vrou uit die man.**"

1 Tim 2:13 "Want **Adam is eerste gemaak,** daarna Eva."

1 Pet 3:1&5 "Net so moet julle, **vroue,** aan jul **eie mans onderdanig wees**… Want so het vroeër ook die **heilige vroue** wat op God gehoop het, hulleself versier, en hulle was **aan hul eie mans onderdanig,**"

**Let Wel:** Heilig beteken die Gees van God is rein, volmaak, sonder sonde en onderdanig aan die Vader. As die gees nie onderdanig is aan die siel nie, dan is die gees van die mens 'n bose gees.

Die bogenoemde beginsel openbaar God se volmaakte wil vir die mens aangaande die huwelik. Die toestand van meeste hedendaagse huwelike is teenstrydig met die raad van God en derhalwe sondig.

**Let Wel:** Gay en lesbiese verhoudinge bestaan nie in die openbaring van God nie. Omdat sulke verhoudings nie 'n kind kan voortbring nie, verteenwoordig hulle nie die Godheid nie. Verhoudinge tussen mense van dieselfde geslag is 'n oortreding van God se volmaakte orde want hulle kan nie kinders voortbring nie.

man in die vrou bring 'n kind voort, en in die kind kan ons sien dat die twee weer een word. Die volheid van die mens (siel, gees en liggaam) word gereproduseer in die kind wat die saad is vir die volgende geslag. Die mens is geskep in die gelykenis en beeld van God sodat elke persoon, asook die gesin, 'n sigbare uitdrukking kan wees van die Godheid.

**Die verhouding tussen man, vrou en kind**

In die gesin is die man die siel en hoof, net soos God die Vader. Die vrou is die gees en onderworpe aan haar hoof, net soos God die Heilige Gees aan die Vader onderworpe is. Die kind is die liggaam en gehoorsaam sy ouers net soos God die Seun, die Vader en die Heilige Gees gehoorsaam.

**DIE GESKAPE ORDE VAN DIE MENS**

Die verhouding tussen die vader, die moeder en die kind in die gesin openbaar aan ons God se beginsels wat die siel, die gees en die liggaam van 'n persoon reguleer.

**Die siel van die mens (Die man)**

Die siel is die hoof en die verstand van die innerlike mens. God hou die siel (man) verantwoordelik vir die welsyn van die gees (vrou) asook die van die liggaam (kind). Omdat die siel (man) die gesag het, sal hy deur God geoordeel word.

**Die gees van die mens (Die vrou)**

Die gees is die gees-liggaam en natuur van die innerlike mens. Omdat die gees (vrou) onderworpe is aan die siel (man), ondersteun en druk die gees die wil van die siel (man) op die liggaam (kind) af.

**Die natuurlike liggaam van die mens (Die kind)**

Die natuurlike liggaam is die uiterlike mens. Die liggaam (kind) gehoorsaam en doen die wil van die siel (vader).


**DIE MENS IS VOLMAAK GESKEP**

Die verhouding tussen die siel, die gees en die liggaam van die mens beeld die drie areas van regering in 'n goddelike mens uit. Die siel neem die

Dit is die kinders wat die saad is vir die volgende geslag. As mense nie kinders voortbring nie, sal die mensdom uitsterf.

Rom 1:26&27 "…want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en **in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand**: manne het met manne **skandelikheid bedrywe**…"

1 Kor 11:3 "Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en **die man die hoof van die vrou**…"




Tit 1:6 "as iemand ('n man) onberispelik is, **die man van een vrou, gelowige** (gehoorsame) **kinders het** wat nie beskuldig word van losbandigheid of tugteloos is nie."

Kol 3:18-20 "**Vroue, wees julle mans onderdanig** soos dit betaamlik is in die Here. **Manne,** julle moet jul **vroue liefhê** en nie teen hulle verbitter word nie. **Kinders,** julle moet jul **ouers** in alles **gehoorsaam** wees, want dit is die Here welbehaaglik."


Gen 3:16 "…en na **jou man** sal jou begeerte wees, en **hy sal oor jou heers.**"

Ef 5:22&23 "**Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig,** soos aan die Here. Want die man is die hoof van die vrou…"

Ef 5:25 "**Manne, julle moet jul eie vroue liefhê,** soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor (vir haar) oorgegee het"

1 Kor 11:7 "…maar **die vrou is die heerlikheid van die man**."

Ef 6:1&2 "**Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam** wees in die Here, want dit is reg. Eer jou vader en jou moeder—dit is die eerste gebod met 'n belofte"



besluite.  Die gees pas die besluite toe, en die liggaam gehoorsaam.  Volmaaktheid beteken dus dat elke lid 'n aangewese taak het om te vervul en elke lid funksioneer volgens die beginsel wat God aan hom toegeken het.

As die volmaakte orde waarin elke lid van die mens funksioneer versteur word, verloor die mens onmiddellik die heerlikheid van God en word 'n sondaar.


Al wat Satan moes doen was om die goddelike orde te versteur.  Om hierdie rede het hy Adam, die hoof, omseil en Eva verlei om hom te gehoorsaam.  Toe Eva aan Satan toegee, was sy nie meer onderworpe aan haar hoof nie, en toe Adam aan Eva toegee, was hy nie meer die hoof van sy vrou nie.

1 Kor 11:11&12  “En tog, in die Here (die perfekte mens) is die man (siel) nie sonder die vrou (gees) nie, en die vrou (gees) ook nie sonder die man (siel) nie.  Want soos die vrou uit die man is, so is ook die man deur middel van die vrou; **maar alles is uit God.**”


Die Hoof Uitvoerende Beampte (die siel) van 'n maatskappy neem ’n besluit, die bestuurder (die gees) pas die besluit toe, en sien toe dat die werker (die liggaam) die wil van die Hoof doen.

In die familie-eenheid, is die vader die Hoof Uitvoerende Beampte; die moeder is die bestuurder en sy maak seker dat die kind gehoorsaam en die wil van die vader doen.


## OPSOMMING




**DIE VERBORGE GEHEIMENIS**
God se voorneme was dat die Woord in 'n menslike liggaam sou woon as die Seun van God en dat Hy oor alles sal heers wat God deur Hom geskep het.




**GOD GEOPENBAAR IN DIE MENS**
Omdat God Een is, het Hy een mens geskep. Omdat God 'n drie-eenheid is, het die mens 'n siel, 'n gees en 'n liggaam. God het die mens aangestel om oor Sy skepping te heers.




**GOD GEOPENBAAR IN DIE GESIN**
Die man verteenwoording God die Vader, die vrou verteenwoordig God die Heilige Gees en die kind verteenwoordig God die Seun.

God het die mens in twee dele gemaak – 'n man en vrou wat 'n kind kan voortbring. Die kind is die saad van die mens vir die volgende geslag. Die mens het dus die vermoë om vir ewig te lewe soos God.

## HOOFSTUK 8

## DIE VAL VAN DIE MENS

God openbaar Homself as 'n drie-eenheid – die Vader, die Heilige Gees en die Woord. Die Vader is die siel en die hoof van die Heilige Gees wat onderworpe is aan Hom. Die wil van die Vader word deur die Woord volbring met die hulp van die Heilige Gees.


Volmaaktheid beteken dus dat die siel die hoof van die gees is en die liggaam doen die werk. Gesamentlik vorm die siel en die gees die innerlike mens terwyl die liggaam die uiterlike mens en derde persoon in die drie-eenheid is. Die mens was 'n goddelike wese want sy siel, sy gees en sy liggaam het volgens hulle aangewese orde gefunksioneer.

God se beginsel is dat die siel oor die gees heers en dat die gees die liggaam beheer. Die sondeval het plaasgevind toe die gees die gesag van die siel wederregtelik in besit geneem het, wat meegebring het dat die liggaam ongehoorsaam word. Toe God se aangewese goddelike orde omgekeer is, het die mens 'n onheilige wese geword.

**Die val van die gees en die siel**

Die val van die volmaakte mens is onthul in die lewens van Adam en Eva. Die diagram hieronder illustreer dat die gees die siel wederregtelik in besit geneem het.

Kyk & Leer!




Voordat Eva geskep is het God Adam beveel om nie van die boom van die kennis van 'goed & kwaad' te eet

**VERWYSINGS EN KOMMENTARE**

Die Vader, die Heilige Gees en die Woord het elk hulle eie plek in die Godheid en elkeen funksioneer volgens Sy eie beginsel. Alles wat God geskep het, het 'n plek en 'n funksie. As God se geskape orde versteur word, word dit ongoddelik. Dit is wat gebeur het toe Satan en sy engele die domein verlaat het wat God vir hulle geskep het.

Jud 1:6 "En die engele **wat hul eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het**, het **Hy vir die oordeel** van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis **bewaar;**"

Matt 5:48 "Wees julle dan **volmaak** soos julle **Vader** in die hemele volmaak is."
1 Pet 3:5 "Want so het vroeër ook die **heilige vroue** wat op God gehoop het, hulleself versier, en hulle **was aan hul eie mans onderdanig,**"
Ef 6:1 "**Kinders,** julle moet jul ouers **gehoorsaam** wees in die Here, want dit is reg."

**Let Wel:** 'n Volmaakte mens is iemand wie se gees onderdanig is aan sy siel en 'n liggaam wat gehoorsaam. 'n Gesin is ook volmaak wanneer die vrou onderdanig is aan haar man en die kinders die ouers gehoorsaam.

As die gees egter nie onderdanig is aan die siel nie, kan die liggaam nie die siel gehoorsaam nie. Wanneer die vrou nie toegee aan die man nie sal die kinders hom ook nie gehoorsaam nie.

Eva het die wet wat vir haar geskep is oortree, want sy het nie onderdanig gebly aan Adam, haar hoof nie. Sedertdien domineer die gees van die mens ook die siel.

1 Tim 2:13&14 "Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva. En Adam (die siel) is nie verlei nie, maar **die vrou** (die gees) **het haar laat verlei** en het **in oortreding gekom.**"

Die gevolg van die val is dat die mens nou leef volgens die begeerte van sy gees (hart) en nie meer volgens die gesonde verstand van sy siel (verstand) nie.

Verlei deur Satan, het Eva haar wet verbreek. God het die vrou gemaak om die helper te wees, maar toe word sy die meester. Dit is hoekom die gees van die mens sy siel domineer.

Satan het Eva mislei omdat hy ook die orde verlaat het wat vir hom geskep is.
Jes 14:13 "…Ek wil **opklim** in die hemel, my troon **verhef bo** die sterre van God… Ek (Satan) wil… my **gelykstel** met die Allerhoogste (God)!"

1 Kor 11:3 "Maar ek wil hê dat julle moet weet dat **Christus die hoof is van elke man,** en **die man die hoof van die vrou,** en God die hoof van Christus."
**Nota:** Hierdie is God se orde maar sedert die val is dit nie meer die geval nie. Sedertdien is die vrou die hoof van die man en Satan is die hoof van die vrou.
Voorbeelde: Toe Simson aan Delila toegee, was God nie meer sy hoof nie. Toe Abram toegee aan Sarai, het Abram God verontagsaam en Ismael, in stede van Isak, is gebore.

nie. Eva, aan die ander kant, het God se bevel via Adam, haar hoof, gekry. God het met Adam (siel) gepraat en nie met Eva (gees) nie. Satan het egter God se beginsel geskend en direk met Eva (gees), wat nie die hoof van die eenheid was nie, gepraat.

Satan het geweet dat die kennis van 'goed & kwaad' liste en begeertes in die gees skep, en omdat die natuur van die gees sterker is as die siel, Eva vir Adam gevange sou neem om aan God ongehoorsaam te word. Dit is waarom Satan gekies het om die kennis van 'goed & kwaad' aan Eva te openbaar.

Die volgende diagram illustreer die gevalle toestand van die innerlike mens.

Kyk & Leer!




**ONGODDELIKE INNERLIKE MENS**


Die siel vind dat hy magteloos is om sy eie wil te laat geskied want die gees oorheers hom en die begeertes van die gees word gedoen.

Omdat die goddelike orde van die innerlike mens omgekeer is, het die uiterlike mens (liggaam) die eiendom van Satan en die woonplek van duiwels geword.

**Die val van die liggaam**

Toe Adam en Eva Satan gehoorsaam, het die liggaam die eiendom van Satan geword, en die wet van sonde en dood heers van toe af daarin.

Kyk & Leer!




**LIGGAAM VAN SONDE**
**(Die saad van die mens)**

Gen 2:16-18 "En die HERE **God het aan die mens** (Adam) **bevel gegee** en gesê:… maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie;… Ook het die HERE God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. **Ek sal vir hom 'n hulp** (Eva) **maak** wat by hom pas."

Rom 6:16 "Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle **diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is** nie òf van die sonde tot die dood..."

Satan het ook sy eie val ervaar toe hy kennis van 'goed & kwaad' verkry het. Die gevolg is dat Satan die orde wat vir hom geskep is verlaat het, en homself aan God gelyk gestel het. Hy kon nie meer aan God onderwerp nie. In sy gesprek met Eva het hy aan haar die kennis van 'goed & kwaad' gegee en toe kon sy ook nie meer onderdanig wees aan Adam nie.

Job 2:7, 9&10 "En **die Satan het weggegaan**… en **hy het Job met bose swere getref**… **Toe sê sy vrou** vir hom: Volhard jy nog in jou vroomheid? **Seën** (vloek) **God, en sterf!** Maar hy antwoord haar: Soos 'n dwaas praat, praat jy..."
**Nota:** Uit hierdie skrif kan jy sien dat die vrou (die gees) nie kan lei nie want die gees dink nie, maar tree op volgens emosies. Omdat Job nie aan sy vrou toegegee het nie, het God hom mettertyd herstel.

Gen 19:26 "En **sy vrou het agter hom omgekyk,** en sy het 'n soutpilaar geword."
**Nota:** Lot (die siel) is beveel om nie terug te kyk nie, maar sy vrou (die gees) het terug gekyk. Hier, weereens, sien ons die ongehoorsame natuur van die onheilige gees.

Jak 1:14&15 "Maar elkeen word versoek as hy (die siel) **deur sy eie begeerlikheid** (die gees) **weggesleep en verlok word.** Daarna, as **die begeerlikheid ontvang** (die vrou) het, **baar** dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort."
**Nota:** Slegs 'n vrou kan swanger raak, wat bewys dat die gees soos 'n vrou is.

Spr 25:28 "'n Afgebreekte stad sonder muur, **so is 'n man** (siel) **wat sy gees nie kan inhou nie.**"

Wanneer 'n stadsmuur afgebreek word kan die vyand ingaan. Dit is wat met die liggaam van die mens gebeur het. Demone, soveel as 'n legioen, kan die liggaam beset. (Mark 5:9&15)

Wanneer die inwoners van 'n land vir 'n nuwe regering stem, sal die wet van die nuwe regering in die land oor hulle heers. Toe Adam en Eva vir Satan gestem het, het die liggaam die koninkryk van Satan geword. Sonde het toe in die liggaam gekom en heers oor die innerlike mens.
Rom 7:20 "Maar as ek doen wat ek nie wil nie, dan doen ek dit nie meer nie, maar die **sonde wat in my** (liggaam) **woon.**"

Luk 17:21 "…want **die koninkryk van God is binne-in julle.**"
**Nota:** Uit hierdie vers kan ons aflei dat die koninkryk van Satan ook in die liggaam is.


Al drie lede van die mens het onder die beheer van Satan gekom. Die liggaam was nou die liggaam van sonde en die instrument waardeur die innerlike mens sondig. Omdat die liggaam die huis van Satan is, woon sonde in die liggaam. Die sonde het gedagtes van 'goed & kwaad' en 'n natuur met liste en begeertes. Omdat sonde in die liggaam woon, verouder dit en gaan die liggaam dood.

**DIE NAGESLAGTE VAN DIE MENS**

Omdat die liggaam die saad van die mens is, word al die kinders van die mens in 'n liggaam van sonde gebore, en is hulle slawe van Satan onder die wet van die sonde en die dood.

Kyk & Leer!

**BOSE GESLAG**



**DIE KINDERS VAN ONGEHOORSAAMHEID**

Soos kinders grootword in die liggaam van sonde, ontvang hulle kennis van 'goed & kwaad' wat liste en begeertes in hulle gees wek. Soos die gees boosaardig word, oorheers dit die logika van die siel. Omdat natuur sterker is as kennis, neem die gees die siel gevange om Satan te gehoorsaam. Hierdie goddelose toestand van die innerlike mens stem ooreen met Eva (die gees), wat Adam (die siel) gevange geneem het om Satan te gehoorsaam. Dit is die sondeval. 'n Sondaar is 'n mens met 'n ongehoorsame gees wat sy siel domineer.

'n Kind word nie as 'n sondaar gebore nie, maar word in 'n liggaam van sonde gebore. Sy innerlike mens word nie deur God veroordeel as gevolg van Adam en Eva nie, maar omdat hy self 'n sondaar word wat sondig. 'n Sondaar leef volgens die bose natuur van sy hart (gees) en nie volgens die logika van sy verstand (siel) nie. Alhoewel die sondaar miskien bewus is van wat van hom verwag word, sal hy reageer volgens die bedrieglikheid van sy gees. Die hart is bedrieglik



Ef 2:2 "waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens **die owerste** van die mag van die lug, van **die gees** (sonde) wat nou **in die kinders van die ongehoorsaamheid werk,**"

**SONDE**

Sonde is dus die gees of natuur van Satan net soos die Heilige Gees die gees of natuur van God is. Die gees van sonde in die liggaam word 'die vlees' genoem en dit is hierdie bose gees, nie die natuurlike liggaam nie, wat die innerlike mens verderf.

Die menslike liggaam het nou 'n bose natuur wat in hom woon. Die menslike natuur van die liggaam is nie verander nie. Dit is die bose natuur wat in die liggaam woon, wat die innerlike mens verderf.

**Let Wel:** Die Jode wat in Egipte gebore is, was almal onder die wet van Egipte en die slawe van Farao. Op dieselfde wyse is al die mense wat in die liggaam van sonde gebore word onder die wet van sonde en die slawe van Satan.

Rom 3:9 "Wat dan? Het ons (die Jode) enige voorrang (die Heidene)? Hoegenaamd nie! Want ons het tevore al Jode sowel as Grieke beskuldig dat hulle **almal onder die sonde is,**"

Rom 3:12 "**Hulle het almal afgewyk,** saam het hulle ontaard. Daar is **niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie.**"

Gen 3:7 "**Toe gaan altwee se oë oop**, en hulle word gewaar dat hulle naak is; en hulle het vyeblare aanmekaargewerk en vir hulle skorte gemaak."
**Nota:** Net soos Adam en Eva, bedek kinders hulself ook sodra hulle **bewus word** dat hulle naak is, want dan het hulle ook kennis van 'goed & kwaad' verkry.

Rom 7:23 "maar ek sien 'n **ander wet** (die wet van my gees) in my lede wat stryd voer teen die **wet van my gemoed** (my siel) en my gevange neem onder die **wet van die sonde** wat in my lede (liggaam) is."
Rom 7:15 "Want **wat ek doen, weet ek** (die siel) **nie**; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek."

Ps 51:7 "Kyk, **in ongeregtigheid** is ek gebore, **en in sonde** het my moeder my ontvang."

Spr 16:32 "**Die lankmoedige is beter as 'n held**; en **hy** (die siel) **wat sy gees beheers,** as een wat 'n stad inneem."

Spr 25:28 "'n **Afgebreekte stad sonder muur,** so is **'n man** (die siel) **wat sy gees nie kan inhou nie.**"

Jer 17:9&10 "**Bedrieglik is die hart** (gees) bo alle dinge, ja, **verdorwe is dit**; wie kan dit ken? Ek, die HERE, **deursoek die hart** gees), **toets die niere** (siel), **om aan elkeen te gee na** sy weë, **volgens die vrug van sy handelinge** (liggaam)."

want dit kan goed sowel as kwaad doen, derhalwe weet die sondaar nie hoe hy gaan optree nie. Hy is onstabiel en onbetroubaar in al sy weë. Hy kan homself nie vertrou nie en kan ook nie vertrou word nie, want hy is sondig.

Afgesien van die mens se eie sondige natuur, is die aarde ook deur God vervloek en bring dorings en distels voort. Omdat die grond nie genoeg oplewer nie, veroorsaak tekorte 'n samelewing wat in ongeregtigheid funksioneer vir hul oorlewing.

Die wysheid van die wêreld is gebasseer op die kennis van 'goed & kwaad' en dié wysheid is duiwels. As gevolg van die sondige natuur van die mens is die hele wêreld met sy stelsels gesetel in boosheid.

**GEVOLGE VAN DIE VAL**

**Kennis van 'goed & kwaad'**

Omdat die siel van die mens kennis van 'goed & kwaad' ontvang het, het die gees van die mens liste en begeerlikhede. Die effek wat die kennis van 'goed & kwaad' op die mens het, kan dadelik gesien word in die lewens van Kain en Abel. Albei het 'n offer aan God gebring. Albei offers was goed maar God het die bloed offer van Abel verkies. Kennis van 'goed & kwaad' in Kain se siel het aanleiding gegee tot woede in sy gees, en met sy liggaam, het hy toe Abel doodgemaak. Dit is hierdie kennis van 'goed & kwaad' wat veroorsaak het dat Kain sy broer vermoor het. Moord is 'n werk van 'die vlees'.

**Onregverdige Mammon**

Omdat die grond vervloek is, het tekorte ontstaan en dit het gierigheid en oppotting veroorsaak. Dit is weens onsekerheid van toekomstige voorsiening dat mense onregverdig geword het in hulle handeling met mekaar.

Rykdom en besittings word Mammon genoem. Mammon is nie die duiwel nie, maar die gees van geld. Net soos kennis van 'goed & kwaad' sonde meebring, sal geld onregverdigheid en gierigheid voortbring.

Solank die mens 'n sterflike liggaam het sal geld 'n baie sterk effek op hom hê. Die vrees vir die dood

Gen 3:17&18 "…Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou… **vervloek is die aarde** om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. **Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring**…"

1 Joh 2:16 "Want **alles wat in die wêreld is**—die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe—**is nie uit die Vader nie,** maar is uit die wêreld."

Rom 8:7 "omdat **wat die vlees bedink, vyandskap teen God is;** want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie."

'n Vleeslike verstand funksioneer volgens die kennis van 'goed & kwaad'. Jesus het die volgende gelykenis gebruik om die effek wat die kennis van 'goed & kwaad' op 'n persoon het te verduidelik: 'n Werkgewer huur arbeiders op verskillende tye van die dag, maar toe betaal hy hulle dieselfde loon aan die einde van die werksdag. Dié wat langer ure gewerk het, het onsteld geraak in hulle gees, en gekla. Die vleeslike verstand kon nie aanvaar dat hulle almal dieselfde loon ontvang nie. Weereens sien ons hoe die kennis van 'goed & kwaad' lei tot werke van 'die vlees'. (Matt 20:8-14)

1 Tim 6:9&10 "Maar **die wat ryk wil word**, val in versoeking en strikke en baie dwase en **skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang.** Want die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels; en omdat sommige **dit begeer,** het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself **met baie smarte deurboor.**"

Matt 6:24 "**Niemand kan twee here dien nie;** want òf hy sal die een haat en die ander liefhê, òf hy sal die een aanhang en die ander verag. **Julle kan nie God én Mammon dien nie!"**


Kol 3:5 "…en **gierigheid,** wat afgodediens is,"

Job 2:4 "**Toe het die Satan die HERE** geantwoord en gesê: **Huid** (vel) **vir huid** (vel), en **alles wat iemand het, sal hy gee vir sy lewe;**"

(gebrek aan geld) en die gedurige onsekerheid oor die toekomstige voorsiening, is die rede waarom die mens geld meer vertrou as God.

Voorbeeld: Weens die vrees vir die dood spandeer mense alles wat hulle het op medikasie om aan die lewe te bly. Almal wil hemel toe gaan maar niemand wil doodgaan nie! Dit is 'n paradoks.

## OPSOMMING





**DIE VAL VAN DIE GEES EN DIE SIEL**
Omdat Eva Satan gehoorsaam het en Adam Eva gehoorsaam het, het albei ongehoorsaam geword aan God. So het hulle onder die beheer van Satan gekom.

Die man was nie meer die hoof van sy vrou nie. Hierdie onheilige toestand is in kontras met God se geskape orde en skend die glorie van God.




**DIE GODDELIKE ORDE VERSTEUR**
As gevolg van die ongoddelike toestand van die innerlike mens, domineer die begeertes van die gees die wil van die siel.




**DIE VAL VAN DIE LIGGAAM**
Die liggaam het onder die wet van sonde en dood gekom as gevolg van die ongoddelikheid van die innerlike mens. Omdat sonde in die liggaam heers word die liggaam van die mens nou die liggaam van sonde genoem.




**BOSE GESLAG**
Al die nageslagte van die mens word gebore in 'n liggaam van sonde en is onder die wet van sonde en die dood. Namate hulle kennis van 'goed & kwaad' ontvang, word hulle boosaardig en sondaars in eie reg.


## HOOFSTUK 9

## DIE REDDER VAN DIE WÊRELD

### DIE WÊRELD

Die wêreld is die aarde met sy inwoners. As ons die wêreld met die mens vergelyk, dan is die aarde die uiterlike mens terwyl die inwoners die innerlike mens is.

Kyk & Leer!




Toe Adam Satan gehoorsaam, het hy die gesag wat God aan hom gegee het aan Satan afgestaan. Satan het toe die prins van die wêreld geword. Satan beheer die wêreld deur die kennis van 'goed & kwaad' wat die wet van sonde is.

Al die bewoners van die aarde het kennis van 'goed & kwaad' en gevolglik die natuur van Satan. Soos die siel meer kennis van 'goed & kwaad' ontvang, word die gees van die mens toenemend boosaardig. Die goddelose innerlike mens gebruik dan sy liggaam om die werke van Satan te doen, wat goed of kwaad kan wees.

Menseregte, Demokrasie en Werkers Unies vertoon goed maar lei net tot twis en oproerigheid, wat kwaad is. Al die goed wat die wêreld doen, lei net tot kwaad en vernietiging. Hoe meer hulle goed doen, hoe meer chaoties word die wêreld. Al die goed wat die wêreld doen kan die kwaad nie verwyder nie. Selfs die goed wat teenoor en vir 'n sondaar gedoen word, sal hom nie goed maak nie.

### JESUS HET SATAN VERSLAAN

Adam het sonde in die wêreld gebring, en Christus moes sonde uit die wêreld verwyder. Om hierdie rede is die Woord van God gemanifesteer in die liggaam

**VERWYSINGS EN KOMMENTARE**

Net soos die innerlike mens in sy liggaam woon, woon die mense op die aarde. Soos die wet wat in die liggaam regeer die innerlike mens affekteer, so affekteer die wet wat op aarde heers die inwoners van die aarde. Ons sien hoedat dieselfde beginsel ook van toepassing is in elke land. Die wet van elke land regeer oor sy eie burgers.

Joh 14:30 "…die **owerste** (heerser) **van hierdie wêreld** kom en het aan My niks nie."

Rom 5:12 "Daarom, soos deur een mens (Adam) die **sonde** (kennis van 'goed & kwaad') **in die wêreld ingekom** het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het"

Luk 4:6 "En die duiwel sê vir Hom: Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heerlikheid, **want dit is aan my oorgegee** (deur Adam), en ek gee dit aan wie ek wil."

Rom 7:20&24 "Maar as ek doen wat ek nie wil nie, dan doen ek dit nie meer nie, maar die **sonde wat in my woon.** Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van **die liggaam van hierdie dood?**"

Matt 12:34 "Addergeslag, **hoe kan julle goeie dinge praat terwyl julle sleg is?** Want uit die oorvloed van die hart praat die mond."

2 Kor 11:14 "…Want **die Satan self verander hom in 'n engel van die lig.**"

Jak 3:15&16 "Dít is nie **die wysheid** wat van bo kom nie, maar is aards, natuurlik, **duiwels**; want waar afguns en selfsug is, daar is wanorde en allerhande gemene dade."

Sondaars doen ook goeie dinge maar hulle is eintlik duiwels soos hulle vader. Gelowiges moet versigtig wees om nie mislei te word deur al die goeie werke wat die Wêreld doen nie, want dit is eintlik kwaad.


Jes 61:1 "Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf… om vir die **gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides** (deur Satan en sonde) **opening van die gevangenis;**"

van sonde as Jesus – die Seun van die mens.  Ten einde die wêreld te red, moes Jesus teen Satan opstaan en sy koninkryk omverwerp.

Ons weet reeds uit vorige hoofstukke dat sonde sterker is as kennis van die Woord.  As die Seun van die mens, moes Jesus deur die Heilige Gees bemagtig word om die geslepenheid van die duiwel teen te staan.  Toe Hy deur Johannes die Doper gedoop is, het Jesus, die Seun van die Mens, die Seun van God geword, en was Hy die enigste mens met die mag om Satan te oorwin.

As die gees van sonde die krag van Satan is, dan is die Heilige Gees die krag van Jesus.

Kyk & Leer!




Satan het die prins van hierdie wêreld en die heerser van die mensdom geword omdat Adam aan hom onderwerp het.  Om die wêreld te verlos uit die mag van Satan, moes Jesus opstaan teen Satan.  Dit is om hierdie rede dat die Heilige Gees Jesus in die Wildernis ingelei het om deur Satan versoek te word.

Jesus, as die Seun van God, was bonatuurlik versoek: in Sy liggaam, om brood uit klippe te maak want Hy was honger; in Sy siel, om van die dak van die tempel af te spring weens waninterpretasie van die skrif; en in Sy gees, om Satan te aanbid want hy het Hom die wêreld belowe.  As Jesus toegegee het, sou Hy die dienaar van Satan geword het en 'n slaaf van sonde, net soos Adam.

**JESUS VERNIETIG DIE LIGGAAM VAN SONDE**

Omdat Jesus Satan weerstaan het, het God Hom bevestig en gesalf.  Toe keer Hy terug na Kanaän in die krag van die Gees.  Alhoewel Hy gely het onder alle soorte beproewinge en verdrukkinge in die liggaam van sonde, asook versoekinge en vervolginge van mense, het Hy nie gesondig nie.

Luk 3:22  "en **die Heilige Gees** het in liggaamlike gedaante soos 'n duif **op Hom neergedaal;** en 'n stem het uit die hemel gekom wat sê: U is my geliefde Seun…"

Joh 3:34  "Want Hy **wat God gestuur het,** spreek die woorde van God; want **God gee Hom die Gees nie met mate nie.**"

Hand 1:8  "maar julle **sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom**…"

Luk 4:5&6  "Toe bring die duiwel Hom op 'n hoë berg en **wys Hom al die koninkryke van die wêreld**…  En die duiwel sê vir Hom: Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heerlikheid, **want dit is aan my oorgegee**…"

Die konfrontasie wat Jesus met Satan gehad het kan ook vergelyk word met Moses wat Farao, die koning van Egipte, moes konfronteer.  Die versoekinge wat Jesus ondervind het gedurende sy 40 dae in die Wildernis is soortgelyk aan die 40 jaar wat die Jode rondgedwaal het in die Wildernis.

Luk 4:2&3  "**waar Hy veertig dae lank deur die duiwel versoek is**; en Hy het niks geëet in dié dae nie; en toe hulle verby was, **het Hy naderhand honger geword.**  …As U die Seun van God is, sê vir hierdie klip dat dit brood moet word."
*Hierdie versoeking was gerig op die liggaam van Jesus.

Luk 4:5&7  "Toe bring die duiwel… wys Hom **al die koninkryke** van die wêreld in 'n oomblik se tyd.  As U **my** dan **aanbid, sal alles aan U behoort.**"
*Hierdie versoeking was gerig op die gees van Jesus.


Luk 4:9  "Toe bring hy Hom na Jerusalem en stel Hom op **die dak van die tempel** en sê vir Hom: As U die Seun van God is, **werp Uself hiervandaan neer.**"
*Hierdie versoeking was gerig op die siel van Jesus.

Ef 5:23  "…en **Hy is die Verlosser van die liggaam.**"

1 Joh 2:2  "En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en **nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.**"

Maar omdat Satan nog steeds die mens en die wêreld regeer deur die sonde in die liggaam, moes Jesus die liggaam van die sonde vernietig aan die kruis en so het Hy Satan onttroon as die prins van die wêreld.

Kyk & Leer!





In die Wildernis het Jesus Satan oorwin, en in die liggaam van sonde het Hy sonde oorwin. Toe die liggaam van sonde vernietig is aan die kruis, het God Jesus opgewek in 'n nuwe liggaam en Jesus het die nuwe heerser van die wêreld geword. Satan is toe nie meer die prins van die wêreld nie, maar net die prins van die lug.

**JESUS DIE REDDER VAN DIE MENSDOM**

Satan het in die wêreld regeer deur die wet van sonde. Jesus regeer nou in die wêreld deur die wet van die Gees. Die wet van die Gees regeer deur kennis van die waarheid (die Woord van God) net soos die wet van sonde regeer het in die wêreld deur die kennis van 'goed & kwaad'.

Kyk & Leer!




Die waarheid van die saak is, dat sedert Christus, die wêreld onder die wet van die Gees is. Maar die mense

Joh 16:11 "en van oordeel, omdat **die owerste van hierdie wêreld geoordeel is.**"

Joh 12:31 "Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal **die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word.**"
**Nota:** Omdat die liggaam van sonde (huis van Satan) vernietig is regeer Satan nou slegs in die lug.

Joh 1:29 "Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van God **wat die sonde** van die wêreld **wegneem!**"

Joh 3:17 "Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat **die wêreld deur Hom gered kan word.**"

Hand 5:31 "**Hom** (Jesus) het God **as Leidsman** (Prins) **en Verlosser** (van die wêreld) deur sy regterhand verhoog…"

Hand 2:36 "…dat **God Hom Here** (Koning) **en Christus gemaak** het, **hierdie Jesus** wat julle gekruisig het."

Kol 1:15 "**Hy** (Jesus Christus) **is die Beeld** (liggaam) **van die onsienlike God,** die Eersgeborene van die hele skepping;"

Hand 17:30&31 "**God het dan die tye van onkunde oorgesien** en **verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer,** omdat Hy 'n dag bepaal het waarop **Hy die wêreld** in geregtigheid **sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het,** en Hy het hiervan **aan almal sekerheid gegee deur Hom uit die dode op te wek.**"

Ef 2:2 "waarin julle tevore gewandel het **volgens die loop van hierdie wêreld,** volgens **die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk,**"

1 Joh 5:19 "…**die hele wêreld in die mag van die Bose lê.**"

Alhoewel Satan verslaan en uitgedryf is, beïnvloed hy en sy magte nog steeds die wêreld en die Kerk vanuit die lug om ongehoorsaam te wees aan God. Almal wat ongehoorsaam is aan God word deur Satan beheer en deur hulle regeer hy nog steeds op aarde. Wanneer Jesus terug kom, sal Hy Satan, sy magte, en almal wat hom gehoorsaam het in die hel werp waar hulle hoort. Slegs dan sal die ware Kerk geopenbaar word.

Ef 6:12 "Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die **bose geeste in die lug.**"

glo nie die waarheid nie en daarom hou hulle aan om in sonde te leef. Omdat sondaars in die meerderheid is op aarde, wil dit voorkom asof die wêreld nie verlos is van sonde nie. Deur hulle ongeloof hou hulle aan om Satan te dien, alhoewel Jesus die Here is.

Ongelowiges sal in sonde bly totdat hulle die waarheid glo en Jesus as Here aanvaar. Daarom moet die Evangelie aan alle mense verkondig word. Diegene wat glo en Jesus aanvaar as die Here word verlos van sonde wanneer hulle die gawe van die Heilige Gees ontvang.

Diegene wat weer gebore is deur geloof in Jesus vorm die Kerk. Hulle is in die Gees en nie in 'die vlees' nie. Soos hulle die waarheid vir hulself uitvind en groei in die kennis van God, sondig hulle nie meer nie.

Rom 12:2 "En **word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie** (moenie soos sondaars leef nie), maar **word verander deur die vernuwing van julle gemoed** (verstand)…"

Matt 13:38 "en die saailand is die wêreld. **Die goeie saad—dit is die kinders van die koninkryk,** en **die onkruid is die kinders van die Bose,**"

1 Kor 1:21 "…het dit God behaag om **deur die dwaasheid van die prediking die wat glo, te red;**"


Joh 1:12 "Maar almal wat Hom aangeneem het, **aan hulle het Hy mag** (Heilige Gees) **gegee om kinders van God** te word, **aan hulle wat in sy Naam** (Jesus Christus) **glo;**"

1 Kor 15:34 "**Wees nugter op die regte manier, en sondig nie; want sommige het geen kennis van God nie**…"


1 Joh 2:28&29 "En nou, my kinders, **bly in Hom, sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie beskaamd van Hom weggaan by sy wederkoms nie. As julle weet dat Hy regverdig is, dan weet julle dat elkeen wat die geregtigheid doen, uit Hom gebore is.**"

1 Joh 3:6 "Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. **Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie.**"


# OPSOMMING





**DIE WÊRELD**
As gevolg van die kennis van 'goed & kwaad' het sonde in die liggaam van die mens gekom en so het Satan beheer van die innerlike mens verkry. Dit is deur die sondige inwoners wat Satan oor die wêreld heers.




**JESUS VERSLAAN SATAN**
Na die Heilige Gees oor Jesus gekom het, is Hy die Wildernis ingelei om Satan te konfronteer. Omdat Jesus al Satan se versoekinge oorkom het en nie een keer gesondig het nie, het Hy Satan – die owerste van die wêreld – onttroon.




**JESUS VERNIETIG DIE LIGGAAM VAN SONDE**
Na die oorwinning oor Satan is die liggaam van sonde op die kruis vernietig. Omdat die liggaam (huis van Satan) vernietig is, moet Satan nou in die lug woon. Die dood kan nie 'n regverdige mens boei nie, en vir hierdie rede het God Jesus in 'n nuwe liggaam opgewek. As die eersgeborene uit die dood, is Jesus die Here en die eienaar van die wêreld.




**JESUS DIE REDDER VAN DIE MENSDOM**
Deur die uitstorting van die Heilige Gees vervang die wet van die Gees die wet van sonde op aarde. Deur Jesus as sy Here te aanvaar, kan enige persoon die Heilige Gees ontvang en van sonde verlos word. Aangesien hy weer gebore is in die Gees, is hy 'n lid van die Kerk en moet hy die Here gehoorsaam.

## SLOTSOM

## DIE NAAM BO ALLE NAME

Die wil van God is aan die wêreld geopenbaar deur die mens, Jesus. Sy wysheid is die lig van die wêreld. Mense en regerings streef na Sy beginsels, en daarin erken hulle Sy wysheid, maar gaan voort om Hom te ontken. Die wysheid van Jesus word in die Bybel aan ons geopenbaar deur die Heilige Gees.

Kyk & Leer!

**JESUS**



**Die Woord van God**

**Jesus is Here van die wêreld**

Die Bybel is die geskrewe Woord van God. Alhoewel die wêreld streef na die beginsels wat uitgelê is in die Bybel, weier hulle om die persoon Jesus, wat die verpersoonliking van daaardie beginsels is, te erken en glo.

Kyk & Leer!



**Jesus is Here en Christus**

Satan ken die ware God en daarom moet ons sien wat Satan doen, want dit openbaar aan ons wie die Here is. Die volgende is die bewyse dat Jesus waarlik die Here God is:

Die Bybel verklaar dat jy nie die naam van die Here ydellik mag gebruik nie. Die naam wat gewoonlik belaster word is Jesus en dit bewys dat 'Jesus' die naam van die Here is.

Dit is *in die naam van Jesus* dat duiwels uitgedryf word want hulle weet dat Hy die Here is.

**VERWYSINGS EN KOMMENTARE**

Joh 14:6 "Jesus antwoord hom: **Ek is die weg en die waarheid en die lewe;** niemand kom na die Vader behalwe deur My nie."

Voor Jesus, was die wysheid wat in die Nuwe Testament geopenbaar word, nie aan die mens bekend nie. Alhoewel die wêreld Jesus verag, baseer hulle tog hulle wette op Sy beginsels en propageer 'n lewenswyse gebaseer op sy leringe. Die wêreld het nie 'n alternatiewe stel beginsels wat hulle kan verkondig nie. Dit is hoekom die duiwel nie sy eie bybel het nie, maar die skrifte verdraai.

Heb 1:1&2 "Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, **het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun** wat Hy **as erfgenaam van alles aangestel het,** deur wie Hy ook die wêreld gemaak het."

Matt 1:21 "…en **jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk** (die gelowiges) **van hulle sondes sal verlos.**"

Joh 1:14 "En **die Woord** het vlees geword en **het onder ons gewoon**—en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van **die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid.**"

Joh 17:26 "En **Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak**…"

Hand 17:30&31 "God het dan die tye van onkunde oorgesien en **verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer,** omdat Hy 'n dag bepaal het waarop **Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het,** en Hy het hiervan aan almal sekerheid gegee **deur Hom uit die dode op te wek.**"

1 Joh 5:20 "En ons weet dat **die Seun van God gekom het en ons verstand gegee** het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, **Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe.**"

Eks 20:7 "Jy mag **die Naam van die HERE jou God** nie ydellik gebruik nie…"

Die naam van Jesus word in die openbaar, op die televisie, en in films belaster. Ander godsdienste en hulle profete word selde belaster as dit vergelyk word met Jesus.

Mark 16:17 "En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: **in my Naam sal hulle duiwels uitdryf**…"

Matt 24:9 "…en **julle sal** deur al die nasies **gehaat word ter wille van my Naam.**"

Sondaars raak geïrriteer wanneer hulle die naam Jesus hoor, omdat hulle God haat. Daarom is dit moeilik vir gelowiges om in die teenwoordigheid van sondaars van Jesus te praat want hulle voel die demoniese spanning in die lug.

Geen ander persoon was, en is, meer verhewe in sang as die Naam van Jesus nie. Miljoene boeke is geskryf, en sal geskryf word, om die grootsheid van Jesus Christus te verduidelik, asook die onuitputlike wysheid van Sy woorde. Die vervulling van die profesieë van Jesus en die verklarings wat in die Bybel gemaak word, kan deur die geskiedenis, asook vandag, gesien word. Jesus is ook die enigste Mens wat beweer dat Hy God is, en het dit bewys deur die tekens en wonders wat Hy gedoen het.

Joh 21:25 "En daar is nog **baie ander dinge wat Jesus alles gedoen het**; maar **as hulle een vir een beskrywe moes word, sou die wêreld self,** dink ek, **die geskrewe boeke nie bevat nie.** Amen."

**GOD SE PLAN VIR DIE MENS**


Die mens is die presiese beeld en gelykenis van God. God het die man en die vrou geskep sodat die mens kan vermeerder, en Adam aangestel om as koning oor hulle te heers. God se voorneme is dat die mens vir ewig op aarde sou woon.

2 Pet 3:13&14 "**Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon.** Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, **beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede**."

Hierdie skrif bewys dat God se plan vir die mens is dat hulle vir ewig op aarde in geregtigheid sal leef.

'n Volmaakte mens is iemand wie se siel geen kennis van 'goed & kwaad' het nie; sy gees is onderdanig aan sy siel en sy liggaam is sonder sonde.

Kyk & Leer!




**Bestem om vir ewig te lewe**

As die koning, kon Adam van die boom van die lewe eet maar nie van die boom van kennis van 'goed & kwaad' nie. Die keuse wat die koning maak sou hom en die hele mensdom beïnvloed. As hy sou kies om van die boom van die lewe te eet, sou hy en sy nageslag goddelik bly en vir ewig leef. Maar as hy sou kies om van die boom van die kennis van 'goed &

Eseg 18:4, 9&32 "Kyk, **al die siele is myne... die siel wat sondig, dié moet sterwe.** (Die wat) in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou om eerlik te handel—hy is regverdig, hy sal sekerlik lewe, spreek die Here HERE. Want Ek het geen behae in die dood van hom wat sterwe nie, spreek die Here HERE. **Bekeer julle dan en lewe.**"

Rom 6:23 "Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here."

kwaad' te eet, sou hy en sy nageslag ongoddelik word en ook doodgaan.

**Bestem om 'n goddelike samelewing te wees**

God se begeerte vir die mens is dat hulle 'n goddelike samelewing sou wees wat 'n rustige en vredevolle lewe voer en vir mekaar omgee soos broers en susters. Dit is waarom God vir Adam gesê het dat hy vrylik van die boom van die lewe mag eet. Die boom van die lewe sou Adam kennis van God gee en 'n begrip van geregtigheid. As die hoof van die mensdom sou Adam in staat gewees het om in geregtigheid oor hulle te heers.


So 'n goddelike samelewing sou die vrug van die Gees demonstreer, wat soos volg is: liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing.

**DIE VAL VAN DIE MENS**

Satan het Eva verlei om van die boom van die kennis van 'goed & kwaad' te eet. Toe Adam toegee, het hy gesondig en sy heerskappy afgestaan aan Satan. Satan het toe die prins van die wêreld geword en deur die kennis van 'goed & kwaad' het die gees van sonde in die liggaam gekom.

Kyk & Leer!

**DIE GEVALLE MENS**




**Bestem om te sterf**

As gevolg van sonde verouder die liggaam en gaan dit dood. Dit beteken dat die innerlike mens nie meer vir ewig op aarde kan leef nie. Omdat die kennis van 'goed & kwaad' liste en begeerlikhede in die gees skep, sal die liste en begeertes van die gees die wil van die siel oorheers. Die mens het toe onheilig en 'n sondige wese geword.

As Adam geëet het van die boom van die lewe sou die Heilige Gees in die liggaam gewoon het. Die Gees sou hom en sy nageslag die weg van geregtigheid leer met die gevolg dat hulle 'n goddelike natuur sou hê. Die mensdom sou 'n goddelike samelewing wees met Adam as die prins van die wêreld.

1 Kor 2:9&10 "maar soos geskrywe is: **Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor** en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet (gehoorsaam). **Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar**…"

Gal 5:22&23 "Maar die vrug van die Gees is **liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.** Teen sulke dinge is die wet nie."

Joh 12:31 "Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, **nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word.**"
**Nota:** Satan regeer die mensdom deur die natuur van sonde (wet van sonde) en demoniese invloede (demone).

'n Gevalle mens is iemand wie se siel die kennis van 'goed & kwaad' het; wie se gees sy siel domineer, en in wie se liggaam sonde woon.

Rom 6:12 "**Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie.**"
**Nota:** Sonde is nie iets wat in die lug sweef nie, dit is 'n sondige gees of 'n bose natuur wat in die menslike liggaam woon. Omdat die liggaam die huis van Satan is kan demone ook daarin woon.

1 Kor 10:13 "**Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike** (natuur) **nie**…"
**Nota:** Die innerlike mens word nie net deur die natuur van sonde beïnvloed nie, maar ook deur demone wat in die liggaam woon. Alle versoekinge van die innerlike mens is beperk tot dít wat menslik is.

Rom 7:17-19 "Maar nou is dit nie meer ek wat dit doen nie, **maar die sonde wat in my woon.** Want ek weet dat in my, dit wil sê **in my vlees** (liggaam), **niks goeds woon nie;** want om te wil, is by my aanwesig, maar om goed te doen, dit vind ek nie. Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek."
**Nota:** Omdat sonde in die liggaam woon, beskryf Paulus die lewe en ervaringe van 'n sondaar voor wedergeboorte. Sy siel wil goed doen, maar omdat die 'wil' van sy gees domineer, kan die siel nie doen wat hy wil nie.

1 Pet 2:11 "…onthou (jou) van **vleeslike begeertes** (van die gees) wat **stryd voer teen die siel;**"

Heb 9:27 "En net **soos die mense bestem is om een maal te sterwe** en daarna die oordeel,"

Nie alleen word die lewe van die sondaar kortgeknip in hierdie lewe nie, maar hy sal ook 'n deelgenoot word van die tweede dood, wat 'n ewigheid in die hel is.

**Bestem om 'n ongoddelike samelewing te wees**

Kennis van 'goed & kwaad' in die siel bring mee dat die gees van die mens 'n deelgenoot word van die natuur van Satan. Omdat die gees gevorm word deur kennis van 'goed & kwaad' kan die gees beide goed en kwaad wees. Dit beteken dat die gevalle mens in staat is om te doen wat goed is, asook wat kwaad is. So 'n samelewing is ongoddelik en boosaardig want hulle handel in ongeregtigheid teenoor mekaar – egbreuk, hoerery, haat, twis wekkers, verdeeldheid, moord, bedrog, leuens, woede, strydlustig, hartseer, rou, lyding en pyn, ens. Hierdie ongeregtigheid is hulle lot in die lewe.

**DIE HERSTEL VAN DIE MENS**

Nadat Jesus Satan verslaan het en opgevaar het na die hemel, is die Heilige Gees in die wêreld gestuur. Die wêreld is nou onder die wet van die Gees en nie meer onder die wet van sonde nie. Maar solank die sondaars nie die waarheid aanvaar nie, sal hulle steeds dienaars van Satan wees en slawe van sonde.

Kyk & leer!




Die wêreld was in duisternis terwyl sonde geheers het, maar sedert Jesus Satan verslaan het, heers die Gees. Satan is nie meer die prins van die wêreld nie maar net die prins van die lug. Alhoewel die wêreld nie vir Jesus as die Here erken of die Heilige Gees in aanmerking neem nie, het hulle geen ander keuse as om sy leerstellings na te volg nie. Hulle het niks van hulle eie om aan te bied nie.

Op 21:8 "Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en **al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.**"

Matt 25:41 "Dan sal Hy… sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, **in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.**"

**Nota:** 'n Persoon wat beide vriendelik en ongeskik, eerlik en oneerlik, kan wees is 'n gruwel in die oë van God.
Gelykenis: As plastiek die eienskap het om soms elektrisiteit te gelei, en soms nie, sal dit onbetroubaar wees. Op dieselfde manier is 'n persoon wat beide goed en kwaad doen ook onbetroubaar. Dit is omdat hy soos Satan is dat hy waarheid kan praat en lieg, lief kan hê en haat, ens.

1 Joh 3:8 "**Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel,** want die duiwel sondig van die begin af…"

Gelykenis: As 'n doring boom nie vrugte kan dra nie en 'n vrugteboom nie dorings kan dra nie, dan is enige persoon wat sonde pleeg 'n sondaar en nie 'n seun van God nie.

Joh 3:16 "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat **elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.**"

Joh 8:34 "Jesus antwoord hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle dat **elkeen wat die sonde doen, 'n dienskneg van die sonde is**."

Ef 4:17-19 "Dit sê en betuig ek dan in die Here, **dat julle nie meer moet wandel soos die ander heidene ook wandel** in die verdwaasdheid van hulle gemoed nie— mense wat verduisterd is in die verstand en **vervreemd van die lewe van God** deur die onkunde wat in hulle is vanweë die verharding van hulle hart; wat ongevoelig geword het en **hulle oorgegee het aan die ongebondenheid om in hebsug allerhande onreinheid te bedrywe.**"

1 Kor 6:19&20 "Of weet julle nie dat **julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is,** wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie? Want julle is duur gekoop. **Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.**"

Rom 8:9 "**julle is** egter nie in die vlees nie, maar **in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon.** Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie."
**Nota:** Nadat 'n persoon die Heilige Gees in sy liggaam ontvang het, moet die innerlike mens verander word om Christus gelykvormig te wees. Die siel moet dus in beheer van sy gees wees, om soos Jesus te wees wat nie sondig nie.

Ef 2:2 "waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van **hierdie wêreld,** volgens die owerste van **die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk,**"
**Nota:** Omdat ongelowiges nie Jesus as die Here bely nie, is hulle nog onder die beheer van Satan en sy magte in die lug. Dit kan vergelyk word met 'n land waarin die mense nie die wettige regering aanvaar nie want hulle word beïnvloed deur die opposisieparty om die regerende party te weerstaan.

Rom 1:28-31 "En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte

Omdat die wêreld nie in Jesus glo nie, gee God nie aan hulle die Heilige Gees nie. Derhalwe bly hulle onder die wet van sonde en die beheer van Satan. Terwyl hulle preek en streef om 'n goeie lewe te lei, vernietig hulle sondes al hulle goeie bedoelings.

Solank die wêreld nie vir Jesus as die Here aanvaar nie, bly die toorn van God op hulle. Maar wanneer hulle Jesus as hulle Here aanvaar, word hulle met God versoen omdat hulle sondes vergewe is. Sodra hulle die Heilige Gees ontvang, is hulle van sonde verlos en word hulle lede van die Kerk van wie Hy die hoof is. Sondaars vorm die Wêreld en gelowiges vorm die Kerk. Die Kerk bely Jesus, maar die Wêreld kan Hom nie as die Here bely nie, want hulle het nie die Heilige Gees nie. Die Kerk is 'n goddelike samelewing want hulle is in die Gees.

Die Kerk is die liggaam van Christus en in Hom is daar geen sonde nie. God, in Christus, het die mens herstel na sy oorspronklike sondelose staat wat Adam gehad het voor die val. Die feit dat individuele gelowiges aanhou om te sondig verander nie wat God gedoen het nie.

**Ondersoek jouself**

Is jy 'n lid van die Wêreld of is jy 'n lid van die Kerk? Ons verstaan dat die lede van die Wêreld in sonde leef, maar as jy verklaar dat jy 'n lid van die Kerk is, waarom leef jy ook in ongehoorsaamheid teenoor die Woord? As lid van die Kerk mag jy nie sondig nie. Jy is veronderstel om die sout van die aarde te wees en 'n lig vir die wêreld.

gesindheid, om te doen wat nie betaam nie: **hulle is vervul met allerhande ongeregtigheid,** hoerery, boosheid, hebsug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid; nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, grootpraters, uitvinders van slegte dinge, ongehoorsaam aan die ouers; onverstandig, ontrou, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig,"

2 Kor 5:20 "Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. **Ons bid** julle om Christus wil: **Laat julle met God versoen.**"

Kol 1:13&14 "Hy wat ons **verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde,** in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes."

1 Kor 12:3 "Daarom maak ek julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God spreek, Jesus 'n vervloeking noem nie; en **niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees.**"

1 Joh 3:5&6 "En julle weet dat **Hy verskyn het om ons sondes weg te neem, en geen sonde is in Hom nie.** Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. **Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie.**"

Matt 5:48 "**Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is.**"
**Nota:** Adam was volmaak voor die val en nou beveel God die Kerk (gelowiges) om volmaak te wees.

1 Joh 1:5&6 "En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: **God is lig, en geen duisternis is in Hom nie. As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie.**"

1 Tim 3:15 "Maar as ek vertoef, **dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God,** wat die gemeente is van die lewende God, **'n pilaar en grondslag van die waarheid**."

Tit 1:16 "**Hulle bely dat hulle God ken, maar hulle verloën Hom deur die werke,** omdat hulle gruwelik en ongehoorsaam is en ongeskik vir elke goeie werk."

# AFDELING
# VIER

## WEES VOLMAAK WANT EK IS VOLMAAK

**In hierdie afdeling wil ons uitlig:**

•Die val van die mens was in die gees, in die siel en in die liggaam,
maar die mens word gered in liggaam, in siel en in gees;
•Geloof in Jesus red die mens van die sonde,
maar geloof in die waarheid red die innerlike mens van sy sondes;
•Die verstaan van skrifte vernuwe die verstand,
maar openbaring van die waarheid verander die gees;
•Die liggaam is gered van sonde,
maar die dood word eers verwyder
wanneer die sterflike liggaam verander word;
•Gehoorsaamheid aan God weerhou jou om te sondig.

**Bid gereeld hierdie gebed geneem uit Kolossense 1:9-13:**

“ Vader EK ............................................................
*“(Plaas jou naam hierbo asseblief)”*
bid en vra dat EK vervul mag word met die kennis van U wil
in alle wysheid en geestelike insig,
sodat EK waardiglik voor die Here mag wandel
om U in alles te behaag
en EK in elke goeie werk vrug mag dra
en in die kennis van God mag groei,
en met alle krag bekragtig word volgens die mag van U heerlikheid
tot alle lydsaamheid en lankmoedigheid met blydskap, en
U Vader mag dank wat MY bekwaam gemaak het om deel te hê
aan die erfdeel van die heiliges in die lig—
U wat MY verlos het uit die mag van die duisternis en
oorgebring het in die koninkryk van die Seun van U liefde,”
*AMEN.*

## HOOFSTUK 10

## REDDING VAN DIE LIGGAAM, SIEL EN GEES

Deur Adam se ongehoorsaamheid het sonde in die natuurlike liggaam gekom. Onder die wet van sonde het die innerlike mens 'n sondaar geword. Dit is om hierdie rede dat die liggaam eers verlos moet word van sonde voordat die innerlike mens kan ophou om te sondig.

Die sondeval het in die volgende orde plaasgevind: Eers die gees, omdat Eva ongehoorsaam was aan Adam; toe die siel, omdat Adam ongehoorsaam was aan God; en toe die liggaam, omdat sonde in die liggaam gekom het. Die herstel van die mens begin egter eers met die liggaam, dan die siel en dan die gees.

### Die liggaam

Eerstens moet die liggaam verlos word van sonde. Die rede hiervoor is dat die innerlike mens God nie kan gehoorsaam terwyl hy onder die wet van sonde is nie. Die innerlike mens word uit die mag van sonde verlos wanneer die liggaam die Heilige Gees ontvang. Die liggaam word dan die liggaam van die Here want die wet van die Gees heers dan oor die innerlike mens. Nou is die innerlike mens in staat om God te gehoorsaam.

### Die siel

Tweedens moet die siel vernuwe word na die wet van die Gees, wat nou oor die innerlike mens heers, om die gesindheid van Christus te hê. Dit is die inwonende Heilige Gees wat die skrifte aan die siel leer en openbaar. Soos die waarheid aan die siel geopenbaar word, word sy verstand vernuwe.


### Die gees

Derdens moet die boosaardige natuur van die gees verander word om goddelik te wees. Die Heilige Gees verander die natuur van die gees in ooreenstemming met die vernuwing van die verstand. Onthou, geloof kom voor verandering en soos geloof toeneem in die gees, sal die gees die waarheid as 'n feit aanvaar. Die gees sal lyding ervaar terwyl sy ongoddelike begeertes afsterwe.


**VERWYSINGS EN KOMMENTARE**

God red die mens in die teenoorgestelde orde.
Eerstens, die liggaam word van sonde bevry wanneer die Heilige Gees die liggaam binne kom. Die innerlike mens is dan verlos van die mag van sonde.
Tweedens, die siel wat in die bewussyn van 'goed & kwaad' is moet vernuwe word deur die Woord met die hulp van die Heilige Gees om in die bewussyn van die waarheid te kom. Derdens, namate die siel vernuwe in die gees van sy gemoed, verander die vleeslike natuur van die gees en word goddelik van natuur.

1 Pet 2:24 "wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, **sodat ons** (die innerlike mens) die sondes kan afsterwe en **vir die geregtigheid lewe;** deur wie se wonde julle **genees is** (van sonde)."




Rom 8:5 "Want die (siel) wat vleeslik is, **bedink vleeslike dinge,** maar die (siel) wat geestelik is, **geestelike dinge.**"




Rom 10:17 "Die **geloof** (in die gees) is dus **uit die gehoor** (in die siel), **en die gehoor is deur die woord van God.**"




Omdat 'n sondaar sondig, en 'n heilige nie sondig nie, moet al drie lede, die liggaam, die siel en die gees, gered word.

God se patroon van redding is geïllustreer toe Hy die Jode uit Egipte verlos het en hulle deur die Wildernis gelei het tot in Kanaän. Op dieselfde wyse verlos God vandag 'n sondaar van 'die vlees', deur die Gees, tot in Christus.

**IN 'DIE VLEES' (Stem ooreen met Egipte)**

As gevolg van sonde in die liggaam, is al die nageslagte van Adam sondaars in 'die vlees'.

Kyk & Leer!




Weens die wet van sonde, is sondaars in die koninkryk van Satan en het die verstand en natuur van Satan. 'n Sondaar het 'n gedagte van 'goed & kwaad' en 'n gees met liste en begeerlikhede. Omdat natuur sterker is as kennis, oorheers die boosaardige gees die logika van die siel en daarom sal die liste en begeertes van die gees oorwin. Dit is die innerlike mens wat die sondaar is. Sommige van sy sondes word geopenbaar deur sy liggaam, maar ander word geheim gehou.

**Redding van die liggaam**

Die Jode was eers uit Egipte verlos nadat hulle die Rooi See deurgegaan het. Dit is waarom Jesus aan Nikodémus gesê het in Johannes 3:5: *"… as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie."* Wat Jesus eintlik sê is dat die uiterlike mens ASOOK die innerlike mens gered moet word. Tensy die liggaam van sonde verlos word, kan die innerlike mens nie gered word nie.

1 Joh 1:8 "As ons sê dat ons **geen sonde het nie**, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie."
**Nota:** Die wêreld erken nie die bestaan van sonde nie. Die waarheid van die saak is egter dat alle mense sonde het wat in hulle liggame woon.


1 Joh 1:10 "As ons sê dat **ons nie gesondig het nie,** dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie."
**Nota:** Die wêreld aanvaar ook nie die feit dat hulle sondaars is nie.

Dit is omdat hulle sondaars is dat hulle moet aanhou wette maak ten einde hulself te beheer. Maar, hulle kan nie hulle eie wette gehoorsaam, en ook nie die wette van God nie, omdat hulle almal onder die wet van sonde is.

Weens die wet van sonde is sondaars in die koninkryk van Satan en besit hulle die verstand en natuur van Satan. Die werke van Satan op aarde is ooglopend vir almal om te sien. Mens moet blind wees om dit nie te sien nie. Omdat hulle kennis van 'goed & kwaad' het, probeer hulle om goed te doen en die kwaad vermy, maar dit kan hulle nie van die wet van sonde verlos nie.

1 Joh 1:9 "As ons ons **sondes bely,** Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te **reinig.**"
**Nota:** Die sondaar, wat God glo, sal bely dat hy 'n sondaar is en Jesus aanneem. God vergewe hom dan sy sondes en verlos hom van sonde in sy liggaam wanneer Hy aan hom die Heilige Gees gee.

Kol 2:11-13 "**in wie** (Jesus) julle ook besny is met 'n **besnydenis wat nie met hande verrig word nie,** deur die liggaam van die sondige vlees af te lê **in die besnydenis van Christus,** omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het. En julle (die innerlike mens), wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees (liggaam), het Hy saam met Hom **lewend gemaak** deurdat Hy julle **al die misdade vergeef** het,"



Kyk & Leer!




Die gelowige is 'gebore uit water' wanneer die Heilige Gees die sonde in sy liggaam vervang. Hy is dan weer gebore want die natuur van sy uiterlike mens is verander deur die inwoning van die Heilige Gees. Die innerlike mens is dan onder die wet van die Gees.


Die Jode is ook 'gebore uit water' toe hulle deur die Rooi See gegaan het. Eers nadat hulle verlos is van die wet van Farao, het hulle onder die wet van God gekom.

**IN DIE GEES (Stem ooreen met die Wildernis van Sin)**

Die innerlike mens wat verlos is van sy ou lewe in 'die vlees' moet nou 'n nuwe lewe leef in die Gees.

Alhoewel die innerlike mens lewend gemaak is deur die Heilige Gees en vergifnis ontvang het van sy sondes van die verlede, is die siel nog nie in beheer van die gees nie. Hy neig nog om sy ou sondige lewe te leef volgens die boosaardigheid van sy gees, wat gevorm is in 'die vlees'. Noudat die innerlike mens in die Gees is, moet die siel verstaan dat hy 'n oortreder is van feitlik al die skrifte.

Kyk & Leer!




**Vernuwing van die gemoed**

Die Nuwe Testament skrifte openbaar die wet van die Gees. Maar die verstand wat nog steeds vol kennis van 'goed & kwaad' is, is steeds vleeslik-gesind. Die

Hand 22:16 "En nou, waarom versuim jy? Staan op, **laat jou doop en jou sondes afwas,** terwyl jy die Naam van die Here aanroep."


Die Grondwet (wet) van 'n land moet eers verander word voor die inwoners verander kan word.

Die wet van God het deur Moses gekom in die Wildernis van Sin.

1 Pet 4:17&18 "Want die tyd is daar dat **die oordeel moet begin by die huis van God.** En **as dit eers by ons** (die kinders van God) **begin,** wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is? En **as die regverdige** (seuns wat nie sondig nie) nouliks gered word, waar sal **die goddelose** (kinders van God wat aanhou sondig) en **die sondaar** (ongelowiges) verskyn?"

Rom 6:23 "**Want die loon van die sonde is die dood,** maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here."

Rom 8:6 "Want **wat die vlees bedink, is die dood,** maar **wat die Gees bedink, is lewe en vrede,**"




1 Kor 2:13 "…**nie met woorde wat die menslike wysheid** (die natuurlike verstand) leer nie, **maar met dié wat die Heilige Gees leer, sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk.**"

Rom 6:22 "Maar nou dat julle **vrygemaak is van die sonde** en diensbaar geword het aan God, **het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe.**"
**Nota:** Die Heilige Gees help die gees om heilig (onderdanig) te word.

Ef 1:17&18 "dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, **aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee, verligte oë van julle verstand, sodat julle kan weet** wat die hoop van sy roeping en wat die rykdom van die heerlikheid van sy erfdeel onder die heiliges is;"

siel kan nie die skrifte verstaan tensy die Heilige Gees wysheid en insig gee nie, want die skrifte word geestelik verstaan.

Soos die siel kennis van die waarheid verkry, vernuwe sy vleeslike verstand, en word hy geestelik. Hierdie is nie net verbetering van die vleeslike verstand of memorisering van skrifte nie, maar 'n nuwe bewussyn van waarheid wat ontvang word deur die salwing van die Heilige Gees. Die nuwe bewussyn is die sin van Christus en kan onderskei wat van 'die vlees' is en wat van die Gees is.

Die salwing van die Heilige Gees maak die gees ook gewillig om toe te gee aan die siel. Soos die gees onderwerp aan die siel word dit heilig, en vind uiteindelik sy plek in verhouding tot die siel, net soos God dit bedoel het.

Die siel is gered wanneer dit vernuwe is en die hoof van die gees geword het. Tog ondervind die siel nog weerstand van die ongoddelike natuur van sy gees. Solank die natuur van die gees nog nie verander is nie, sal die siel nie rus van sonde ervaar nie.

Die siel, wat die skrifte verstaan, ken die wil van God. In gehoorsaamheid aan God moet die siel die goddelose liste en begeertes van die gees verloën – dit bring baie lyding mee. Die lyding sal aanhou totdat geloof in die gees kom. Die Heilige Gees stel dan die salwing vry wat die gees se ongoddelike natuur verander na goddelik. As die siel egter vanweë die pyn in sy gedagtes verslap en terug trek, sal die Vader geen plesier in daardie siel hê nie. Dit is wat met die Jode gebeur het in die Wildernis toe hulle terug gedeins het by die Jordaan Rivier.

Die enigste manier hoe die ongoddelike natuur van die gees goddelik kan word, is deur die doping van die Heilige Gees.

**Redding van die gees**

Dit is omdat die Jode deur die Jordaan Rivier Kanaän ingegaan het dat Jesus vir Nikodémus in Johannes 3:5 gesê het: *"… as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie."* Omdat die liggaam en die siel reeds gered is, moet die gees nou gered word van sy ongoddelikheid deur die Heilige Gees.

Heb 8:10 "Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit… **Ek sal my wette** (goddelike beginsels) **in hulle verstand** (die siel) **gee en dit op hulle hart** (die gees) **skrywe;** en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees."

**Nota:** Op hierdie manier is die siel herstel as die hoof van sy gees.

1 Joh 2:20 "En **julle het die SALWING van die Heilige en** (die siel) **weet alles.**"

Spr 16:32 "Die lankmoedige is beter as 'n held; en **hy** (die siel) **wat sy gees beheers,** (is beter) **as een wat 'n stad inneem.**"

Tit 2:11&12 "Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn en **leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën,** ingetoë en **regverdig en vroom** (goddelik) **in die teenwoordige wêreld te lewe,**"

Mark 7:21&22 "Want van binne, **uit die hart** (gees) van die mense, **kom die slegte gedagtes,** egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid."

Ef 3:16 "**dat Hy aan julle mag gee** na die rykdom van sy heerlikheid **om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens,** sodat **Christus** (Sy salwing) deur die geloof **in julle harte** (gees) **kan woon,** julle wat in die liefde gewortel en gegrond is,"

Heb 12:11 "**Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydskap is nie,** maar van droefheid; **later lewer dit egter 'n vredevolle vrug van geregtigheid** (goddelikheid) **vir die wat daardeur geoefen is.**"

Heb 3:7-11 "Daarom, soos die Heilige Gees spreek: Vandag as julle sy stem hoor, **verhard julle harte** (gees) **nie** soos in die verbittering, in die dag van die versoeking in die woestyn nie, waar julle vaders My versoek, My beproef het en my werke veertig jaar lank gesien het. Daarom het **Ek vertoornd geword op daardie geslag** en gesê: Altyd **dwaal hulle met die hart** (gees). Maar **húlle** (die siel) **het my weë nie leer ken nie,** sodat Ek in my toorn gesweer het: Hulle sal in **my rus** (in Kanaän) nie ingaan nie."

Heb 4:1 "**Laat ons dan vrees** dat, terwyl die belofte om in sy rus (IN CHRISTUS) in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk **dat iemand van julle agtergebly het nie.**"

1 Kor 10:5&6 "Maar God het in die meeste van hulle (Israel) geen welgevalle gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn. **En hierdie dinge was voorbeelde vir ons, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge** soos hulle begerig was nie."

Jes 10:27 "En in dié dag sal sy las afgly van jou skouer en **sy juk van jou nek** (die siel), **en die juk** (die gees se oorheersing) **sal tot niet raak vanweë die vettigheid** (salwing van die Heilige Gees)."

Sag 4:6 "…**Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees**, sê die HERE van die leërskare."

Rom 8:9 "julle is egter nie in 'die vlees' nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar **as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie.**"
(NB! Sien die diagram wat volg.)

Kyk & Leer!




Die gees se natuur sal goddelik word deur die salwing van die Heilige Gees. Dit is die salwing wat die ongoddelikheid van die gees vernietig. Soos die ongoddelike natuur van die gees afsterwe, word die gees 'n deelgenoot van die goddelike natuur van die Heilige Gees. Die innerlike mens is 'uit Gees gebore' wanneer sy gees se natuur goddelik word. Sodra die gees goddelik is, het die gelowige die gees van Christus.

Om 'uit Gees gebore' te wees stem ooreen met die Jode wat 'n tweede keer besny is toe hulle deur die Jordaan Rivier gegaan het. Op daardie dag het God die invloed wat Egipte op hulle gees agtergelaat het weggeneem. Die doop deur die Gees is die tweede besnydenis wat die effek van sonde wat op die gees van die innerlike mens oorgebly het, verwyder.

**IN CHRISTUS (Stem ooreen met Kanaän)**

Om 'in Christus' te wees beteken dat die innerlike mens nou die verstand sowel as die gees van Christus het. So 'n innerlike mens is 'n seun van God wat nie sondig nie. Hy is nie meer 'n kind of baba in die Gees wat nog sondig nie. Dit stem ooreen met die Jode wat nie meer in die Wildernis van Sin was nie, maar in die Heilige Land.

Kyk & Leer!




**Heers in die lewe**

Die innerlike mens wat uit God gebore is, is 'n gesalfde! Omdat hy die verstand van Christus het, die




2 Pet 1:3&4 "Immers, **sy goddelike krag** (die Heilige Gees) het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug, waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur **deelgenote kan word van die goddelike natuur,** nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is."

1 Pet 2:21&22 "Want **hiertoe is julle geroep,** omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, **sodat julle sy voetstappe kan navolg; Hy wat geen sonde gedoen het nie, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie**;"

Jos 5:9 "…**Vandag het Ek die smaad van Egipte van julle afgewentel**…"
**Let Wel:** In Heb 8:10, gee God sy wette in die verstand van die gelowige en skryf hulle op die gees; maar in Heb 10:16 gee God Sy wette in die gees van die gelowige (die natuur van die gees verander) en skryf hulle op die verstand.
**Let Wel:** Daar is ook 'n verskil tussen 1 Joh 2:20 en 1 Joh 2:27 in die KJV. Deur die salwing (unction) word die verstand vernuwe en deur die salwing (anointing) word die natuur van die gees verander.

Heb 10:16 "want nadat Hy tevore gesê het: Dit is die verbond wat Ek met hulle sal sluit ná dié dae, spreek die Here verder: Ek sal **my wette** (goddelike natuur) **gee in hulle hart** (gees), en **in hulle verstand** (siel) sal Ek **dit inskrywe,"**

1 Joh 2:27 "En **die SALWING** wat julle van Hom ontvang het, **bly in julle,** en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; **maar soos dieselfde salwing julle aangaande alles leer,** so is dit ook waar en geen leuen nie; en **soos dié** (salwing) **julle geleer het,** so **moet julle in Hom** (Christus) **bly.**"

1 Joh 2:29 "As julle weet dat Hy regverdig is, dan weet julle dat **elkeen wat die geregtigheid doen, uit Hom gebore is.**"

1 Joh 2:3,4&6 "En **hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar.** Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooie nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. **Hy wat sê dat hy in Hom** (Christus) **bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het.**"

Heb 7:25 "**Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.**"

Ef 3:20 "En **aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles** wat ons bid of dink, **volgens die krag wat in ons werk** (wat glo),"

gees van Christus het, en in die liggaam van die Here is, laat God die Vader hom toe om te heers in die lewe onder die toesig van die Heilige Gees. So 'n persoon is 'n instrument tot eer, wat gereinig en voorberei is deur God vir alle goeie werke. Ons sien dieselfde werking onder die Jode wat gebore en grootgemaak is onder die wet van God in die Wildernis. Hulle is deur God voorberei om in Kanaän te heers volgens hulle kennis van die Wet.

Op 5:10 "en **het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers.**"

1 Pet 2:9 "Maar julle is 'n uitverkore geslag, **'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom** wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,"

Fil 2:15 "**sodat julle onberispelik en opreg kan wees, kinders van God sonder gebrek** te midde van 'n krom en verdraaide geslag onder wie **julle skyn soos ligte in die wêreld,**"

Dit is omdat 'n seun van God onberispelik leef, opreg en onskuldig is, dat hy skyn soos 'n lig in die wêreld. Hy is die sout van die aarde en 'n lig wat nie versteek kan word nie. Hy is in staat om met gesag te vermaan en te bestraf. As 'n seun van God eendag engele sal oordeel, kan hy sekerlik geskille tussen sy broers en susters oplos sonder om self geoordeel te word.

1 Kor 5:12&13 "Want waarom sou ek ook die wat buite (sondaars) is, oordeel? **Oordeel julle nie die** (gelowiges) **wat binne is nie?** Maar die wat buite is, oordeel God. **Verwyder tog dié slegte mens onder julle uit.**"

**Sondaars en Mammon**

Terwyl die innerlike mens in die Gees was ('in die Wildernis van Sin'), was hy deur die Heilige Gees voorberei vir 'n lewe in Christus ('in Kanaän') deur die vernuwing van sy verstand en die heiligmaking van sy gees. Noudat hy in Christus is, moet hy homself rein hou en nie weer verstrik raak in die weë van sondaars en onregverdige Mammon nie. Dit stem ooreen met die Jode wat Kanaän ingegaan het en deur afgodediens en rykdom gekonfronteer is. Die Jode was nie toegelaat om gemeenskap met die afgodedienaars te hê of om hul rykdom te begeer nie.

2 Pet 2:20&21 "Want as hulle, **nadat hulle** deur die kennis van die Here en Saligmaker, Jesus Christus, **die besmettinge van die wêreld** (afgodery aangeleer in Egipte) **ontvlug het, hulle tog weer deur hierdie dinge** (afgodery) **laat verstrik en oorwin word, dan het vir hulle die laaste erger geword as die eerste.** Want **dit sou vir hulle beter wees** (om in Egipte te bly) **as hulle die weg van die geregtigheid nie geken het nie,** as dat hulle, nadat hulle dit leer ken het, hulle afkeer van die heilige gebod wat aan hulle oorgelewer is."

Jak 4:4 "Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie **dat** die **vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie?** Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God."

Sondaars is die slawe van Satan en word beheer deur sonde asook demoniese invloede in die lug. Hulle waardes, begeertes, opinies, houdinge en gedrag is teen die beginsels van God. 'n Seun van God ondervind derhalwe konstante druk om nie die beginsels wat in die Woord van God uitgelê is te gehoorsaam nie. As hy verstrik raak in die weë van sondaars word hy 'n vyand van God. Dit is so want om enigiets in die wêreld meer te ag, waardeer, koester en lief te hê as jou gehoorsaamheid aan God, is afgodery en afgodsaanbidding.

Kol 3:5 "**Maak dood** dan julle lede wat op die aarde is, naamlik **hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is**,"

Ef 2:1-3 "En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes waarin julle tevore gewandel het **volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk,** onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die **begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn** net soos ook die ander."

Afgesien van sondaars, moet die seun van God ook met onregverdige Mammon handel. Mammon is die gees van geld en rykdom wat gierigheid en afhanklikheid van geld veroorsaak. Geld het dieselfde effek op rykes sowel as armes. Die een wat het, wil meer hê, en die een wat nie het nie, wil ook meer hê.

Matt 6:24 "**Niemand kan twee here dien nie;** want òf **hy sal die een haat en die ander liefhê,** òf hy sal die een aanhang en die ander verag. **Julle kan nie God én Mammon dien nie!**"

1 Tim 6:9&10 "Maar **die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke** en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang. **Want die geldgierigheid** is 'n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het **hulle afgedwaal van die geloof** en hulleself met baie smarte deurboor."

Mammon het die mag om al die 'werke van die vlees' weer te laat herleef in 'n seun van God.

Gedurende sy lewe in Christus, sal 'n seun van God baie beproewinge en verdrukkinge ondervind. Allerhande moeilikhede, skades, benadeling, kwaad, leed, siekte, pyn en verlies, oefen druk uit op hom om God te wantrou, en aan die weë van die wêreld gelykvormig te word. Dit is juis gedurende hierdie onaangename tye dat sy geloof gelouter en beproef word. Namate sy vertroue in God toeneem, word sy vrees vir die mens, vrees vir vewerping en vrees vir die dood oorwin. Die een wat oorwin sal die kroon van die lewe ontvang, in die teenwoordigheid van God woon en saam met Christus heers, omdat sy naam in die Boek van die Lam geskryf is.

Die gelowiges wat die heiligmaking nie volbring nie sal saam met alle sondaars voor God staan op die Dag van God se oordeel. Op daardie dag sal die gelowige wie se naam tog in die Boek van die Lewe voorkom toegelaat word om 'n burger van die nuwe aarde te wees. Diegene wie se name nie in die Boek van die Lewe voorkom nie, sal in die Hel gewerp word saam met Satan, wie hulle gedien het.

Fil 1:9-11 "En dit bid ek **dat julle liefde nog meer en meer oorvloedig mag word in kennis en alle ervaring, om die dinge waar dit op aankom, te onderskei,** sodat **julle rein en vir niemand 'n aanstoot mag wees nie,** tot op die dag van Christus, **vervul met die vrug van geregtigheid**..."

Jak 1:12 "Salig is die man wat versoeking verdra, **want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang** wat die Here beloof het aan die wat Hom liefhet."


Op 21:27 "En daarin sal **nie inkom** iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar **net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam.**"

Op 3:5 "**Wie oorwin,** sal beklee word met wit klere, en **Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie,** en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele."

Op 20:12 "En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; **en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen.** En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke."

Op 20:15 " En **as dit BEVIND IS dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.**"

# OPSOMMING




**DIE MENS IS 'N SONDIGE WESE**
Die orde waarin die mens geval het is as volg: eers die gees as gevolg van Eva, toe die siel as gevolg van Adam en daarna het sonde in die liggaam gekom. Die redding van die mens vind egter in die teenoorgestelde orde plaas, naamlik: eers die liggaam, dan die siel en daarna die gees.

**REDDING VAN DIE LIGGAAM**
Omdat die liggaam van sonde vernietig is en 'n nuwe liggaam geskep is, gee God die Heilige Gees aan die liggaam om die sonde te vervang.

**REDDING VAN DIE SIEL**
Dit is onder die wet van die Gees dat die siel gered word van die oorheersing van sy eie gees. Deur die vernuwing van die verstand word die siel weer die hoof van sy gees, maar het nog nie rus van die vleeslike liste en begeertes van sy gees nie.

**REDDINGS VAN DIE GEES**
Dit is deur die salwing van die Heilige Gees dat die liste en begeertes van die gees gedood word. Dit is tydens lyding dat die gees verander en goddelik word.

**DIE HERSTELDE MENS**
Die herstelde mens is 'n seun van God net soos Adam was voor die val. Die siel moet sy gees bewaar van verskillende versoekinge en nie misluk soos Adam (die siel) nie toe hy gefaal het om Eva (die gees) te beskerm.

'n Seun van God word gekonfronteer met baie bedreiginge en versoekinge wat deur die bose magte, die wêreld, en Mammon kom. Omdat hy 'n gesalfde van God is, is hy instaat om al hierdie aanslae te oorkom in gehoorsaamheid aan God.

## HOOFSTUK 11

## UIT GELOOF TOT GELOOF

In Paulus se brief aan die gelowiges in Rome, vertel hy dat daar oor die wêreld van hulle geloof in Jesus gepraat word. Maar in Romeine 1:15 sê hy dat hy die Evangelie van Christus OOK aan hulle moet verkondig. Die vraag wat gevra moet word is: Hoekom moet die Evangelie aan hulle verkondig word as hulle reeds geregverdig is deur hul geloof in Jesus as die Lam wat gekruisig is?

Dit is omdat Jesus nie net gesterf het vir hulle sondes nie, maar ook opgewek is in 'n nuwe liggaam as die nuwe mens. As die gelowige in die nuwe liggaam opgewek wil word, moet die innerlike mens gehoorsaam word aan HIERDIE waarheid. Die Evangelie van Christus is dat die ou liggaam vernietig is en 'n nuwe liggaam geskep is. Met die hulp van die Heilige Gees is die innerlike mens instaat om sy ou sondige lewe te versaak en 'n nuwe sondelose lewe as 'n nuwe mens te leef. Dit word volbring deur heiligmaking van die innerlike mens.

### DIE STAPPE VAN GELOOF

Die volgende diagram toon die beginsel 'uit geloof tot geloof' wat die twee stappe van geloof is.

Kyk & Leer!

## Die twee stappe van geloof





**In die eerste stap van geloof** roep God die innerlike mens uit die liggaam van Adam want hy kan nie God gehoorsaam terwyl hy onder die wet van sonde is nie. As hy God glo en Jesus as die Here aanneem, word sy

### VERWYSINGS EN KOMMENTARE

Rom 1:16&17 "Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, **want dit** (die evangelie) **is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo**... Want die geregtigheid van God **word daarin** (in die evangelie) **geopenbaar uit geloof** (eerste stap) **tot geloof** (tweede stap), soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe."

1 Joh 5:13 "Dit het ek geskrywe aan **julle wat glo** (eerste stap van geloof) in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en **kan glo** (tweede stap van geloof) in die Naam van die Seun van God."

## Die Evangelie van Christus




Geloof in Jesus verlos die innerlike mens van sonde in sy liggaam. Omdat die innerlike mens vrygemaak is van sonde, moet hy ophou met die sondes wat hy nog doen.

Matt 5:48 "**Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is.**"

Omdat die gelowige geoordeel sal word volgens die wet van vryheid, word die innerlike mens verplig om op te hou met ieder en elke sonde wat hy nog doen.

Jak 2:12 "**Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word.**"

Rom 6:20&22 "Want toe julle diensknegte was van die sonde, was julle vry van die geregtigheid. Maar nou dat julle **vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe.**"

Voorbeelde:
Matt 5:27&28 "Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, **reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het.**"
Matt 5:21&22 "Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg. Maar... elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en... **elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur.**"

Die innerlike mens wat verlos is van sonde moet verstaan dat hy geoordeel sal word volgens die wet van vryheid.

sondes vergewe en ontvang hy die Heilige Gees. Op hierdie wyse word die innerlike mens uit genade van sonde bevry deur geloof, en nie deur enige goeie werke, of werke van geregtigheid wat hy gedoen het nie.

Alhoewel die innerlike mens in die Gees is, is hy nog steeds vleeslik en hou hy aan sondig. Heiligmaking van die innerlike mens moet nog gedoen word om soos Christus te wees.

**In die tweede stap van geloof** beveel God die innerlike mens om die heiligmaking te volbring, om in Christus te kom. Die innerlike mens wat glo dat daar geen sonde in die nuwe liggaam is nie, moet elke sonde wat hy nog pleeg doodmaak, deur sy vertroue in die werking van die Heilige Gees te plaas. Slegs wanneer die Heilige Gees die innerlike mens reinig sal hy soos Christus wees.

Enige persoon wat in Jesus glo maar nog sondig, is ongehoorsaam aan die waarheid weens sy ongeloof. Die Evangelie wat aan hom verkondig word baat hom nie want hy meng nie die Woord met geloof nie.

## HEILIGMAKING VAN DIE INNERLIKE MENS

Dit is slegs in die tweede stap van geloof dat God die gelowige roep om die heiligmaking te volbring. Geloof in Jesus regverdig die innerlike mens want die inwonende Gees vervang sonde in die liggaam, maar geloof in die waarheid en in die werking van die Heilige Gees maak die innerlike mens heilig.

Die gelowige in Jesus moet verstaan dat sonder heiligmaking sal hy die Here nie sien nie. Om die innerlike mens volmaak te maak, moet sy verstand vernuwe sodat sy gees kan verander.

<u>Heiligmaking is:</u>

1. Die vernuwing van die gemoed uit 'n bewussyn van 'goed & kwaad', na 'n bewussyn van die waarheid in Christus.
2. Om die onheilige dominerende gees te verander na 'n heilige onderdanige gees.

Alhoewel die innerlike mens in die Gees is, is sy siel nog steeds vleeslik-gesind, nie geestelik-gesind nie. Vernuwing van die gemoed vanuit 'goed & kwaad-

1 Pet 2:16 "as vrymense en **nie asof julle die vryheid het as 'n dekmantel vir die boosheid nie,** maar as diensknegte van God."

2 Kor 13:5 "**Ondersoek julself of julle in die geloof is; stel julself op die proef.** Of is julle nie seker van julself dat Jesus Christus in julle is nie—**as julle ten minste nie verwerplik is nie!**"

Dit is belangrik dat die Christen weet of hy die Heilige Gees ontvang het, en of sonde nog in sy liggaam woon. Sonder die inwonende Heilige Gees kan hy alleenlik godsdiens beoefen, want heiligmaking van die innerlike mens kan nie behaal word nie.

Gal 5:25 "**As ons** (die innerlike mens) **deur die Gees lewe,** laat ons **ook deur die Gees wandel.**"

Heb 4:2 "Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle; **maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie.**"

2 Tess 2:13&14 "Maar ons moet God altyd oor julle dank, broeders wat deur die Here bemin word, **dat God julle van die begin af verkies het tot saligheid in heiligmaking van die Gees en geloof in die waarheid,** waartoe Hy julle geroep het deur ons evangelie **om die heerlikheid van onse Here Jesus Christus te verkry.**"

1 Kor 3:16&17 "**Weet julle nie dat julle** (liggaam) **'n tempel van God is en die Gees van God in julle** (liggaam) **woon nie?** As iemand die tempel (liggaam) van God **skend, sal God hom skend**; want die tempel van God is heilig, en dit is julle."

Rom 12:2 "En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, **maar word verander** (in jul gees) deur **die vernuwing van julle gemoed** (siel)…"


1 Pet 3:5&6 "Want so het vroeër ook die **heilige vroue** (gees) **wat op God gehoop** (geglo) **het,** hulleself versier, en **hulle was aan hul eie mans** (siel) **onderdanig,** soos Sara gehoorsaam was aan Abraham en hom heer genoem het; wie se kinders julle geword het as julle goed doen en geen enkele verskrikking vrees nie."

**Nota:** Terwyl Sarai (die gees) in ongeloof was het sy Abram (die siel) oorheers, wat gelei het tot die geboorte van Ismael ('n 'werk van die vlees'). Maar toe sy God glo, het sy Abraham erken as hoof en aan hom toegegee, selfs toe hy Isak geoffer het.

bewus' na 'waarheid-bewus', is dus sentraal om die ongelowige dominerende gees daartoe te bring om die waarheid te glo.

Die Woord van God (die Bybel) kommunikeer die waarheid aan die siel en nie die gees nie. Die gees glo en onderwerp aan die siel namate hy die waarheid ontvang via die siel. Dit is omdat halwe waarhede en verkeerde interpretasies van skrifte verkondig is aan die siel, dat die gees ongoddelik en ongehoorsaam bly. Dit is hoekom gelowiges aanhou leef soos sondaars.

Kyk & Leer!




**Vernuwing van die verstand**

'n Vleeslik-gesinde gelowige funksioneer volgens kennis van 'goed & kwaad' en 'n geestelik-gesinde gelowige volgens kennis van die waarheid. Soos die gelowige die Woord bestudeer, bespreek en daaroor nadink, sal die salwing van die Heilige Gees hom geestelike insig gee van die Woord. Sodra die siel die waarheid in die skrifte verstaan, het die gelowige die verstand van Christus.

Kennis van 'goed & kwaad' maak die siel dubbel-gedagtig en veroordelend. Die vlees-gesinde gelowige oordeel alles as goed of kwaad volgens sy eie geregtigheid. Hierdie gesindheid veroorsaak partyskappe, onmin en ongeregtigheid in sy gees wat as 'werke van die vlees' manifesteer. Aan die ander kant maak kennis van die waarheid die siel enkel-

Rom 10:14&17 "Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En **hoe kan hulle** (die gees) **in Hom glo van wie hulle** (die siel) **nie gehoor het nie?** En hoe kan hulle (die siel) hoor sonder een wat preek? Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God."

Die proses van **heiligmaking is 'n kombinasie van jou gebede** (Kol 1:9-12) **en God.** Wanneer **jy** volhard sit **die Vader** eers sy wette in jou siel en dan in jou gees (Heb 8:10 & Heb 10:16) en **die Heilige Gees** gee insig (unction) en die salwing (anointing) (1 Joh 2:20&27) om jou waardig te maak om in die liggaam van **die Seun** te woon.

Wanneer jy bid dat jou SIEL, "…**vervul mag word met die kennis van sy wil in alle wysheid en geestelike insig,**" (Kol 1:9), sal God deur die salwing van die Heilige Gees Sy wette in jou verstand plaas en dit in jou hart (gees) skrywe, "**sodat julle waardiglik voor die Here mag wandel om Hom in alles te behaag**…" (Kol 1:10)

Wanneer jy bid dat jou GEES, "…**met alle krag bekragtig word volgens die mag van sy heerlikheid tot alle lydsaamheid en lankmoedigheid met blydskap,**" (Kol 1:11), sal God deur die salwing van die Heilige Gees sy wette in jou hart (gees) plaas en dit in jou verstand skrywe, sodat jy kan toeneem, "…**in die kennis van God**…" (Kol 1:10)

Sodra jou gebede beantwoord word kan jy God bedank, "…**wat ons bekwaam gemaak het om deel te hê aan die erfdeel** (nuwe liggaam) **van die heiliges in die lig**… " (Kol 1:12)

2 Kor 6:16-18 "…Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en **hulle sal vir My 'n volk wees.** Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en **julle sal vir My seuns en dogters wees,** spreek die Here, die Almagtige."

**Nota:** God noem hulle Sy mense wanneer die Heilige Gees in hulle woon. Eers na reiniging neem Hy hulle aan as Sy seuns en dogters.

In Genesis het ons geleer dat kennis van 'goed & kwaad' veroorsaak het dat sonde in die liggaam van die mens gekom het. Omdat die siel van die gelowige nog volgens kennis van 'goed & kwaad' funksioneer, is sy gees onder konstante druk om te sondig. Wanneer die siel bewus is van 'goed & kwaad', sal die gees goddeloos en dominerend wees. Wanneer die siel bewus is van die waarheid, sal die gees goddelik en onderworpe wees. Voorbeeld: Jesus het gesê jy moet die ander wang draai. Terwyl 'n gelowige se verstand bewus is van 'goed & kwaad' sal sy gees terug baklei, maar wanneer 'n gelowige se verstand bewus is van die waarheid sal sy gees goddelik wees en nie baklei nie.

'n Vleeslik-gesinde gelowige sal altyd volgens die goddelose en vergeldende natuur van sy gees optree. Hy is veroordelend en sondig want hy oordeel sonder kennis van die feite (waarheid). Die gelowige wat geestelik gesind is, sal altyd volgens die goddelike en sagmoedige natuur van sy gees optree. Hy sondig nie want hy is wys en oordeel volgens die waarheid (feite).

gedagtig en wys. Die geestelik-gesinde beoordeel alles volgens die geregtigheid van God. Hierdie gesindheid veroorsaak eenheid, vrede en geregtigheid in die gees wat as die vrug van die Gees manifesteer.

Die volgende voorbeelde help ons om die vleeslike verstand, wat volgens 'goed & kwaad' funksioneer, en die geestelike verstand wat volgens die waarheid funksioneer, te verstaan:

'n Werkgewer het arbeiders op verskillende tye van die dag gehuur. Toe hy hulle almal dieselfde loon betaal het diegene wat langer ure gewerk het gekla, want hulle het dit as kwaad beoordeel. Aan die ander kant het diegene wat minder ure gewerk het dit as goed beoordeel. Die geestelik-gesinde, aan die ander kant, weet dat almal die loon gekry het waarop hulle ooreengekom het, en dat hulle geen rede het om te kla nie.

As 'n vleeslik-gesinde gelowige gekomplimenteer word, is dit goed en sy gees ervaar blydskap. Maar wanneer hy gekritiseer word, is dit kwaad en sy gees voel seergemaak. Die blydskap en die seer kan lei tot trots en bitterheid, wat beide 'werke van die vlees' is. Beide die goeie en die slegte gevoelens kan lei tot sonde soos trots, jaloesie, skinder, woede, kwaadwilligheid, partyskap, ens. Die geestelik-gesinde gelowige, aan die ander kant, word nie in sy gees geaffekteer deur komplimente of kritiek nie. Hy sal elke gedagte gevange neem in gehoorsaamheid aan die waarheid. Deur die kennis van 'goed & kwaad' te verwerp, beskerm hy sy gees en sondig hy nie.

God is die Skepper van alle mense. Om een persoon hoër as 'n ander te ag, is 'n simptoom van 'n vleeslik-gesinde gelowige. Dit is die vleeslik-gesinde wat mense klassifiseer as mooi en lelik, ryk en arm, intelligent en dom, belangrik of onbelangrik, ens. Die geestelik-gesinde gelowige, wie soos Christus is, is nie die aannemer van persone nie.

Vleeslik-gesinde gelowiges kan nie vertrou word nie want hulle, "Ja," is nie ja nie, en hulle, "Nee," is nie nee nie. Voorbeelde: Toe hulle getrou het was dit: "Ja, tot die dood ons skei," maar later het hulle Ja, Nee geword en toe skei hulle. Hulle skei want hulle twis, pleeg egbreuk, ens. wat 'werke van die vlees' is. Twee gelowiges sê ja en teken 'n besigheidskontrak, maar later is dit nee en hulle ooreenkoms eindig in die hof.

Die duiwel het die Kerk mislei en het hulle oortuig dat hulle mekaar nie moet oordeel nie, maar skrifte sê ook in Heb 3:13 "Maar **vermaan mekaar elke dag** so lank as dit vandag genoem word, **sodat niemand** van julle deur die verleiding van die sonde **verhard word nie.**" Omdat die volwasse seuns van God nie sondig nie, het hulle die gesag en verantwoordelikheid om die ongehoorsames in die Kerk te vermaan. Wedergebore gelowiges moet mekaar dus beoordeel wanneer dit bevind word dat een van hulle nie volgens die waarheid wandel nie.

Die Woord van God is die waarheid. Dit is vir ewig vasgelê en verander nie van dag tot dag nie en pas nie aan by veranderende omstandighede nie. Die onvernude gelowige verander egter sy gedagtes van dag tot dag en in elke omstandigheid. Wat blyk goed te wees vir die onvernude verstand mag dalk kwaad wees, en wat kwaad is vir die onvernude verstand mag eintlik goed wees. Onthou! 'Goed' en 'kwaad' is nie noodwendig die waarheid nie. Die waarheid is egter altyd goed. As die Woord sê, "Ja," dan is dit goed en wanneer die Woord sê, "Nee," dan is dit ook goed.

Die Woord van God is die Saad wat seuns van God voortbring. As die Woord van God nie 'n seun voortbring wat nie sondig nie, dan moet die interpretasie van die Woord wat hy ontvang het verkeerd wees.
**NB!** Verkeerde interpretasie van skrifte is vals, en dus nie die waarheid nie. Die gevolg van valse leringe is dat die gelowiges skrifte kan kwoteer maar tog aanhou sondig. Jesus het gesê: "En **julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak** (van aanhou sondig!!!). …voorwaar Ek sê vir julle dat **elkeen wat die sonde doen, 'n dienskneg van die sonde is.** En die dienskneg (van sonde) bly nie vir altyd in die huis (van God) nie; die seun bly vir altyd." Joh 8:32; 8:34&35.

Elke saad produseer volgens sy eie soort. As die gelowige wat die Woord hoor nie ophou sondig nie is hy nie 'n seun van God nie, maar 'n onegte seun wat deur God verwerp sal word. Voorbeeld: Jy kan 'n aap leer om klere aan te trek en soos 'n mens op te tree. Hy mag dalk 'n pak dra, 'n fiets ry, sy eienaar soen, maar hy bly 'n aap. Dieselfde is waar van 'n gelowige wat skrifte ken maar die krag daarvan verloën.

Wanneer die Bybel sê: "Lieg nie, steel nie, wees vriendelik," ens. praat dit met 'n gelowige wie se verstand nog steeds onvernuwe is, want 'n seun van God wie se verstand vernuwe is, doen nie sulke dinge nie. Die gelowige wie se verstand onvernuwe is dink dat as hy nie steel nie is hy goed, en as hy steel is hy sleg weens sy kennis van 'goed & kwaad'. Dit is die bewys van 'n godsdienstige gelowige. Hoe lank moet God so 'n patetiese verstandelike toestand duld, want as so 'n gelowige versoek word, sal hy na sy sondige toestand terugkeer.

Luk 13:6-9 "En Hy het hierdie gelykenis uitgespreek: 'n Man het 'n vyeboom gehad wat in sy wingerd geplant was, en **hy het gekom en vrugte daaraan gesoek** en niks gekry nie. Toe sê hy vir die tuinier: **Kyk, drie jaar kom ek om vrugte aan hierdie vyeboom te soek en ek kry niks nie; kap hom uit. Waarvoor maak hy die grond nog onvrugbaar?** Maar hy antwoord en sê vir hom: Meneer, **laat hom nog hierdie jaar staan** totdat ek om hom gespit en mis gegooi het. **As hy dan vrugte dra**, goed; **maar so nie,** dan **kan u hom anderjaar uitkap.**"
**Nota:** Volgens hierdie gelykenis is dit moontlik vir 'n wedergebore

Die geestelik-gesinde gelowige se, "Ja," is ja en sy, "Nee," is nee, selfs al is dit tot sy eie nadeel.

Alles hierbo toon dat 'n vleeslik-gesinde gelowige in 'n bewussyn van 'goed & kwaad' funksioneer en nie kan ophou sondig nie alhoewel hy dalk baie opreg is in sy poging. Die waarheid van die saak is dat 'n seun van God nie sondig nie, maar vleeslik-gesinde gelowiges stem nie met God saam nie. God sê, "Wees volmaak," maar hulle sê, "Dit is nie moontlik nie," en so weerstaan hulle altyd die Gees van waarheid. Omdat hulle nie die waarheid aanvaar nie, sal hulle sondig bly. Hoe kan hulle daarop aanspraak maak dat hulle seuns van God is?

**Verandering van die gees**

Die siel wat begrip van die waarheid het sal ervaar dat daar weerstand in sy gees is om die waarheid te gehoorsaam. Die gees weerstaan die waarheid omdat hy nog nie glo nie. Dit is openbaring van die waarheid deur die Heilige Gees wat meebring dat die gees die waarheid glo. Lig kom net in die gees via die siel, en om hierdie rede is dit nodig dat die siel die waarheid dag en nag oordink. As gevolg van die gebede en smekinge van die siel, stel die Heilige Gees die salwing vry wat die ongelowige gees verander om die waarheid te glo.

Omdat die gees die lewe van die siel is, produseer 'n gees van ongeloof 'n lewe van ongeregtigheid, onrus en onvergenoegdheid in die Heilige Gees. So 'n lewe is vol van die 'werke van die vlees' en die vernude siel het nie beheer oor sy dominerende gees nie. Terwyl die gees in ongeloof is, kan die innerlike mens God nie in gees en waarheid dien nie. Aan die ander kant sal 'n gees wat verander is en die waarheid glo 'n lewe van geregtigeid, vrede en blydskap in die Heilige Gees produseer. So 'n lewe is gevul met die vrug van die Gees. Omdat die vernude siel 'n onderdanige gees het, dien hy God in gees en in waarheid.

Omdat geloof van die gees is, sal die reaksie van die gees aan die vernude siel toon of die gees die waarheid glo, of nog nie glo nie. Die gelowige kan homself dus toets of hy in die geloof is of nie. Die 'werke van die vlees' wat voortspruit uit die gees sal slegs ophou wanneer die gees die waarheid glo. Goddelikheid is die bewys van 'n gelowige gees. 'n Goddelike gees is die enigste sekerheid wat die siel

gelowige om die heiligmaking in 3-4 jaar te volbring. Is dit onmoontlik vir enige gelowige wat steel, lieg of skinder om hierdie gedrag te staak in 3-4 jaar? Ten einde op te hou om te sondig, moet die gees van die gelowige verander om die waarheid te glo. Die gelowige mag die waarheid verstaan en aanvaar met sy siel, maar sy gees moet ook daartoe kom om die waarheid te glo. Slegs dan sal die sonde stop!

<u>Die volgende skrifte dien as 'n waarskuwing aan alle gelowiges:</u>
Heb 6:4-8 "Want **dit is onmoontlik om die** (gelowiges) **wat eenmaal verlig geword het** en die hemelse gawe (vergifnis) gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, **en afvallig geword het** (doen die 'werke van die vlees' en bring nie die vrug van die Gees voort nie) **—om dié weer tot bekering te vernuwe,** omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak. Want die grond wat die reën indrink wat dikwels daarop val, en nuttige plante voortbring ter wille van hulle vir wie dit ook bewerk word, het deel aan die seën van God. **Maar as dit dorings en distels oplewer, deug dit nie en is naby die vervloeking—die einde daarvan is verbranding.**"

1 Joh 5:18 "Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie sondig nie; maar hy wat uit God gebore is, **bewaar homself,** en **die Bose het geen vat op hom nie.**"

Jos 1:8&9 "**Hierdie wetboek** (die Woord) mag nie uit jou mond wyk nie; maar **bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel** volgens alles wat daarin geskrywe staan; want **dan sal jy in jou weë voorspoedig wees,** en dan sal jy met goeie gevolg handel. Het Ek jou nie beveel nie: Wees sterk en vol moed, **wees nie bevrees** of verskrik nie; want die HERE jou **God is met jou,** oral waar jy heengaan."

Ps 119:130 "**Die opening van u woorde gee lig;** dit maak die eenvoudiges verstandig."

Spr 4:20-23 "My seun (<u>siel</u>), **luister na wat ek sê,** neig jou oor tot my woorde, laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne-in jou hart (<u>gees</u>). Want **hulle is die lewe vir die wat hulle vind,** en 'n genesing (van sondes) vir hulle hele <u>liggaam</u>. **Bewaak** (bewaar) **jou hart** (gees) **meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe.**"

<u>Twee punte wat in ag geneem moet word:</u>
1 Die siel moet waaksaam wees vir leringe wat hy ontvang. As 'n valse lering aanvaar word as die waarheid, beïnvloed dit die geloof van die gees. Geloof in 'n leuen maak nie die gees vry van sonde nie, maar geloof in die waarheid wel.
2 Sodra 'n sekere 'werk van die vlees' (swakheid) vernietig is, het daardie spesifieke sonde nie meer 'n houvas op die gees nie. Die gelowige is dan nie meer vatbaar vir daardie spesifieke versoeking van die bose een nie.

<u>Die bogenoemde kan verduidelik word deur 'n voorbeeld:</u>
Die regerende party van 'n land regeer die land en sy mense. Die opposisieparty regeer egter vanuit die lug. Die opposisie het dieselfde strukture as die regerende party behalwe dat dit nie die wettige regeerder van die land is nie. Die opposisieparty streef om die regerende party te word. <u>Eerstens,</u> die opposisie verkondig sy eie ideologieë ten einde die gedagtes van die mense gevange te

het van 'n ewige lewe in die nuwe onsterflike liggaam. Afgesien van die inwonende Heilige Gees, wat die belofte van die ewige lewe is, is 'n heilige en goddelike gees die enigste ander bewys, hier en nou, dat die siel die ewige lewe het.


Dit is belangrik om te onthou:

Die liggaam is gered van sonde vanweë die inwonende Heilige Gees. Die siel is vernuwe tot die waarheid deur die salwing van die Heilige Gees. Die gees het tot geloof in die waarheid gekom deur die doop van die Heilige Gees. Omdat al drie lede van die gelowige – die liggaam, die siel en die gees – gered is, moet God nog net die sterflike liggaam van die gelowige verander in die onsterflike liggaam van Christus.

**Verlossing van die liggaam**

Mans en vrouens word gebore in 'n liggaam van sonde omdat Adam gesondig het. Dit is nie die liggaam wat die innerlike mens verdorwe nie, maar sonde wat in die liggaam woon. Die verdorwe innerlike mens gebruik dan die liggaam as 'n instrument van ongeregtigheid.

Kyk & Leer!




Dit is baie belangrik om te verstaan dat die dood of kruisiging van Jesus as die Lam van God, soortgelyk is aan die diereoffers vir die vergifnis van sonde in die Ou Testament. Maar meer belangrik om te verstaan, is die feit dat weens die opstanding van Jesus, die liggaam gered word van sonde deur die inwoning van die

neem sodat die mense vir hulle kan stem en hulle ondersteun. Tweedens, hulle teiken die swakhede van die regerende party en neem selfs die regering hof toe.

Die voorbeeld hierbo genoem, toon die invloed wat Satan (die Prins van die magte in die lug) en sy magte het op die gelowige. Eerstens, veroorsaak hy verwarring in die siel deur valse leringe wat partyskappe, twis en ongehoorsaamheid meebring. Tweedens, teiken hy die swakhede van die gelowige, en beskuldig hom dag en nag voor God (die Regter). Sy beskuldiging sal net ophou wanneer die siel hom bekeer, en die gees ophou met daardie spesifieke oortreding. Dit moet verstaan word dat God, die regverdige Regter, die oortreder nie onskuldig kan verklaar, en ook nie sy oortreding kan vergewe nie, want vergifnis alleen genees nie die oortreder van daardie spesifieke sonde nie.

Op 12:10&11 "… want **die aanklaer van ons broeders** is neergewerp, hy **wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag.** En hulle het hom (Satan) oorwin deur die bloed van die Lam (liggaam gered) en deur die woord van hulle getuienis (die siel gered), en hulle het tot die dood (van sonde) toe hulle lewe (die gees gered) nie liefgehad nie."
2 Kor 5:10 "Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, **sodat elkeen kan ontvang wat hy** (die innerlike mens) **deur die liggaam verrig het**, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad."

Ef 5:23 "…soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en **Hy is die Verlosser van die liggaam.**"

Kol 1:18 "En **Hy is die Hoof van die liggaam** (kerk)**, naamlik die gemeente;** Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode…"
**Nota:** Die Kerk bestaan uit individue wie se liggame verlos is van sonde. Enige gelowige wat nie die Heilige Gees het nie is nie deel van Sy Liggaam, wat Sy Kerk is, nie.

**Gelowiges wees gewaarsku!**
Die diagram hieronder openbaar die leuen wat Christene glo en as waarheid aanvaar. Hulle is mislei want hulle dink dat die liggaam sondig is en dat dit net in 'n sondelose liggaam verander sal word in die hiernamaals. Dit is hoekom gelowiges magteloos is teen die sondes wat hulle (die innerlike mens) nog steeds doen.

**Die Leuen**

**VERGEWE, maar nie VERLOS van sonde nie**




**Hulle wat die leuen glo is anti-Christus and valse profete**
(1 Joh 4:3 and 1 Joh 2:22)

Volgens die leuen is Jesus 'n plaasvervanger vir die diere offers. Die offer van diere het alleenlik vergifnis bewerk maar kon die liggaam nie van die sonde verlos nie. As die diagram hierbo die waarheid is,

Heilige Gees. Indien Jesus nie opgewek is uit die graf in 'n nuwe liggaam nie, en die Heilige Gees nie beskikbaar gemaak is om sonde in die sterflike liggaam te vervang nie, dan is die innerlike mens net vergewe maar bly nog steeds in 'n liggaam van sonde.

Dit is omdat Jesus Christus – die Nuwe Mens – lewe, dat die Heilige Gees die sterflike liggaam bewoon en die sonde-verdorwe innerlike mens help om Christus gelykvormig te word. Slegs dan sal die innerlike mens sy liggaam as 'n instrument van geregtigheid gebruik.

Met die tweede koms van Jesus sal die sterflike liggaam verander word in 'n onsterflike liggaam, en so sal die dood verwyder word. Dit is slegs daardie gelowiges wat die heiligmaking met behulp van die Heilige Gees in die innerlike mens volbring het, wat erfgename sal wees van die ewige lewe in die nuwe liggaam. Slegs hulle sal geopenbaar word as die seuns van God.

Die gelowige moet verstaan dat sy liggaam 'n menslike natuur het met menslike behoeftes, ongeag of die sonde of die Heilige Gees daarin woon.
Geen kwaad of goed kan aan die liggaam toegeskryf word nie. Of die liggaam nou manlik of vroulik is, die innerlike mens is verantwoordelik vir al die dade van die liggaam. Voorbeeld: Die liggaam het geen begeerte om dwelms of alkohol te neem nie. Dit was die innerlike mens wat begin het om dwelms en alkohol te gebruik, en as gevolg daarvan het die liggaam chemies afhanklik geword. Dit is die innerlike mens wat die verslawing begin het, en dit is die innerlik mens se verantwoordelikheid om die verslawing te stop. Dieselfde kan gesê word van vraatsug, want die liggaam het net genoeg kos nodig om hom te onderhou. Soortgelyk, begeer die liggaam nie 'n motor of rok of enige materiële dinge nie, behalwe dit wat nodig is om te oorleef. Die liggaam kan nie skinder, jaloers wees, kant kies of humeurig wees nie, dit is die innerlike mens wat al hierdie dinge doen. Dit begin by die innerlike mens en hy moet, met behulp van die Heilige Gees, verander en ophou met die 'werke van die vlees'.

Op soortgelyke wyse kan geen goeie werk of daad toegeskryf word aan die menslike liggaam nie. Voorbeeld: Dit is nie die liggaam wat glo, meegevoel het, skenkings maak, preek of God dien nie, maar die innerlike mens.

dan is die offer van Jesus niks beter as enige diere offer nie. As die liggaam nie verlos is van sonde nie, dan is die innerlike mens nog steeds onder die wet van sonde.

Dit is as gevolg van hierdie leuen dat gelowiges in Jesus aanhou met Ou Testamentiese geloof en dit is die rede hoekom hulle nog aanhou sondig en sê: “Ons is maar net sondaars wat vergewe is.” Selfs gelowiges wat erken hulle is weer gebore, glo die leuen en hou aan om te sondig. As hulle die waarheid geken het, sou die waarheid hulle vrygemaak het daarvan om die leuen te leef.

Die gelowiges wat die leuen glo is anti-Christus want hulle hou nie op om te sondig nie. Hulle glo dat Jesus nie in 'die vlees' (sonde) gekom het nie. As dit waar is dan het Jesus nie sonde in die liggaam oorwin nie. So 'n geloof is in teenstelling met die skrifte, want net soos Moses groot geword het in die huis van Farao en teen Farao opgestaan het, so het Jesus groot geword in die huis van Satan en teen Satan opgestaan.

Gelowiges wat ontken dat geloof in Jesus sonde uit die liggaam verwyder, is vals profete. Hulle preek vergifnis maar ontken dat Jesus die Christus is, want volgens hulle verlos Hy nie die innerlike mens van sonde in die liggaam nie. Omdat hulle die leuen glo kan hulle nie hul sondes oorwin nie, en roem slegs in hul vergifnis. So 'n geloof is in teenstelling met skrifte, want die Heilige Gees vervang sonde in die liggaam. Net soos die sonde die innerlike mens verderf het, herstel die Heilige Gees die innerlike mens wat die waarheid glo deur heiligmaking.

Enige gelowige wat die Heilige Gees het, maar glo dat hy nog steeds in die liggaam van sonde is, is bedrieg want die waarheid is dat sy liggaam die tempel van die Heilige Gees is. Die innerlike mens kan 'n sondelose lewe lei in sy sterflike liggaam, hier en nou, want hy is reeds verlos van sonde in sy liggaam. Die gelowige moet nie dink dat hy eers uit die liggaam van sonde verlos sal word wanneer hy eendag sterf nie.

Die volgende verduidelik alles!!!
Die ou Suid Afrika was onder die 'wet van apartheid' en al die inwoners het rassisme aanvaar. Alhoewel die nuwe Suid Afrika onder die wet van nie-diskriminasie is, gaan die inwoners voort om rassisme te aanvaar. Ons sien dat die land (liggaam) verlos is van die wet van apartheid, maar die inwoners (innerlike mense) dien nog steeds apartheid. Hulle glo nie, en onderwerp nie aan hulle eie Grondwet nie. Die land self kan nie diskrimineer nie; dit is die inwoners van die land wat diskrimineer. Op dieselfde manier hou die Christene, wat verlos is van die wet van sonde, aan met hulle sondes alhoewel hulle onder die wet van die Gees is. Dit is hoekom die naam van Jesus ydellik gebruik word (Hy word gelaster) en die mense het geen respek vir Christene nie.

**Let Wel:**
Geen boosheid kan toegeskryf word aan die land (liggaam) Suid Afrika nie. Die inwoners (innerlike mense) van die land is die oortreders.

## Mammon

Alhoewel die innerlike mens in die Gees is, het hy 'n sterflike liggaam. Omdat die liggaam sekere behoeftes het soos huisvesting, kos en klere, versoek Mammon, die Wêreld en Demoniese Magte die innerlike mens om sonde te doen.

Die vrees vir die dood, beide fisies en finansieël, is die houvas wat Mammon (die onregverdige gees van geld) op die mens het weens sy sterflike liggaam. 'n Vreesagtige gees het die effek dat gelowiges selfsugtig en onregverdig is in hulle hantering van geld. Mammon onderskei nie tussen die arm en ryk gelowige nie, want die sorge van die wêreld en die bedrieglikheid van rykdom veroorsaak in beide van hulle 'n liefde vir geld.

'n Tekort asook 'n oorvloed van fondse kan die innerlike mens beweeg tot sonde. Tekort aan geld skep kommer, vrees en ongeloof wat lei tot allerhande ongeregtigheid soos lieg, bedrieg, diefstal, bedrog, ens. Oorvloed van geld skep 'n valse gevoel van sekuriteit en hoogmoed, wat maak dat die gelowige lou word teenoor God en dit lei tot dieselfde ongeregtigheid soos hierbo genoem. Die vrees vir finansiële dood veroorsaak selfbehoud, en selfbehoud bring selfsugtigheid mee. Die gevolg is dat gelowiges nooit genoeg het om hulle mede-gelowiges, wat 'n behoefte het, te help nie. Hierdie toestand onder gelowiges is nie welgevallig voor God nie.

Bogenoemde is die waarheid en alhoewel gelowiges die probleem mag besef en erken, is hulle huiwerig om te help weens die vreesagtige natuur van hul gees. Die gelowiges wie se gees tot geloof in die waarheid gekom het, is bereid om te gee namate hul broeders behoeftes het. Sulke gelowiges dien God en nie Mammon nie want hulle vertroue is in God, nie in geld nie.

Omdat die fisiese liggaam kan sterf, veroorsaak 'n tekort aan geld vrees vir die dood wat lei tot selfsug en ongeregtigheid in hulle hantering van geld. Hoe kan gelowiges dan die effek wat onregverdige Mammon op hulle gees het, oorwin?

Die siel wat die waarheid ken, moet nie die selfsug en ongeregtigeid van sy vreesagtige gees gehoorsaam nie. Wanneer die gelowige tog 'n gewer wil wees, sal

Job 2:4 "Toe het die Satan die HERE geantwoord en gesê: **Huid** (liggaam) **vir huid** (liggaam), en **alles wat iemand het, sal hy gee vir sy lewe;**"
**Nota:** Omdat almal 'n liggaam het en die dood vrees, sal hulle alles wat hulle het gee om aan die lewe te bly. Die mens spandeer sy hele lewe om rykdom/geld te verdien, en wanneer sy liggaam bedreig word deur 'n rower, siekte of ouderdom, sal hy alles gee wat hy het (sy geld) om te oorleef.

Geld insigself is nie boos nie want dit word net as betaal-middel gebruik. Maar geld het 'n onregverdige gees as gevolg van die mens se selfsug en sy vrees vir die dood. Hierdie gees word Mammon genoem. Wanneer 'n mens met geld te doen het, is ongeregtigheid teenwoordig. Die gelowige wat regverdig is in sy omgang met geld, dien God want hy is nie selfsugtig nie en vrees nie finansiële of fisiese dood nie. 'n Gelowige, wat onregverdig is in sy omgang met geld, dien Mammon.

Luk 16:13 "Geen huiskneg kan **twee here** dien nie… Julle kan nie **God én Mammon** dien nie."
**Nota:** Omdat geld sekuriteit is en voorsien in al die gelowige se behoeftes, ontwikkel hy 'n liefde vir geld, en onwetend word onregverdige Mammon sy meester. Hy sal terughou, kul en bedrieg om meer te kry, maar sal dit dan uitmors en spandeer op sy liste en begeertes instede om 'n gedeelte daarvan te gebruik vir die behoeftes van sy mede-gelowiges.

Jak 4:3 "**Julle bid en julle ontvang nie,** omdat julle **verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring.**"

Ef 4:28 "Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar **laat hom liewer arbei** deur met sy hande te werk wat goed is, **sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het.**"

2 Kor 8:12&13 "Want as die bereidwilligheid daar is, is **dit welgevallig volgens wat iemand besit**, nie volgens wat hy nie besit nie. Want ek bedoel **nie dat daar vir ander verligting moet wees en vir julle verdrukking nie,**"
**Nota:** Die gelowige het geen rede om te vrees nie, want hy moet gee van wat hy het, en nie gee van wat hy nie het nie. Hy kan nie 'n gewer wees terwyl sy huishouding 'n oortrokke bankrekening het nie. Kom eers uit die skuld en dan sal dit moontlik vir jou wees om te gee. Om uit skuld te kom vereis selfbeheersing, wat deur heiligmaking van die gees kom.

**Belangrik!** Sorg vir jou eie gesin, weduwees, en mede-broeders voordat jy vir vreemdelinge en instansies begin gee.
1 Tim 5:8 "**Maar iemand wat vir sy eie mense,** en veral **sy huisgenote, nie sorg nie, het die geloof verloën en is slegter as 'n ongelowige.**"

Rom 12:13 "**Maak voorsiening in die behoeftes van die heiliges;** streef na gasvryheid;"

2 Kor 9:7 "Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, **nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief.**"

hy vrees ervaar van sy selfsugtige gees en verskeie finansiële omstandighede beleef wat hom probeer stop om vir sy broeders te gee. Deur baie gebed en smekinge moet hy aanhou om te gee en die lyding van sy gees verduur, terwyl hy geduldig wag op die salwing van die Heilige Gees wat die vrees en ongeloof van sy gees sal vernietig. Slegs wanneer vrees vervang word met geloof in God, sal die gelowige 'n vreugdevolle gewer wees.

Vermaning: Die gelowige moet versigtig wees om nie geld te gee om geld te ontvang nie, want dit is van 'die vlees' en boos. Die doel van gee is om te verander en vrygewig van gees te word deur selfsug te vernietig. Omdat God 'n blymoedige gewer soek, kyk Hy na die hart, en nie die bedrag wat gegee word nie.

**Die Wêreld**

Die wêreld verwys na die mense op aarde met hulle liste en begeerlikhede asook hulle stelsels. Hulle is sondaars en deur hulle optrede beïnvloed hulle die gelowiges. Hulle kultuur, ideologie, verleidelikheid, mode, musiek, vraatsug, dieet, tatoeëring, egbreuk, selfde geslag seksualiteit, menseregte, ens. verlok gelowiges, en veroorsaak dat hulle ook daaraan deelneem. Sodoende word gelowiges oortreders van God se Woord.

Weens die liggaam van die mens het die wette van regerings gesag oor gelowiges asook ongelowiges. God heers oor die gelowiges se innerlike mens en die regering heers oor sy uiterlike mens. Dit is die verantwoordelikheid van die regering van die land om alle oortredings te straf wat strafbaar is deur die wet. Daardie oortredinge wat nie deur die regering gestraf word nie asook die verborge sondes van die innerlike mens, sal egter rekenskap van gegee moet word op die dag van God se oordeel.

**Menseregte**

Menseregte doen homself voor as edel en regverdig maar dit neem die wetlose bose natuur van die mens nie in ag nie. Die wêreld bevorder menseregte en demokrasie maar neem nie die vernietigende gevolge wat dit op die samelewing as geheel het in ag nie. Omdat menseregte demokrasie bevorder, regeer die mense. Hoe kan die verskillende opinies van sondaars tevrede gestel word? As die demokraties verkose leiers

Die mens kan sy hele lewe sonder God lewe, maar nie sonder geld nie. Dit is die mag wat Mammon het as gevolg van geld. Die gelowige moet derhalwe waaksaam en versigtig wees wanneer geld betrokke is.

Luk 16:14&15 "En die Fariseërs, **wat geldgierig was,** het ook al hierdie dinge gehoor en **Hom beskimp.** En Hy het vir hulle gesê: Dit is julle wat julself regverdig voor die mense, **maar God ken julle harte;** want wat by die mens hoog geag word, is 'n gruwel voor God."

Mark 12:41-43 "…**En baie rykes het veel ingegooi.** En daar kom een arm **weduwee en gooi twee geldstukkies in... E**k sê vir julle, **hierdie arm weduwee het meer ingegooi as almal wat in die skatkis gegooi het.**"

1 Tim 6:17-19 "Beveel die rykes in die teenwoordige wêreld om **nie hoogmoedig te wees nie en ook nie hulle hoop te stel op die onsekerheid van die rykdom nie,** maar op die lewende God wat ons alles ryklik verleen om te geniet; **dat hulle goed moet doen en ryk wees in goeie werke, vrygewig, mededeelsaam,** en vir hulle 'n skat weglê, 'n goeie fondament vir die toekoms, **sodat hulle die ewige lewe kan verwerf.**"
**Nota:** Om besit te neem van die ewige lewe, moet heiligmaking van die innerlike mens ook volbring word ten opsigte van geld en die bestuur daarvan.

1 Joh 5:19 "Ons weet dat **ons** (gelowiges) **uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê.**"
Jak 4:4 "… weet julle nie dat die **vriendskap van die wêreld vyandskap teen God** is nie? **Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God.**"

1 Kor 6:19 "Of weet julle nie dat **julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees** wat in julle is, wat julle van God het, en dat **julle nie aan julself behoort nie?**"
Lev 19:28 "Julle mag ook ter wille van 'n dooie geen snye in julle vlees (liggaam) maak nie en **geen ingeprikte tekening** (tatoeëring) **in julle vel maak nie. Ek is die HERE.**"
**Nota:** Jy mag nie die tempel van God ontsier of graffiti daarop verf nie!!

Rom 13:1&4 "**Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is**… **want hy is 'n dienaar van God, jou ten goede.** Maar as jy kwaad doen, vrees dan; want hy dra die swaard nie verniet nie, want **hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen, te straf.**"

2 Kor 5:10 "**Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het,** volgens wat hy gedoen het, **of dit goed is of kwaad.**"
**Nota:** Gelowiges moet nie, vir een oomblik, dink dat hulle kan doen wat hulle wil en daarmee wegkom nie.

In die Bybel verwys God altyd na konings as die heersers. Jesus is die Koning wat God aangestel het en Hy kan nie in of uit gestem word nie. Daar is nie demokrasie of menseregte in die koninkryk van God nie. In Sy koninkryk is Sy Woord die wet wat gehoorsaam moet word en almal wat oortree sal 'n regverdige straf van God kry, óf nou in hierdie lewe, óf in die Dag van God se Oordeel.
Rom 2:16 "**in die dag wanneer God die verborge dinge van die mense** deur Jesus Christus **sal oordeel**, volgens my evangelie."

een tevrede stel, kla die ander. Algemene regverdigheid kan net nie bestaan in 'n sondige samelewing nie, met die gevolg dat diegene wat die gesag het nie kan regeer nie. Humanisme, gepropageer deur die media, maak dit onmoontlik vir 'n regering en die polisie om effektief te funksioneer want selfs kriminele het regte.

In Openbaring 3:14-22 praat Jesus met die kerk in Laodisea, wat ooreenstem met die kerk van vandag. Die ideologie wat in Laodisea geheers het was humanisme. Die kerk van vandag bevind hulle ook onder die ideologie van humanisme. Die reg van die mens is 'n nuwerwetse 'geloof' en alhoewel dit eerbaar voorkom, sluit dit die heerskappy van Christus uit. Die wêreld asook die kerk van vandag hou die waarheid in ongeregtigheid (Rom 1:18). Terwyl hulle die beginsels van Jesus Christus teenoor een beoefen, is hulle onregverdig teenoor 'n ander. Ons sien dat meer en meer Christene hulle onderwerp aan hierdie manier van lewe.

Voorbeeld: Neem die verhouding tussen werkgewers en werknemers. As die werknemers van 'n myn die reg het om te staak, ly die werkgewers asook ander besighede en families in die area skade. Neem diegene wat hulle menseregte uitoefen ooit die menseregte in ag van diegene wat hulle in die proses skade aandoen? Hoe meer hulle wil goed doen, hoe meer boosheid skep hulle. Ons vind dat Christene ook dieselfde tipe ongeregtigheid beoefen. Die onskuldige party word gesê om die skuldige te vergewe terwyl die oortreder vrykom.

**Demoniese aktiwiteite**

Ons het reeds in Hoofstuk 1 gesien dat toe sonde in die liggaam kom, het die liggaam die liggaam van sonde geword – die huis van Satan. Sedertdien kan bose geeste ook in die liggaam woon. Dit is waarom demone uitgedryf kan word. Omdat 'n ongelowige onder die mag van Satan en sonde is, het demoniese magte toegang tot sy liggaam. Maar wanneer 'n persoon egter die Heilige Gees ontvang, dan word sy liggaam die eiendom van die Here Jesus Christus. Demoniese magte het dan nie meer vrye toegang tot sy liggaam nie, tensy die innerlike mens mislei word en dit toelaat.

Ps 2:1-4 "**Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge?** Die konings van die aarde staan gereed, en **die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde** en sê: Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp! **Hy wat in die hemel woon, lag; die Here spot met hulle.**"

Die Kerk moet onthou dat God, Jesus Christus gekies het om koning van Sy mense te wees. Waar daar 'n koning is, bestaan menseregte en demokrasie nie. Dit beteken dat menseregte en demokrasie nie van God is nie. Menseregte en demokrasie veroorsaak wetteloosheid in die wêreld en in die Kerk. God se Woord is nie meer wet in die Kerk nie want menseregte en demokrasie heers.
Voorbeelde: Menseregte verbied ouers om hulle kinders te tugtig. Gays en lesbiërs en almal wat sondig mag nie gedissiplineer of geskors word uit die Kerk nie – alles as gevolg van menseregte.

Neem Tunisië, Libië, Egipte, Irak en Sirië as voorbeelde: Die Midde Ooste het vrede en vooruitgang gehad toe hulle konings en diktators gehad het. Dit is eers toe menseregte en demokrasie op hulle afgedwing is dat alle hel en verwoesting losgebreek het in hulle lande. Duisende is dood en alle stelstels het ineengestort want daar is nie een wat regeer nie. Die migrante van daardie wettelose lande moet nou geakkommodeer word in ander lande tot nadeel van hulle eie mense. Menseregte neem egter geen verantwoordelikheid vir dit wat hulle verkondig/propageer nie. Menseregte het al die chaos (wetteloosheid) veroorsaak in die Midde Ooste en nou word ander lande gedwing om die las te dra.

Satan en sy demoniese magte berei die mensdom voor vir die koms van sy koning, die anti-Chris. Die wetteloosheid wat losgelaat is in die wêreld vra vir 'n leier wat in staat sal wees om nasies te verenig en orde te herstel. Hierdie leier sal as 'n engel van die lig voorkom, maar omdat dit onmoontlik vir hom is om te regeer met menseregte en demokrasie, sal hy 'n diktator word wat almal vervolg wat aan hom ongehoorsaam is.

2 Tess 2:9&10 "hy (die Antichris) **wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan,** omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie."

Mark 5:8&9 "Want Hy het vir hom gesê: **Onreine gees, gaan uit die man uit!** En Hy vra hom: **Wat is jou naam?** En hy antwoord en sê: **Legio is my naam, want ons is baie.**"

Matt 7:22 "**Baie** sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, **het ons nie** in u Naam geprofeteer en in u Naam **duiwels uitgedrywe** en in u Naam baie kragte gedoen nie?"

Beide goeie en bose gedagtes – wat hulle oorspong in demone het – werk tot nadeel en vernietiging van die gelowige. Demoniese invloede gee nie om vir die welsyn van gelowiges nie.

Die owerhede en magte in die lug kan sekere gedagtes skep, goed of kwaad, in die siel van die gelowige. As hierdie gedagtes en verbeeldinge te lank in die verstand vertoef, beweeg dit die gees na arrogansie, trots, beterwetig, jaloesie, haat, bitterheid, kommer, twis, onrein gedagtes, ongeloof, twyfel, angs, ens. Op hierdie manier kry die duiwel 'n houvas op die gees van die gelowige. Namate hierdie emosies verdiep in die gees en uitermatig word, sal dit oorgaan in dade soos moord, selfmoord, senuwee-ineenstorting, perversie, laster, onleerbaarheid, spitsvondigheid, partyskappe, ens.

Demoniese aktiwiteite kan geïdentifiseer word wanneer die gedagte en verbeelding nie van 'n verbygaande aard is nie, maar aanhou teen die gelowige se wil. As hierdie toestand voortduur sal die siel depressief word as gevolg van die ongewenste denke. Die gelowige wat nie voortdurend waaksaam is nie en versuim om die gedagte te verwerp in gehoorsaamheid aan die waarheid, sal onderdukking in sy gees ervaar. Sodra die bose gees beheer het oor die verstand asook die gees, is die innerlike mens oorrompel en dan het die demoon besit van die liggaam, en manifesteer hy sy wil.

Wanneer 'n gelowige teenstrydig met homself optree is dit 'n aanduiding dat 'n demoon van hom besit het want hy is nie in beheer van homself nie. 'n Demoon sal enige mens teiken wat vatbaar is of oop is vir sy begeertes en inspraak. Wanneer die innerlike mens beheer verloor, sal die liste en begeertes van die demoon in en deur sy liggaam manifesteer. 'n Demoon kan uitgedryf word in die Naam van Jesus maar nie teen die gelowige se wil nie.

Daar is 'n verskil tussen demone en sondes. Demone kan uitgedryf word, maar sondes moet doodgemaak word deur heiligmaking met die krag van die Heilige Gees.

Ef 6:11&12 "Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. **Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar** teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, **teen die bose geeste in die lug.**"

2 Kor 10:3-5 "Want hoewel ons in die vlees (liggaam) wandel, **voer ons die stryd nie volgens die vlees** (nie fisies nie maar geestelik) nie; want die wapens van **ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp,** terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, **en elke gedagte gevange neem** tot die gehoorsaamheid aan Christus,"

Gedagtes kan in jouself ontstaan, of van bose geeste, of van die Heilige Gees. Dit is die gelowige se verantwoordelikheid om selektief te wees in wat hy dink en om elke gedagte wat nie ooreenstem met die Woord van God nie, te verwerp.

2 Tim 2:25&26 "Hy moet **die weerspanniges in sagmoedigheid teregwys,** of God hulle nie miskien **bekering sal gee tot die kennis van die waarheid nie,** en **hulle weer nugter kan word, vry van die strik van die duiwel, nadat hulle deur hom gevang was om sy wil te doen.**"

1 Pet 5:8&9 "**Wees nugter** en waaksaam, want **julle teëstander, die duiwel,** loop rond soos 'n brullende leeu, en **soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof,** omdat julle weet dat dieselfde lyding opgelê word aan julle broederskap wat in die wêreld is."

Matt 12:43-45 "En **wanneer die onreine gees uit die mens uitgegaan het,** gaan hy deur waterlose plekke en soek rus en vind dit nie. **Dan sê hy: Ek sal teruggaan na my huis** (liggaam) **waar ek uitgegaan het.** En hy kom en vind dit leeg, uitgeveeg en versier. **Dan gaan hy en neem sewe ander geeste slegter as hy self met hom saam, en hulle kom in** (die liggaam) **en woon daar; en die laaste van daardie mens word erger as die eerste.** Só sal dit ook wees met hierdie bose geslag."

# OPSOMMING





**DIE TWEE STAPPE VAN GELOOF**

Eerste stap van geloof:
Deur sy geloof in Jesus word die gelowige regverdig verklaar.

Tweede stap van geloof:
Deur sy geloof in die werking van die Heilige Gees word die gelowige regverdig gemaak.


Die twee stappe van geloof verander die ou mens wat sondig, in 'n nuwe mens wat nie sondig nie.




**HEILIGMAKING**

Deur die vernuwing van die verstand kom die gees tot geloof in die waarheid.

Sodra die gees die waarheid glo word dit 'n deelgenoot van die goddelike natuur van Christus. Die innerlike mens kan God dan in gees en in waarheid dien.




**EWIGE LEWE**

Weens sonde, het die liggaam van Adam nie ewige lewe nie.

Die wedergebore gelowige wie die Heilige Gees het, het die belofte van ewige lewe.

Die gelowige wat die liggaam van Christus waardig is, beërwe die ewige lewe.

## HOOFSTUK 12

## OORSIGTELIK

### Hoekom sondig wedergebore gelowiges?

Hulle sondig want hulle glo nie wat God sê nie. Skrifte sê herhaaldelik vir gelowiges om op te hou sondig want seuns van God sondig nie. Die bewys van hulle ongeloof is dat hulle nie kan bely: "'n Seun van God sondig nie." Omdat hulle nie met God saamstem nie, kan die Heilige Gees, wat hulle Helper is, hulle nie help nie.

Christene glo en kan baie skrifte kwoteer behalwe die een in 1 Johannes 3:9 wat sê: *"Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore."* As hulle teenoor mekaar sou begin bely "'*n seun van God sondig nie*" sal geloof in hulle gees kom. Sodra die gees van die gelowige tot geloof in die waarheid kom en die waarheid as 'n feit aanvaar, sal hy nie sondig nie.

In die Nuwe Testament vereis God 'n lewe sonder sonde. In die Ou Testament was dit nie moontlik nie want sonde het in die liggaam gewoon, maar in die Nuwe Testament is dit moontlik omdat die Heilige Gees in die liggaam woon. Weens die teenwoordigheid van die Heilige Gees, is die gelowige vry van die sonde. Die gelowige is nie meer onder die wet van sonde nie en het geen rede om aan te hou met die 'werke van die vlees' nie. Vra jouself! Watter 'werke van die vlees' wat jy nog doen kan nie doodgemaak word deur geloof, gebed en smeking nie? Sodra 'n spesifieke sonde vergewe en doodgemaak is deur die Heilige Gees, sal jy rus ervaar van daardie sonde want dit is dood.

Die hedendaagse preke verkondig vergifnis, maar nie verlossing nie. Die resultaat van hierdie prediking is dat gelowiges geloof het vir die vergifnis van sondes maar nie geloof het om op te hou sondig nie. Hulle sien Jesus net as die offer vir hulle sondes en nie as die opgestane Here wat hulle kan lei om 'n sondelose lewe te leef nie.

Verlossing en oorwinning oor sondes is ervarings, nie net teorie nie. Elke skrif is 'n ervaring. Voorbeeld: Kolossense 3:9&10 sê: *"Lieg nie vir mekaar nie, omdat*

**VERWYSINGS EN KOMMENTARE**

2 Kor 4:13 "En omdat ons dieselfde **Gees van die geloof** het—soos geskrywe is: Ek het geglo, daarom het ek gespreek—**glo ons ook, daarom spreek ons ook.**"

Heb 11:6 "En **sonder geloof** is dit **onmoontlik om God te behaag**; want **hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is** en '**n beloner is** van die wat Hom soek."

Rom 10:9-11 "As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; **want met die hart** (die gees) **glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.** Want die Skrif sê: Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie."

Die beginsel wat hier werk is as volg: As jy (die siel) met jou mond bely, "'n Seun van God sondig nie," en dit met jou hart (die gees) glo, sal jy gered word van ieder en elke sonde wat jy nog doen.

1 Joh 5:18 "Ons weet dat **elkeen wat uit God gebore is, nie sondig nie;** maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bose het geen vat op hom nie."
<u>Sondig nie</u>: Joh 5:14; Joh 8:11; 1 Kor 15:34; 2 Kor 7:1; Ef 4:26; Heb 12:14; 1 Joh 2:1; 1 Joh 3:6&9; 2 Joh 1:9-11.

2 Tim 4:18 "En die Here **sal my verlos van elke bose werk** en my red om in sy hemelse koninkryk in te gaan…."
Gal 5:24&25 "Maar **die** (die innerlike mens) **wat aan Christus behoort** (seuns van God), **het die vlees** (sondes) **met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig.** As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel."
**Nota:** Ten einde aan Christus te behoort, moet die innerlike mens, wat in die Gees is, ophou met die sondes wat hy aangeleer het om te doen terwyl hy in 'die vlees' geleef het. Niemand kan beweer dat hy aan Christus behoort voordat hy nie alle sondes wat hy nog doen doodgemaak het nie!

2 Kor 4:2 "**Maar ons het van die heimlike dinge wat skandelik is, afstand gedoen,** en ons wandel nie in listigheid **of vervals die woord van God nie;** maar deur die waarheid aan die lig te bring, beveel ons ons by elke menslike gewete voor God aan."

Matt 17:20 "…Ek sê vir julle, **as julle geloof het** soos 'n mosterdsaad sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! en hy sal weggaan, en **niks sal vir julle onmoontlik wees nie.**"
Heb 11:1 "Die **geloof dan is** 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, '**n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.**"
**Nota:** Hierdie twee skrifte kan maklik verduidelik word in die volgende voorbeeld: "As jy glo, sal jy nie lieg nie. As jy lieg, glo jy nie."

Rom 5:10 "Want **as ons,** terwyl ons nog vyande was, met God **versoen is** deur die dood van sy Seun, veel meer **sal ons deur sy lewe** (Heilige Gees) **gered word** (van sondig) nou dat ons versoen is."

*julle die oue mens met sy werke afgelê het en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper."* Die weer-gebore ervaring het jou uit die ou mens geneem en jou in die nuwe mens geplaas. As jy 'n leuenaar was toe jy 'n ou mens was, moet jy sekerlik ervaar dat jy nie meer lieg nie. As dit nie jou ervaring is nie dan is jy besig, maar nie met God nie.

**Wat is die bewys van vergifnis?**

Gelowiges, in die algemeen, vra God nie om vergifnis vir hulle sondes nie. Diegene wat vergifnis vra vir 'n spesifieke sonde glo dat hulle vergewe is as gevolg van l Johannes 1:9, maar het geen bewys dat vergifnis gegee is nie. Die enigste bewys van vergifnis is wanneer die gelowige ervaar dat hy opgehou het met daardie spesifieke sonde. Die gelowige moet derhalwe nie net vir God vra vir vergifnis nie, maar ook dat hy genees sal word van daardie sonde.

Voorbeeld: 'n Gelowige wat aan padwoede ly vra God om hom te vergewe. Solank die padwoede aanhou is dit die bewys dat hy nie vergewe is nie, want God kan sulke sondige gedrag nie goedkeur nie. God kan die gelowige nie van padwoede vergewe en dan nie verlos nie. Die bewys dat God vergewe het, is wanneer die gelowige ervaar dat hy opgehou het met padwoede.

Solank die gelowige sondig, het Satan 'n reg om hom voor God aan te kla. As die regverdige regter, kan God nie die skuldige verskoon en onskuldig verklaar nie. Die enigste manier om te leef is om nie te sondig nie, want dan kan Satan nie die gelowige aankla nie. Maar as die gelowige tog sondig, het hy 'n Advokaat by die Vader – Jesus die Regverdige.

Die gelowige wat sondig is skuldig soos aangekla maar omdat Jesus – die Regverdige Een – intree as Bemiddelaar, word die oordeel uitgestel. Deur die gees te doop, dring die Heilige Gees die gelowige om berou te kry oor die sondes wat hy pleeg. Die Heilige Gees sal die siel herinner aan sy oortreding totdat goddelike berou in sy gees kom, en wanneer die gees verander, sal die sonde wat hy pleeg stop. Slegs dan kan die Regter die gelowige onskuldig verklaar en dan verval die aanklag.

Die bogenoemde beginsel is deur Johannes die Doper gepreek in Markus 1:4: *"Johannes het gekom en was*

Jak 2:26 "Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die **geloof** (dat jy gered is van sonde) **sonder die werke** (bewyse) **dood**."

Ef 1:7 "In Hom **het ons die verlossing** deur sy bloed, **die vergifnis van die misdade** na die rykdom van sy genade,"
Kol 1:14 "in wie **ons die verlossing het** deur sy bloed, naamlik **die vergifnis van die sondes.**"
**Nota:** Uit die bogenoemde skrifte kom ons tot die gevolgtrekking dat verlossing en vergifnis die twee kante van 'n muntstuk is. Die een kan nie sonder die ander bestaan nie. God kan nie 'n persoon vergewe sonder om hom vry te maak nie, en Hy kan nie 'n persoon vrymaak sonder om hom te vergewe nie.

1 Joh 1:9 "As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig **om ons die sondes te vergewe en ons** van alle ongeregtigheid **te reinig.**"
**Nota:** Hier sien ons weer die twee kante van 'n muntstuk.

1 Joh 5:17 "**Alle ongeregtigheid is sonde**…"

1 Joh 1:6 "**As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie**."

Op 12:10 "…want **die aanklaer van ons broeders** is neergewerp, hy **wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag**."

1 Joh 5:18 "Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie **sondig nie; maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself,** en **die Bose het geen vat op hom nie.**"

1 Joh 2:1 "My kinders, **ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig** het, **ons het 'n Voorspraak** ('n Advokaat) by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige."
**Nota:** Die woord 'as' dui aan dat dit by uitsondering is dat 'n gelowige tog sondig. Omdat sonde nie net sommer vergewe kan word nie, het hy 'n advokaat nodig om hom in die hof te verdedig. Dit is 'n baie ernstige ding as 'n gelowige sondig.

Matt 3:12 "Sy skop is in sy hand, en **Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak** en sy koring in die skuur saambring, maar **die kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand.**"

Matt 12:20 "**'n Geknakte riet sal Hy nie verbreek nie,** en 'n lamppit wat rook, sal Hy nie uitblus nie, **totdat Hy die reg tot oorwinning uitbring.**"

Matt 3:11 "**Ek doop julle wel met water tot bekering;** maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. **Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur.**"

*besig om in die woestyn te doop en die doop van bekering tot vergifnis van sondes te verkondig."* Geen berou, geen vergifnis!

Selfs die Here se nagmaal vermaan die gelowige om homself te ondersoek en te beoordeel, om nie verdoemenis oor homself te eet en drink nie. Die gelowige wat nalaat om te bekeer en te stop met sy sondes, sal deur God geoordeel word.

1 Kor 11:28-32 "Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink. Want **wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself,** terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie. Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap. **Want as ons onsself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie.** Maar as ons geoordeel word, word ons deur die Here getugtig, **sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie.**"

### Die hoë roeping in Christus

God het voor die grondlegging van die wêreld besluit om kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus. Voor Christus kon niemand 'n seun van God word nie. In die Ou Testament kon niemand 'n lid van God se familie word nie, want die Seun van God was nog nie gemanifesteer nie. Sedert Jesus Christus, kan enige persoon 'n lid word van God se familie.

Ef 1:5 "deurdat **Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem** deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil,"

Uit die bogenoemde skrif is dit duidelik dat hulle in die Ou Testament slegs diensknegte van God kon wees. God kon nie enige van hulle aanneem as kinders nie, want die Heilige Gees was nie beskikbaar gestel om in hulle te woon nie.

'n Persoon moet weer gebore word as 'n kind van God om 'n lid van God se familie te wees. Omdat Jesus die eersgebore seun van God sonder sonde is, moet elke kind van God wat die hoop het om 'n seun van God te word, homself reinig soos Hy rein is.

1 Joh 3:3 "En **elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself** soos Hy rein is."

1 Joh 2:28&29 "En nou, my kinders, **bly in Hom,** sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn **en nie beskaamd van Hom weggaan** by sy wederkoms nie. As julle weet dat Hy regverdig is, dan weet julle dat **elkeen wat die geregtigheid doen, uit Hom gebore is.**"

In die Ou Testament was dit onmoontlik om 'n seun van God te word want die Heilige Gees was nog nie beskikbaar gemaak sodat mense weer gebore kon word nie. As diensknegte van God kon hulle nie die hoë standaard bereik wat God vir sy seuns gestel het nie. Slegs met die hulp en werking van die Heilige Gees kan die volmaaktheid wat God van sy seuns verlang, bereik word. Dit is vir hierdie rede dat Jesus in Matteus 5:20 sê: *"Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie."*

1 Joh 3:7&8 "My kinders, laat niemand julle mislei nie: **wie die geregtigheid doen, is regverdig soos Hy regverdig is. Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel**…"
Voorbeeld: Ons weet dat God nie lieg nie. Wanneer die innerlike mens ophou lieg, dan – aangaande die leuen – is hy regverdig, net soos God. Die innerlike mens wat aanhou lieg is bedrieglik, en van die duiwel. Vir hierdie rede moet ieder en elke werk van 'die vlees', wat die ongoddelike natuur van Satan is, doodgemaak word met die hulp van die Heilige Gees.

1 Kor 1:7-9 "…onse Here Jesus Christus, **wat julle ook sal bevestig tot die einde toe, om in die dag van onse Here Jesus Christus onberispelik te wees.** God is getrou, deur wie julle geroep is tot die gemeenskap met sy Seun Jesus Christus, onse Here."

**Onthou:** Die gelowige moet seker maak dat hy onberispelik is voordat hy hierdie wêreld verlaat, want Satan is die aanklaer van die broeders en susters.

In die Ou Testament, het die Letter voorgeskryf wat hulle moet doen, en wat hulle nie moet doen nie, ten einde God te dien. In die Nuwe Testament openbaar die Heilige Gees die goddelike natuur van Christus. Hierdie kennis maak die gelowige bewus van die wil van God en met die hulp van die Heilige Gees word sy gees verander om ook goddelik van natuur te wees. Dit is die goddelike natuur in die Nuwe Testamentiese gelowige se gees, wat veroorsaak dat sy geregtigheid die geregtigheid van die die Ou Testamentiese gelowige oortref. Dit is weens die inwonende Heilige

Matt 5:21&22 "Julle het gehoor **dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie,** maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg. **Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg;** en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur."

Gees dat die standaard van geregtigheid wat God verwag, verhoog het.

Die volgende verse in Matteus 5:27&28 openbaar hoe die geregtigheid van 'n Nuwe Testamentiese gelowige die geregtigheid van 'n Ou Testamentiese gelowige by verre moet oortref: *"Julle het gehoor wat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het."*


Enige gelowige wat sê dat hy Jesus lief het, is verplig om Sy Gebooie te gehoorsaam.

**Die Wet van God versus die Wet van Vryheid**

Die Wet van God is die Wet van die Ou Verbond en die Wet van Vryheid is die wet van die Nuwe Verbond. Die Wet van God bestaan waar sonde teenwoordig is en die Wet van Vryheid bestaan waar die Gees teenwoordig is. As gevolg van die wet van sonde in die liggaam, is die Wet van God gegee om sonde te openbaar aan die innerlike mens. En as gevolg van die wet van die Gees in die liggaam, is die Wet van Vryheid gegee om vryheid van sonde te openbaar aan die innerlike mens.

Die gelowige in die Ou Verbond moes gehoorsaam wees aan die wet van God want hy is deur daardie wet geoordeel. Die gelowige in die Nuwe Verbond, wat van sonde verlos is, moet leef soos een wat geoordeel sal word deur die wet van vryheid.

Kyk & Leer!




Die gelowige is weer gebore en verlos van sonde deur geloof in Jesus. Die gelowige wat die Gees van God

Matt 5:31&32 "Daar is ook gesê: **Elkeen wat van sy vrou skei, moet haar 'n skeibrief gee. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat van sy vrou skei,** behalwe omrede van hoerery, **maak dat sy egbreuk pleeg, en elkeen wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk.**"

Matt 5:33&37 "Verder het julle gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: **Jy mag nie vals sweer nie**, maar jy moet jou ede aan die Here hou. **Maar laat julle woord wees: Ja ja, nee nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose.**"
**Nota:** Sodra 'n gelowige sy woord gegee het, is hy verplig om dit te hou.

Joh 14:15 "**As julle My liefhet, bewaar my gebooie.**"

'n Testament en 'n verbond is die twee kante van 'n muntstuk. Die testament bestaan as gevolg van die dood van Jesus. Die verbond bestaan as gevolg van 'n verhouding tussen die gelowige en die lewende Christus deur die Heilige Gees. As gevolg van die testament, is 'n gelowige vrygemaak van sonde, maar die verbond verwag gehoorsaamheid aan die Een wat hom verlos het van die sonde. Om 'n goeie verhouding te hê, word getrouheid van beide partye vereis.

2 Tim 2:11-13 "Dit is 'n betroubare woord; **want as ons met Hom gesterf het** ('n testament), sal ons ook met Hom lewe. **As ons verdra, sal ons met Hom regeer** ('n verbond). **As ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën.** As ons ontrou is, Hy bly getrou; Hy kan Homself nie verloën nie."

Joh 5:39&40 "**Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het;** en dit is dié wat van My getuig. **En julle wil nie na My kom** ('n verhouding hê) **om die lewe te hê nie.**"
**Nota:** Gelowiges mag dalk baie skrifte ken maar is onbewus van die sondes wat hulle aanhou doen. Dit is so omdat hulle nie 'n verhouding met Hom het nie. As hulle 'n verhouding met Hom gehad het, sou Hy hulle sondes aan hulle geopenbaar het, en hulle gehelp het om op te hou sondig.

Rom 6:15 "Wat dan? **Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet** (van sonde) **is nie maar onder die genade** (vry van sonde)? Nee, stellig nie!"

Jak 1:25 "Maar **hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid** (Nuwe Testament) **en daarby bly, hy sal,** omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, **gelukkig wees in wat hy doen.**"

Jak 2:12 "**Julle moet so spreek en so doen** (lewe) **soos diegene wat deur die wet van vryheid** (van sonde) **geoordeel sal word.**"
**Nota:** Sommige oortredinge van 'n gelowige word hier en nou geoordeel, terwyl ander sondes geoordeel sal word in die hiernamaals. Die gelowige sal tugtiging op 'n daaglikse basis ervaar ten einde hom te korrigeer en hom te red van die toekomstige oordeel.

het, is vry van sonde en derhalwe vry van die wet van God. So 'n gelowige is in 'n verhouding met God deur die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Hy is Emmanuel – God met ons!!!

As die gelowige weer gebore is deur geloof in Jesus en nie deur onderhouding van die wet nie, sal hy sekerlik deur geloof moet leef in 'n verhouding met God, met die hulp van die Heilige Gees.
Nota: God kommunikeer met die siel van die innerlike mens in ooreenstemming met die gekrewe Woord. Onder die wet van sonde moes die innerlike mens die wet van God hou, maar onder die wet van vryheid moet die innerlike mens in 'n goeie verhouding met God leef. Die gelowige wat sondig, gee God die Vader aanstoot, verag die Heilige Gees, en wandel as 'n vyand van Jesus Christus.


**Die leer van Christus**

Die leer van Christus bevat al die waarhede en beginsels wat 'n gelowige lei na volmaaktheid en goddelikheid.

Die drie diagramme hieronder illustreer die leer van Christus en openbaar die waarhede en beginsels wat die gelowige moet glo en gehoorsaam ten einde die innerlike mens te red, om uiteindelik die ewige lewe te beërwe – wat die onsterflike liggaam is.

Diagram 1 illustreer die Evangelie van Christus.
Diagram 2 illustreer die krag van die Evangelie en die effek wat dit het op die een wat in Jesus glo.
Diagram 3 illustreer die patroon van redding wat die gelowige moet volg.

**Diagram 1**




1 Pet 4:17 "Want **die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God.** En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God (die patroon en stappe) ongehoorsaam is?"

2 Kor 3:17 "Die Here is die Gees, en **waar die Gees van die Here is, daar is Vryheid** (van die wet van die sonde en die wet van God)."

1 Joh 1:6&7 "As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie. Maar **as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar** (die gelowige en God)…"

1 Joh 4:17 "Hierin het **die liefde** (tussen die gelowige en God) by ons volmaak geword, **dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag;** want **soos Hy is** (Hy sondig nie)**, is ons ook** (gelowige sondig ook nie) **in hierdie wêreld.**"

**Nota:** Die gelowige kan nie sy vryheid van sonde gebruik om weer te sondig nie.

1 Tim 4:13&16 "Totdat ek kom, **moet jy aanhou** met voorlesing, vermaning en **lering**. **Let op jouself… want deur dit te doen, sal jy jouself red** sowel as die wat jou hoor."

1 Tess 4:7&8 "Want **God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking. Daarom, hy wat dit verwerp, verwerp nie 'n mens nie, maar God** wat ook sy Heilige Gees aan ons gegee het."

2 Joh 1:9&10 "**Elkeen wat 'n oortreder is en nie bly** (gehoorsaam is) **in die leer van Christus nie, hy het God nie.** Wie in die leer van Christus bly, hy het die Vader sowel as die Seun. **As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie.**"

Joh 3:16 "**Want so lief het God die wêreld** (die mensdom) **gehad,** dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat **elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.**"

Joh 1:29 "…Dáár is **die Lam** van God **wat die sonde van die wêreld wegneem!**"

1 Joh 2:2 "En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en **nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.**"


Heb 10:9&10 "het Hy daarna gesê: Kyk, Ek kom om u wil te doen, o God. **Hy neem die eerste** (liggaam van Adam) **weg om die tweede** (liggaam van Christus) **te stel.** Deur hierdie wil is ons geheilig **deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal.**"

Heb 9:28 "so sal **Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem,** vir **die tweede maal sonder sonde verskyn** aan die wat Hom verwag tot saligheid."

Toe Jesus gekruisig is, is die ou mens aan die kruis vernietig, en die nuwe mens, Christus, is uit die dode opgewek. Toe die liggaam van sonde gesterf het, is die sonde veroordeel en mee weggedoen. God het toe 'n nuwe liggaam sonder sonde geskep vir Jesus Christus om in te woon. As die eersgeborene van God se nuwe skepping het Jesus Christus, as gevolg van die nuwe onsterflike liggaam, ewige lewe.

Nadat Jesus opgevaar het na die hemel het God die Heilige Gees beskikbaar gemaak aan die mens. Diagram 2 hieronder illustreer hoe die Evangelie van Christus 'n werklikheid word vir die innerlike mens wat glo en Jesus as Here aanvaar.

**Diagram 2**




Die Heilige Gees is die krag van die Evangelie tot redding vir die innerlike mens wat glo. Die Gees vervang nie net die sonde in die liggaam nie, maar is ook die waarborg van 'n nuwe liggaam. Vryheid van sonde is die nuwe geboorte van die innerlike mens. Die teenwoordigheid van die Gees veroorsaak 'n begeerte in die innerlike mens om God te behaag.

Die gelowige wat weer gebore is, is 'n nuwe mens. Dit is waarom die innerlike mens 'n heilige genoem word. Omdat Jesus Christus die nuwe mens nie sondig nie, moet die innerlike mens verstaan dat 'n heilige nie sondig nie en dat hy nie toegelaat word om enige sonde te doen nie.

Die innerlike mens wat sondig het die heiligmaking nog nie volbring nie. Om die heiligmaking te volbring, moet die siel die leer van goddelikheid aanvaar en die gees moet daaraan onderwerp. Dit sal die Heilige Gees toelaat om hom van die sondes wat hy nog steeds doen, te red.

1 Kor 15:53 "Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en **hierdie sterflike** (liggaam) **moet met onsterflikheid beklee word.**"

Rom 5:21 "sodat, **soos die sonde geheers het in die dood,** so ook die **genade kan heers** deur die geregtigheid **tot die ewige lewe** deur Jesus Christus, onse Here."

Joh 1:12 "Maar **almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag** (die Heilige Gees) **gegee om kinders van God te word**, aan hulle wat in sy Naam glo;"

Rom 6:6 "aangesien ons dit weet dat ons **oue mens** (ou liggaam) saam gekruisig is, **sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.**"

Heb 10:4 "want **die bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die sonde wegneem.**"

1 Kor 6:19 "Of weet julle nie dat **julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle** (liggaam) **is,** wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie?"

Hand 2:38 "…**Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus** tot vergewing van sondes, **en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.**"


Fil 2:13 "**want dit is God** (die Heilige Gees) **wat in julle werk om te <u>wil</u>** (siel) **sowel as om te <u>werk</u>** (gees) na sy welbehae."

Kol 3:9-11 "**Lieg nie vir mekaar nie** (en alle ander sondes), omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het en julle **jul met die nuwe** mens (liggaam) **beklee** het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper, waar daar nie Griek en Jood (geen rassisme), besnedene en onbesnedene, Barbaar, Scith, slaaf, vryman is nie, **maar Christus** (die Heilige Gees) **is alles en in almal.**"

Hand 3:26 "God het, nadat Hy sy Kind Jesus opgewek het, **Hom** (die Heilige Gees) eers **vir julle gestuur om julle te seën deur elkeen van sy booshede te bekeer.**"

2 Tim 4:18 "**En die Here sal my** (die innerlike mens) **verlos van elke bose werk** en my red om in sy hemelse koninkryk in te gaan…"
**Nota:** Die liggaam is alreeds verlos van sonde en sal in 'n onsterflike liggaam verander word wanneer Jesus Christus vir die tweede keer verskyn.

**Diagram 3**




Die leer van Christus bevat al die waarhede wat geglo moet word – al die skrifte wat gehoorsaam moet word en die patroon wat gevolg moet word, as die gelowige die heiligmaking wil volbring. Daar is geen kortpad nie, want die Heilige Gees kan nie afwyk van die patroon wat vasgelê is in die Evangelie van God soos gesien in die verlossing van Israel uit Egipte, deur die Wildernis van Sin, en hul ingang in Kanaän.

Die innerlike mens wat sondig, moet die waarheid glo wat hy in die Bybel lees en ophou met sy oortredings. Soos hy begin om die waarheid te gehoorsaam en 'n spesifieke sonde te weerstaan, sal hy lyding ervaar, soortgelyk aan kruisiging, totdat daardie sonde uitgeroei is. Sodra hy dood is vir daardie sonde, word hy lewend gemaak teenoor Christus deur die Heilige Gees, want niemand kan lewend gemaak word tensy sonde dood is nie. Die 'kruisiging van die innerlike mens' is 'n doop van die gees: Die innerlike mens wat doodgegaan het teenoor sonde, sondig nie meer nie.

As gevolg van valse leerstellinge is daar baie denominasies, maar God het net een Kerk, en derhalwe kan net een leerstelling waar wees. Die diagramme hierbo korrespondeer met die heilsame woorde van ons Here Jesus Christus en die leerstelling wat in oorstemming met goddelikheid is.

Die gelowige wat weer gebore is, het nodig om die skrif vir homself te interpreteer en om te verstaan in watter diagram (1, 2 of 3) daardie spesifieke skrif pas. Deur dit te doen, word alle onsekerheid verwyder. Voorbeeld: 'n Persoon glo dat hy gered is uit genade deur geloof, en nie deur werke nie. Dit is waar as gevolg van die inwonende Heilige Gees, soos in

Joh 3:36 "Hy wat **<u>IN</u> die Seun <u>GLO</u>,** het die ewige lewe; maar hy wat **die Seun <u>ONGEHOORSAAM IS</u>**, sal <u>die lewe nie sien nie</u>, maar die toorn van God bly op hom."

Heb 4:1-3 "Laat ons dan **vrees dat,** terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat **iemand van julle** (heiliges) **agtergebly het** nie. Want **aan ons** (Christene) **is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle** (die Jode); maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie. Want **ons** (heiliges) **wat geglo het, gaan die rus** (om nie te sondig) **in**…"

1 Pet 2:21&22 "Want hiertoe is julle geroep, omdat **Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg;** Hy wat geen sonde gedoen het nie, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie;"

1 Kor 10:1-6 "Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en **almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see,** en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus. **Maar God het in die meeste van hulle geen welgevalle gehad nie,** want hulle is neergeslaan in die woestyn. En **hierdie dinge was voorbeelde vir ons,** dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie."

Rom 6:17 "Maar ons dank God dat **julle wel diensknegte van die sonde was, maar van harte gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer** (die patroon) **wat aan julle oorgelewer is,**"

Gal 5:17&24 "want **die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees;** en hulle staan teenoor mekaar, **sodat julle** (die innerlike mens) **nie kan doen wat julle wil nie.** Maar **die wat aan Christus behoort, het die vlees** met sy hartstogte en begeerlikhede **gekruisig.**"

**Nota:** Dit is die sondige natuur van die innerlike mens wat gekruisig moet word, omdat hy nie meer in 'die vlees' is nie, maar in die Gees.

Ef 4:13&14 "**totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God,** tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus; **sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense**…"

Rom 16:17 "…**hou hulle in die oog wat** tweedrag en **aanstoot veroorsaak teen die leer** wat julle geleer het, **en vermy hulle.**"

2 Tim 4:3&4 "want **daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie,** maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, **vir hulle 'n menigte leraars sal versamel** volgens hulle eie begeerlikhede, **en** (die leraars sal) **die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels.**"

2 Tim 2:15 "**Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel** as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, **wat die woord van die waarheid reg sny.**"

Diagram 2 geïllustreer. Maar die skrifte sê ook: Werk jou eie heil (redding) uit met vrees en bewing. Dit is ook waar en is toepaslik op die innerlike mens soos in Diagram 3 geïllustreer. Omdat albei skrifte waar is, moet die innerlike mens hom verbind tot geloof – deur die heiligmaking te volbring – soos in Diagram 3 getoon. Jy kan nie een skrif glo, maar die ander skrifte nalaat nie.

Let wel:
Diagram 3 is 'n uitbreiding van Diagram 2. Dit toon die heiligmaking proses van die innerlike mens, wat gedoen moet word deur gelowiges met behulp van die Heilige Gees; want sonder heiligmaking sal niemand die Here sien nie. (Heb 12:14)

*1 Timoteus 6:3&4: "As iemand iets anders leer en nie instem met die gesonde woorde van onse Here Jesus Christus en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie, dié is verwaand en verstaan niks nie…"*

### 'n Ander wet

In die Nuwe Testament lees ons van die volgende wette: Die wet van sonde (die natuur van sonde); die wet van God (die letter van die Wet), die wet van die Gees (die natuur van die Gees); die wet van vryheid (die nuwe liggaam sonder sonde). Al hierdie wette bestaan slegs in die uiterlike mens. Maar in Romeine 7:23 lees ons: *"maar ek sien 'n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is."* Hierdie 'ander wet' is eintlik die goddelose natuur van die gees wat die logika van die siel oorheers.

In hierdie lering gaan ons fokus op die 'ander wet' en hoe dit die siel affekteer.

Kyk & Leer!

Die **gees domineer** die **siel**



Die ongoddelike **natuur** is sterker as **kennis** van skrifte

**"ANDER WET"**
(Verhoed die siel om God te gehoorsaam)
**(Dit is kontra God se geskape orde)**

**Nota:** Ten einde die Woord van God reg te sny, moet 'n gelowige verstaan na watter fase van die leer (diagram 1, 2 of 3) die spesifieke skrif verwys.

Voorbeeld van hoe om die skrifte korrek te sny en te lees:

1 Joh 3:1 "**Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het…**" verwys na die Seun van God wie Hy gegee het om die mens van sonde te verlos. Dit word geïllustreer in **diagram 1 op bladsy 97.**

1 Joh 3:2 "**…nou is ons kinders van God…**" Die Heilige Gees in die mens maak nou 'n gelowige 'n kind van God en wanneer Jesus verskyn sal die sterflike liggaam verander word in 'n nuwe liggaam. Dit word geïllustreer in **diagram 2 op bladsy 98.**

1 Joh 3:3 "**En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is.**" Hierdie skrif verwys na die heiligmaking van die innerlike mens wat volbring moet word, en word geïllustreer in **diagram 3 op bladsy 99.**

**Belangrik om op te let:** Rom 7:22&23 verwys na 'n Jood wat onder die wet van God is. Dit beteken die persoon is nie weer gebore nie want in verse 24&25 sê dit dat hy verlos moet word van die liggaam van sonde. In Rom 8:2 verwys dit na 'n persoon wat weer gebore is want hy is nie meer onder die wet van sonde nie, maar onder die wet van die Gees.

Rom 7:22&23 "Want ek verlustig my in **die wet van God** (Letter van die Wet) na die innerlike mens; maar ek sien **'n ander wet** (?) in my lede **wat stryd voer** teen **die wet van my gemoed** (kennis van die woord) en my (die siel) gevange neem onder **die wet van die sonde** (in my liggaam) wat in my lede is."

**Nota:** As die liggaam van sonde 'n natuur/wet het en die siel het kennis, dan moet 'n 'ander wet' verwys na die natuur/wet van die gees. Wat die skrif eintlik openbaar is dat die boosaardige gees die siel gevange sal neem om sonde in die liggaam te dien.

Jak 1:13&14 "Laat niemand (die gelowige), as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie. Maar **elkeen** (die gelowige) **word versoek as hy** (die siel) **deur sy eie begeerlikheid** (sy gees) **weggesleep en verlok word** (en sondig)."

Alhoewel die gelowige skrifte ken en daarmee saamstem, veg die vleeslikheid van sy gees teen sy kennis en weerhou die siel om die skrifte te gehoorsaam. Gehoorsaamheid aan God kan alleenlik bereik word wanneer die natuur van die gees verander en goddelik word. Die gees is dan onderdanig aan die siel, wat die hoof is.

Rom 3:12 "Hulle het **almal afgewyk,** saam het hulle ontaard. **Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie.**"

Ons weet reeds uit vorige hoofstukke dat natuur sterker is as kennis.  In die Ou Testament het God gevind dat die mens Hom nie kon gehoorsaam nie, want die natuur van sonde is sterker as kennis van die Wet.  Dit is weens die bose natuur van sonde in die liggaam dat die gees van die mens ook boosaardig geword het; en omdat natuur sterker is as kennis, oorheers die goddelose begeertes van die gees die kennis van die siel.  Die oorheersing van die siel deur die sondige gees is wat Romeine 7:23 'n 'ander wet' noem.

Die innerlike mens wat in die Gees is, onder die natuur van die Heilige Gees, vind dat die vleeslike begeertes van sy eie gees nog steeds sy siel oorheers.  Alhoewel sy siel hom verbly in die kennis van die skrifte, maak die goddelose natuur van sy gees dat die heilige soos 'n sondaar leef.  Hierdie onheilige toestand van die innerlike mens sal alleenlik verander deur die heiligmaking van sy gees.

Omdat die goddelose gees die goddelike natuur van die Heilige Gees teenstaan, kan die siel nie sy eie wil, of die wil van God, uitvoer nie.  Die gees oorheers die siel en neem 'hom' gevange om 'haar' begeertes te gehoorsaam, net soos Eva vir Adam gevange geneem het om haar wense te gehoorsaam.  Adam was ongehoorsaam aan God, want Eva het hom dit maak doen.  Die siel wat deur die gees oorheers word is onder 'n 'ander wet' (die wet van die vrou) en vind dit moeilik om God se Woord te gehoorsaam.  Die siel kan nie gehoorsaam wees aan God nie want die goed wat 'hy' wil doen, doen hy nie, en die kwaad wat 'hy' nie wil doen nie, dié doen 'hy', want 'haar' natuur moet tevrede gestel word.

Die orde wat God vir die mens geskep het, is dat die siel oor die gees moet heers.  Om die siel van die dominerende gees te red, moet die natuur van die goddelose gees eers verander en goddelik word voordat die gees die siel sal toelaat om die hoof te wees.  So 'n innerlike mens is volmaak want elke lid, beide die siel en die gees, is herstel tot sy geskape orde.

Die siel, as hoof van die innerlike mens, is verantwoordelik vir die redding van die innerlike mens.  Op dieselfde manier is die man, as hoof van sy vrou, verantwoordelik om die huwelik te red.

<u>Voorbeelde van die bestaan van 'n ‘ander wet' in die Ou Testament:</u>
• Eva oorheers Adam;
• Sarai oorheers Abram om 'n kind by Hagar te hê;
• Lot se vrou is ongehoorsaam aan hom en kyk terug;
• God verbied die Jode om dogters van Kanaän vir hulself as vrouens te neem want hulle sal hul seuns verlei om afgode te dien;
• Simson word deur Delila verlei;
• Isébel, die vrou, beplan om Nabot se wingerd vir haar man Agab te verkry;
• Elia vrees Isébel en vlug;
• Job se vrou sê vir hom om God te vloek.
• Herodes se vrou, Heródias, is die rede waarom Johannes die Doper onthoof is.

<u>In die Nuwe Testament word die 'ander wet' nie toegelaat nie.</u>
Ef 5:22&23  “**Vroue** (gees), **wees aan julle eie mans** (siel) **onderdanig, soos aan die Here.**  Want **die man** (siel) **is die hoof** van **die vrou** (gees), soos Christus ook Hoof is van die gemeente (sy bruid); en Hy is die Verlosser van die liggaam.”

Alhoewel mans hoofsaaklik siel is en vrouens hoofsaaklik gees is, het die innerlike mens van elkeen van hulle 'n siel en 'n gees.  Beide mans en vrouens ervaar dat hulle onder die ‘ander wet' is – wat maar net die vleeslike natuur van die gees is – wat stryd voer met die wil van hul siel en dit domineer.  Gevolglik het beide die man en die vrou in die huwelik dieselfde uitdaging, naamlik, om beheer te kry oor sy of haar eie gees.  Die siel wat beheer het oor sy gees het selfbeheersing, wat 'n vrug van die Gees is.

Die siel en die gees van die innerlike mens staan in dieselfde verhouding teenoor mekaar as die man en vrou in die huwelik.  Sodra die man sowel as sy vrou verlos is van die 'ander wet' in hulle innerlike mens, is die huwelik gered.  Daar kan nooit vrede in die huwelik wees, tensy daar met vleeslikheid van die gees in beide die man EN die vrou afgereken word nie.

Jak 4:17  “**Wie dan weet** (die siel) **om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom** (die siel) **is dit sonde.**”

Rom 12:2  “En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar **word verander** (in gees) **deur die vernuwing van julle gemoed** (siel), **sodat julle kan beproef** wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.”

Kyk & Leer!




**GOD SE GESKAPE ORDE**
**(Die siel is die hoof van sy gees)**
(Die gees ondersteun die siel)


Dit is belangrik om te verstaan dat kennis die wet van die verstand is. Die siel kan nie enige besluite neem sonder kennis nie. Die siel sal derhalwe sy gees opdrag gee volgens sy kennis van die waarheid en as sy gees goddelik is, sal hy toegee aan die wil van die siel. Slegs dan kan die gelowige gehoorsaam wees aan God. Die siel rus wanneer sy gees die waarheid glo en daaraan onderwerp.

Dit moet onthou word dat Adam eerste geskep is, en daarna het God Eva geskep as 'n hulp wat by hom pas. Derhalwe moet die gees die siel ondersteun en nie oorheers nie.

Die vraag kan gevra word: “Hoe verwyder jy die 'ander wet' om in die rus van God te kom?”

Die diagram wat volg illustreer die proses waarin die siel gered word van die goddeloosheid van sy dominerende gees deur heiligmaking.

Kyk & Leer!




Dit is eers wanneer die gelowige verlos is van die wet van sonde en onder die wet van die Gees kom, dat die siel ontdek dat daar 'n 'ander wet' is wat hom druk om te sondig. Hierdie 'ander wet' bevat die hartstogte en

2 Tim 3:5&7 “**mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag** (die Heilige Gees) **daarvan verloën** het. Keer jou ook van hierdie mense (gelowiges) af, wat **altyd leer en nooit tot die kennis van die waarheid kan kom nie.**”

Die waarheid is: 'n Seun van God sondig nie. Al die Christelike boeke, kommentare, Bybel studies en preke leer dat gelowiges nie moet sondig nie. Hoekom dan, hou wedergebore gelowiges aan om te sondig?

Die rede dat hulle sondig is dit: Alhoewel hulle kennis van skrifte het, ken en glo hulle nie die waarheid nie. Enige persoon wat die waarheid teenstaan, weerstaan die Heilige Gees en sonder die hulp van die Heilige Gees kan hy nie ophou sondig nie.

2 Kor 4:3&5 “Maar **as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan,** naamlik die ongelowiges **in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het**, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie.”

VOOR 'n sondaar weer gebore is, is die waarheid bedek want sy verstand is verblind deur Satan en die natuur van sonde in sy liggaam. Nadat hy weer gebore is, is die waarheid nog steeds verborge want sy verstand word verblind deur die vleeslike natuur van sy gees, wat die 'ander wet' is. Dit is hoekom Paulus bid in Ef 1:18 **“verligte oë van julle verstand, sodat julle kan weet wat die hoop van sy roeping en… die heerlikheid van sy erfdeel onder die heiliges is;”**

Die gelowige wie se verstand vernuwe is, is in staat om sy eie redding uit te werk deur die heiligmaking van sy vleeslike en ongelowige gees.

Fil 2:12 “…**werk julle eie heil uit** (hou op sondig) **met vrees en bewing;**”

Omdat die siel wat die waarheid ken gewillig is om te gehoorsaam, ontdek hy dat sy gees onwillig is om aan die waarheid te onderwerp. Dit veroorsaak wrywing in die innerlike mens. Dit is hoekom Paulus bid in Ef 3:16&17 “…**om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens, sodat Christus** (Sy goddelike natuur) **deur die geloof in julle harte kan woon**…”

Wanneer 'n siel die Vader vra om gered te word van die vleeslikheid van sy dominerende gees, help die Heilige Gees dat geloof in die gees kom. Die gees word dan goddelik en onderwerp aan die waarheid.

1 Pet 1:9 “en **die einddoel van julle geloof, die saligheid van julle siele** (van jou dominerende gees), **verkry.**”

**Nota:** Die siel is nie gered terwyl hy onder die 'ander wet' is nie. Aan die ander kant, is die siel wat nie oorheers word deur die gees nie, in vryheid en in rus. Die gelowige is gered wanneer die Heilige Gees in die liggaam woon; die siel die waarheid ken en die gees die waarheid glo.

begeertes van die vleeslik-geaarde gees, wat veroorsaak dat hy aanhou met die 'werke van die vlees'. Dieselfde het met die Jode gebeur wat uit Egipte verlos is. Alhoewel hulle onder die wet van God was, het die mans geweier om Kanaän in te gaan as gevolg van hulle vrouens en kinders. Christene verkies om God ongehoorsaam te wees ten einde die begeertes van hulle ongelowige gees en hulle vrees vir die dood, te bevredig.

Alhoewel die nuutgebore gelowige bely dat hy in Jesus glo, hou hy aan om te sondig want sy gees is vleeslik-geaard en in ongeloof. Solank die gees nie die waarheid glo nie, sal hy nie aan die skrifte onderwerp nie. Die feit van die saak is dat alhoewel die siel bewus is van die waarheid, sal die ongelowige gees hom weerhou om gehoorsaam te wees. Die wil om te doen wat reg is mag teenwoordig wees, maar om te doen wat reg is ontbreek. Hierdie onheilige toestand van die gees sal aanhou totdat hy die waarheid glo en 'n deelgenoot word van die goddelike natuur van die Heilige Gees.

Dit is algemene kennis dat om die liggaam van onfiksheid na fiksheid te verander, baie oefening en lyding vereis. Netso, indien die ongoddelik-geaarde gees goddelik moet word, sal lyding ervaar word soos die gees vanaf ongeloof na geloof in die waarheid beweeg.

Wanneer die siel kennis van die waarheid ontvang – tot besinning kom en van denke verander – sal die Heilige Gees, wat die Helper is, die gees help om die waarheid te glo en te gehoorsaam. Tussen die verandering van denke en die verandering van hart (die gees) lê daar baie lyding. As die siel nie verslap in sy gedagtes nie, sal lyding in sy gees voortduur totdat die natuur van die gees verander. Die oomblik wanneer die gees goddelik van natuur word en onderwerp aan die siel, is die innerlike mens heilig. Wanneer die siel die waarheid ken en die gees die waarheid glo, het die innerlike mens goddelik geword en ervaar hy vryheid, vrede en vreugde in die Heilige Gees.

### Die wet van die gemoed

Die kennis wat in die verstand is, is die wet van daardie siel. Die siel wie se gemoed in die kennis van die waarheid is, is in geregtigheid en die siel wie se

**Let wel:** Die val van die mens (sondeval) het begin met die gees (Eva), toe die siel (Adam) en toe die liggaam (toe sonde ingekom het). Die herstel van die mens vind plaas in die omgekeerde orde: Eers die liggaam (die Heilige Gees kom in); dan die siel (vernuwe tot die waarheid) en dan die gees (glo).

Jak 1:14&15 "Maar **elkeen** (die wedergebore gelowige) **word versoek as hy** (die siel) **deur sy eie begeerlikheid** (gees) **weggesleep** (gevang geneem) **en verlok word**. Daarna, **as die begeerlikheid** (die gees) **ontvang het, baar dit** (die gees) **sonde**…"

**Nota:** Die skrif verklaar die werking van die 'ander wet' duidelik.

<u>Die volgende drie skrifte illustreer</u> hoe Sarai Abram oorheers het om 'n kind by die slavin te hê, maar toe sy God uiteindelik glo, het sy aan Abram onderwerp, en hom heer genoem.

Gen 16:1&2 "Maar Sarai, die vrou van Abram, het vir hom geen kinders gebaar nie; en sy het 'n Egiptiese slavin gehad met die naam van Hagar. En **Sarai het vir Abram gesê:** Jy weet, die HERE het my nie toegelaat om moeder te word nie. **Gaan tog in by my slavin;** miskien sal ek uit haar gebou word. **En Abram het na Sarai geluister.**"

Heb 11:11 "**Deur die geloof het Sara self ook krag ontvang om bevrug te word;** en toe sy oor die leeftyd was, het sy gebaar, **omdat sy Hom getrou geag het wat dit beloof het**."

1 Pet 3:5&6 "Want so het vroeër ook **die heilige vroue wat op God gehoop het,** hulleself versier, en hulle **was aan hul eie mans onderdanig, soos Sara gehoorsaam was aan Abraham en hom heer genoem het;** wie se kinders julle geword het as julle goed doen en geen enkele verskrikking vrees nie."

Rom 14:17&18 "Want **die koninkryk van God is** nie spys en drank nie, maar **geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees.** Want **hy wat Christus hierin dien, is aan God welgevallig** en by die mense geag."

Heb 10:38&39 "Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehae in hom nie. **Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoud van die lewe.**"


Adam en Eva het kennis van die waarheid by God gekry maar toe hulle na Satan luister, het hulle kennis van 'goed & kwaad' ontvang. Die kennis van 'goed & kwaad' het die wet van die verstand geword, en die gees van die mens het boosaardig geword.

gemoed in die kennis van 'goed & kwaad' is, is in ongeregtigheid.

Die siel van die gelowige wie se verstand kennis van die waarheid het, is enkel-gedagtig want die waarheid verander nie. Die enkel-gedagtigheid van die siel veroorsaak dat die gees die waarheid glo.
Nota: Die gelowiges wat eensgesind is, stem saam want hulle ken die waarheid.

Die siel van die gelowige wie se gemoed in die kennis van 'goed & kwaad' is, is dubbel-gedagtig en derhalwe veroordelend. Die dubbel-gedagtigheid van die siel veroorsaak dat hy oordeel volgens wat hy dink goed is en wat hy dink kwaad is, want hy ken nie die waarheid nie.'
Nota: Diegene wat dubbel-gedagtig is stem nie met mekaar saam nie, want hulle kan nie besluit wat goed is en wat kwaad is nie.

Kyk & Leer!




Dit is belangrik dat 'n gelowige leer om te onderskei wat goed is en wat kwaad is. Goed is van God en kwaad is van die duiwel. God openbaar waarheid, die duiwel openbaar 'goed & kwaad'. Die gelowige wie se verstand vernuwe is tot die waarheid, het 'n goeie verstand soos God. Die gelowige wie se verstand nog in kennis van 'goed & kwaad' is, het 'n bose verstand soos die duiwel.

Die toestand van die gelowige se gemoed bepaal die toestand van sy gees. As waarheid die wet van die verstand is, dan sal sy gees wat die waarheid glo,

1 Kor 1:10 "…om almal eenstemmig te wees, en dat daar geen skeuringe onder julle moet wees nie, maar **dat julle verenig moet wees in dieselfde gesindheid en in dieselfde mening.**"

Jak 3:17&18 "Maar **die wysheid van bo is ten eerste rein,** dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, **onpartydig en ongeveins.** En **die vrug van die geregtigheid word gesaai in vrede vir die wat vrede maak.**"

Jak 3:14-16 "Maar as julle bittere afguns en selfsug in julle hart het, moenie roem en **lieg teen die waarheid nie.** Dít is nie **die wysheid** wat van bo kom nie, maar **is aards, natuurlik, duiwels;** want waar afguns en selfsug is, **daar is wanorde en allerhande gemene dade.**"

Matt 5:37 "Maar **laat julle woord wees: Ja ja, nee nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose.**"

Heb 5:12-14 "Want hoewel julle **vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat 'n mens julle die eerste beginsels van die woorde van God moet leer,** en julle het weer behoefte aan melk en nie aan vaste spys nie. Want elkeen wat melk gebruik, **is onervare in die woord van geregtigheid,** omdat hy 'n kind is. Maar vaste spys is vir volwassenes, vir **die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om GOED VAN KWAAD te ONDERSKEI.**"

Rom 8:6&7 "Want **wat die vlees bedink, is die dood**, maar **wat die Gees bedink, is lewe** en vrede, omdat **wat die vlees bedink, vyandskap teen God is;** want **dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie**, want dit kan ook nie."

1 Pet 2:11 "…om julle te onthou van **vleeslike begeertes** (die natuur van die gees) wat stryd voer teen die siel (die kennis);"

Rom 1:18 "Want **die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid** (van gees) **en ongeregtigheid** van die mense (die siel) **wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk,**"

**Nota:** Selfs sondaars weet dat die mens nie moet lieg, steel, oneerlik wees of hoereer nie. Is dit werklik nodig dat die Bybel Christene moet vertel om nie dieselfde te doen nie? Ja, want as gelowiges aanhou om na 'die vlees' te leef sal hulle die ewige lewe verbeur.

1 Kor 3:1-3 "En ek, **broeders, kon met julle nie spreek soos met geestelike mense nie, maar soos met vleeslike,** soos met klein kinders in Christus. Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste spys nie, want julle was nog nie daartoe in staat nie, en julle is nou nog nie daartoe in staat nie, **omdat julle nog vleeslik is; want aangesien daar onder julle jaloersheid en twis en tweedrag is, is julle nie vleeslik nie en wandel julle nie na die mens** (soos die sondaars) **nie?**"

Meeste gelowiges is nie bewus dat hulle steeds vleeslik is en nog nie geestelik nie. Terwyl hulle ander oordeel, laat hulle na om hulself te beoordeel want hulle is skuldig aan dieselfde oortredings.

doen wat reg is. So 'n gelowige praat en doen altyd die waarheid. Maar, as kennis van 'goed & kwaad' nog steeds die wet van sy gemoed is, dan sal sy gees wat 'goed & kwaad' glo, beide goed en kwaad doen. So 'n gelowige is skynheilig want hy kan beide goed asook kwaad praat en doen.
Voorbeeld: Hy praat goed van een en kwaad van ander.

Die waarheid wat in skrifte vervat is mag reeds bekend wees aan die vleeslik-gesinde gelowige, maar omdat hy steeds dink in terme van 'goed & kwaad', kan sy vleeslike gees nie onderwerp aan die waarheid nie. Die enigste manier wat 'n gelowige geestelik-gesind kan word, is om die waarheid te oordink en te stop met sy denke van 'goed & kwaad'. Dink nie goed of kwaad van 'n persoon nie, of enige situasie, of enige iets wat jy hoor nie. Dink 'niks daarvan nie', behalwe dit wat waar, eerlik en regverdig is en verwerp elke gedagte van 'goed & kwaad' wat teenstrydig is met die Woord van God. Deur dit te doen sal die siel, wat die deurwagter is, sy gees beskerm om nie met die 'werke van die vlees' te reageer nie. Hierdie oefening mag tyd en konstante toepassing vereis, maar die gelowige wat nugter en ywerig is en daarin volhard, sal ervaar dat sy gees stil word en onderwerp aan die waarheid.

Gedagtes mag opkom in die verstand van 'n gelowige:

<u>Van sy eie gees</u>
Die natuur van die gelowige se gees is oor baie jare gevorm onder die wet van sonde wat die kennis van 'goed & kwaad' is. Die boosheid van sy gees veroorsaak dat beide goeie en bose gedagtes opkom in sy siel. As die siel nie die gedagtes kan onderskei en beheer nie, sal die gees wat sterker is op die gedagtes reageer sonder die siel se toestemming.

<u>Van die bose geeste in die lug</u>
Hierdie gedagtes word in die siel van die gelowige gestort in die vorm van prente en voorstelle. Die gelowige met 'n onvernude verstand is maklik vatbaar vir die voorstelle van die bose gees. As die siel nie hierdie gedagtes kan beheer nie sal sy gees beweeg word om te sondig.

<u>Van die Woord van God</u>
Hierdie gedagtes vernuwe 'n gelowige se verstand om kennis van die waarheid te hê. Kennis van die waarheid, soos geopenbaar deur die Heilige Gees, beweeg die gees tot regverdigheid, vrede en blydskap.

Ps 50:16&17 "Maar **aan die goddelose** (vleeslike gelowige) **sê God: Wat vertel jy nog my insettinge** en neem jy my verbond **in jou mond— terwyl jy die tug haat en my woorde agter jou werp?"**
Luk 6:46 "En **wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?"**

Solank 'n gelowige se gedagtes nie op die waarheid gebaseer is nie, maar tussen goed en kwaad wissel, bly sy gees goddeloos.
Voorbeeld: 'n Vleeslik-gesinde gelowige sal eerlik (goed) wees sowel as oneerlik (kwaad). Hy kan homself nie vertrou nie, en hy kan ook nie vertrou word nie.

**Nota:** Om goed sowel as boos te wees is onaanvaarbaar vir God.
Op 3:15&16 "**Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie.** Was jy tog maar koud ('n sondaar) of warm (geestelik)! Maar nou, **omdat jy lou** (vleeslik) **is** en nie koud ('n sondaar) of warm (geestelik) nie, **sal Ek jou uit my mond spuug**."

Spr 4:20-23 "My seun, luister na wat ek sê, **neig jou oor tot my woorde, laat hulle nie wyk uit jou oë** (jou siel) nie, **bewaar hulle binne-in jou hart** (gees). Want hulle is die lewe vir die wat hulle vind, en 'n genesing vir hulle hele liggaam. (Siel) **Bewaak jou hart** (gees) **meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe.**"

Spr 16:32 "**Die lankmoedige is beter as 'n held; en hy** (die siel) **wat sy gees beheers, as een wat 'n stad inneem.**"

Mark 7:21-23 "**Want van binne, uit die hart** (gees) **van die mense, kom die slegte gedagtes,** egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid. **Al hierdie booshede kom van binne uit** (die gees) **en maak die mens onrein.**"

1 Pet 5:8&9 "**Wees nugter en waaksaam,** want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle **teëstaan** (neem elke gedagte gevange), **standvastig in die geloof** (onderwerp dit aan die waarheid), omdat julle weet dat dieselfde lyding opgelê word aan julle broederskap wat in die wêreld is."
2 Tim 2:25&26 "Hy moet **die weerspanniges in sagmoedigheid teregwys,** of God hulle nie miskien bekering sal gee **tot die kennis van die waarheid nie, en hulle weer nugter kan word, vry van die strik van die duiwel,** nadat hulle deur hom gevang was om sy wil te doen."
Jak 1:26 "As iemand (siel) **onder julle meen dat hy godsdienstig is en sy tong nie in toom hou nie, maar sy hart** (sy gees) **mislei, die godsdiens van hierdie man is tevergeefs.**"
Voorbeeld: Die Woord van God leer ons dat gelowiges nie moet sondig nie, maar hulle sê, "Dit is onmoontlik om nie te sondig nie." So 'n siel bedrieg sy eie gees om die leuen te glo. Omdat die siel nie met God saamstem nie, het die Woord van God geen reddende uitwerking op sy gees nie. (Mark 7:13)

### Geloof in die Woord van God

Baie gelowiges wat Jesus as hulle Here aangeneem het, is verlos van sonde toe hulle die Heilige Gees ontvang het. Weens die inwonende Heilige Gees het hulle liggame die koninkryk van God geword en die innerlike mense wat in sonde was, is nou in die Gees. Maar na 'n tyd (3 tot 4 jaar), vind ons dat die meeste innerlike mense nog steeds babas in Christus is wat sondig, alhoewel hulle volwasse kon word om die seuns van God te wees wie nie sondig nie.
(Lees die gelykenis van die Onvrugbare Vyeboom in Lukas 13:6-9.)

Geloof is van die gees (van die hart) en nie van die verstand nie. Om verstandelik met die skrifte saam te stem is nie geloof nie. Jesus het in Matthéüs 12:34&35 gesê: *"…Want uit die oorvloed van die hart praat die mond. Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn…"*

Kyk & Leer!




In die koninkryk van God moet die baba in Christus deur geloof in die Woord van God lewe. Dit is heeltemal moontlik met die hulp van die Heilige Gees. Alhoewel die baba in Christus baie skrifte ken, het hy nie die geloof om te gehoorsaam nie, en kan sy tong ook nie beheer nie.

Voorbeeld: Die skrifte sê vir hom om nie te lieg nie, maar hy hou aan om te lieg. Die rede dat hy lieg is omdat hy God nie genoeg vertrou om sy vertroue in dit wat God sê te sit nie. Die baba in Christus mag dalk skrifte kwoteer en ander leer, maar hyself betwyfel nog

Rom 8:1&2 "Daar is dan nou **geen veroordeling vir die** wat in Christus Jesus is nie, vir die **wat nie na die vlees wandel nie,** maar na die Gees. Want die wet van **die Gees** van die lewe in Christus Jesus **het my vrygemaak van** die wet van **die sonde** en die dood."

'n Baba in Christus

1 Kor 3:1-3 "En ek, **broeders, kon met julle nie spreek soos met geestelike mense nie, maar soos met vleeslike, soos met klein kinders in Christus.** Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste spys nie, want julle was nog nie daartoe in staat nie, en julle is nou nog nie daartoe in staat nie, **omdat julle nog vleeslik is; want aangesien daar onder julle jaloersheid en twis en tweedrag is, is julle nie vleeslik nie en wandel julle nie na die mens** (soos die sondaars) **nie?"**
1 Tim 3:6 "Hy moet **nie 'n nuweling** ('n baba) wees nie, **sodat hy nie verwaand word en in dieselfde oordeel as die duiwel val nie.**"
Ps 119:113 "**Twyfelaars** (dubbel-gedagtiges) **haat ek,** maar u wet het ek lief."

'n Baba in Christus moet verander en 'n seun van God word

Rom 12:2 "En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar **word verander** (in gees) **deur die vernuwing van julle gemoed** (siel), **sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.**"
Heb 11:6 "En **sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag**; want hy wat tot God gaan, moet **glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.**"
Heb 12:14 "**Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie**;"
Heb 3:19 "En ons sien dat **hulle deur ongeloof** (twyfel) **nie kon ingaan** (in Sy rus) nie."

'n Seun van God

Rom 14:17 "Want **die koninkryk van God is** nie spys en drank (materiële dinge) nie, maar **geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees.**"
1 Joh 2:5 "Maar **elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom** (Christus) **is.**"
1 Joh 3:7 "My kinders, **laat niemand julle mislei nie: WIE DIE GEREGTIGHEID DOEN** (nie sondig), **is regverdig soos Hy regverdig is."**
Ef 4:13 "**totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof** en van die kennis van die Seun van God, tot **'n volwasse man,** tot die mate van die volle grootte van Christus;"

Die liggaam van Christus

Ef 1:13&14 "…in wie julle, **nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte, wat die onderpand** (waarborg) **is van ons erfdeel** (die nuwe liggaam) **om sy eiendom** (die ou liggaam) **te verlos** tot lof van sy heerlikheid."
1 Pet 1:4&5 "sodat ons **'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons** wat in die krag van God bewaar word **deur die geloof** tot die saligheid wat gereed is **om geopenbaar te word in die laaste tyd.**"
1 Kor 15:34 "**Wees nugter op die regte manier, en sondig nie; want sommige het geen kennis van God nie.** Ek sê dit tot julle beskaming."

steeds die Woord van God. So 'n gelowige is eintlik skynheilig omdat sy gees tussen geloof en ongeloof aarsel.

Omdat die siel van 'n baba in Christus nog steeds bewus is van 'goed & kwaad', is hy dubbel-gedagtig en is sy gees gevul met twyfel. Voorbeeld: Hy is ontsteld wanneer iemand vir hom lieg, maar wanneer hy in 'n soortgelyke situasie is, lieg hy ook. Hierdie dubbel-gedagtigheid ('goed & kwaad') in sy siel hou sy gees in ongeloof. Die baba in Christus kan dus lieg asook die waarheid praat, wat onaanvaarbaar is.

As gevolg van ongeloof, is babas in Christus magteloos teen versoekinge. Alhoewel hulle in die Gees is, leef hulle soos sondaars, en nie soos seuns van God nie. Hulle doen die werke van 'die vlees' net soos sondaars want hulle verstaan nie die waarheid soos in die skrifte geopenbaar nie. Die Bybel sê vir hulle om op te hou lieg, oneerlik te wees, te skinder, te beny, te twis en verdeeldheid te veroorsaak, maar om een of ander rede kan die meerderheid gelowiges nie begryp wat die wil van God werklik is nie. Hulle leef hulle hele lewe in 'n toestand van sluimering en vervul die begeertes van hulle ongelowige gees, maar kry nie berou om hul sondes dood te maak nie.

Deur valse leringe en verkeerde interpretasies van skrifte, word die baba in Christus mislei om te glo dat dit onmoontlik is om op te hou sondig. Die waarheid mag seermaak maar dit maak vry! Slegs wanneer hy met die waarheid gekonfronteer word – dat seuns van God nie sondig nie – sal die siel die ongeloof van die gees ontdek.

Om hierdie punt te bewys, antwoord die volgende vraag:

'n Sondaar sondig. Wat doen 'n seun van God?
Merk jou antwoord!

Hy sondig ook ☐ Hy sondig nie ☐

1 Johannes 3:6: "*Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie."*
1 Johannes 3:9: *"Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore."*
Matthéüs 7:18: *"'n Goeie boom kan geen slegte vrugte*

Ef 5:14 "Daarom sê Hy: **Ontwaak, jy wat slaap,** en staan op uit die dode, **en Christus sal oor jou skyn.**"
Luk 24:45 "Toe open Hy (Jesus) **hulle verstand om die Skrifte te verstaan.**"
Jak 4:8 "**Nader tot God, en Hy sal tot julle nader.** Reinig die hande, julle **sondaars,** en suiwer die harte, **julle dubbelhartiges!**"
**Nota:** Om die verstand te vernuwe en die gees te reinig is die manier om tot God te nader. Dwarsdeur hierdie hele boek word hierdie feit verduidelik.

2 Tim 3:5 "**mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af.**"

2 Joh 1:8&9 "**Wees op julle hoede, dat ons nie verloor wat ons deur arbeid verkry het nie,** maar 'n volle loon ontvang. **Elkeen wat 'n oortreder is en nie bly in die leer van Christus nie, hy het God nie.** Wie in die leer van Christus bly, hy het die Vader sowel as die Seun."

Ef 5:14 "Daarom sê Hy: **Ontwaak, jy wat slaap,** en staan op uit die dode, **en Christus sal oor jou skyn.**"

1 Tim 6:3&4 "**As iemand iets anders leer** en nie instem met die gesonde woorde van onse Here Jesus Christus en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie, **dié is verwaand en verstaan niks nie**…"

Enige wedergebore gelowige wat sê dat dit nie moontlik is om op te hou sondig nie is in ongeloof en mislei, want hy glo die leuen. Om sonde te verdedig verag nie net God nie, maar gee ook sy Heilige Gees aanstoot. As 'n wedergebore gelowige beweer dat hy verlos is van sonde, waarom glo hy nie die waarheid en hou op sondig nie? Het hy die Heilige Gees tevergeefs onvang?

1 Joh 3:8 "**Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel,** want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het **die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.**"

Joh 7:17 "**As iemand gewillig is om sy wil te doen, sal hy aangaande die leer weet of dit uit God is, en of Ek uit Myself spreek.**"

Joh 8:31-34 "…**As julle in my woord bly,** is julle waarlik my dissipels. En julle **sal die waarheid ken,** en die waarheid sal julle vrymaak. …**elkeen wat die sonde doen, 'n dienskneg van die sonde is.**"

**Nota:** Elke saad bring voort volgens sy eie aard. Netso sal die Woord van God, wat die Saad van God is, seuns van God voortbring.

2 Kor 11:4 "Want as iemand (Satan of 'n gelowige) kom en '**n ander Jesus verkondig** as wat ons verkondig het, of as **julle 'n ander gees ontvang** as wat julle ontvang het, **of 'n ander evangelie** as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval."

*dra nie, en 'n slegte boom ook geen goeie vrugte nie."*
Nota: Enige iemand wat nie saamstem nie en die bogenoemde skrifte teenstaan, het 'n 'ander gees' en nie die gees van 'n seun van God nie.

Slegs deur die verstand te vernuwe tot die waarheid soos vervat in die Woord van God kan die gees verander word om die waarheid te glo. In die vorige hoofstukke is die leer van goddelikheid, soos vervat in die Bybel, geopenbaar. Dit is die siel se verantwoordelikheid om te studeer, met God te praat en die beginsels te bepeins totdat die geloof in sy gees kom om ieder en elke werk van 'die vlees' te stop. Met deursettingsvemoë, gebed en smeking, kan die heiligmaking van die gees volbring word onder leiding en deur die werking van die Heilige Gees. Gebed alleen, sonder die aktiewe deelname van die gelowige om op te hou met 'n sekere sonde, sal niks oplewer nie, want daar is geen berou nie.

Die innerlike mens word die seun van God wanneer sy siel die sin van Christus het, en sy gees die goddelike natuur van Christus het. Omdat hy Christus gelykvormig is, het sy gees geloof – die krag om versoekinge te weerstaan.

2 Korintiërs 3:16&17: "*maar wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem. Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid."*
1 Johannes 5:18-20: *"Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie sondig nie; maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bose het geen vat op hom nie. Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê. En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe."*

**Nota:** Moet nie met sulke prediking en leringe saam gaan nie.

Jos 1:8 "**Hierdie wetboek** (die Woord) **mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag** (voortdurend), **sodat jy nougeset kan handel** (optree) **volgens alles wat daarin geskrywe staan;** want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en **dan sal jy met goeie gevolg handel.**"

Spr 4:20-24 "**My seun** (siel), **luister na wat ek sê,** neig jou oor tot my woorde, **laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne-in jou hart** (gees). **Want hulle is die lewe vir die wat hulle vind, en 'n genesing vir hulle hele liggaam.** Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe. **Verwyder van jou die valsheid van mond, en hou ver van jou af die verkeerdheid van lippe.**"

**Nota:** Gebed is 'n gelofte wat 'n mens maak aan God, wanneer Sy hulp gevra word tydens gebed. Dit beteken dat die gelowige ook alles in sy beperkte vermoë sal doen om dít te vervul waarvoor hy in gebed gevra het.

Ef 3:16&18 "…**om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens, sodat** (die natuur van) **Christus deur die geloof in julle harte** (gees) **kan woon,** julle wat in die liefde gewortel en gegrond is,"


Ef 6:10&11 "…**word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte.** Trek die volle wapenrusting van God aan, **sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel.**"

Ef 4:13&14 "**totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof** en van die kennis van die Seun van God, tot **'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;** sodat ons nie meer kinders (babas) sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense…"

1 Joh 3:7 "My kinders, **laat niemand julle mislei nie: wie** ('n seun van God wat) **die geregtigheid doen, is regverdig soos Hy** (God) **regverdig is.**"

# OPSOMMING


## DIE EVANGELIE VAN CHRISTUS




### DIE EVANGELIE VAN CHRISTUS


Jesus is gebore in 'n liggaam van sonde. Hy het Satan en sonde oorwin en is gekruisig. Aan die kruis is Satan en die sonde geoordeel. Toe Jesus uit die dode opstaan, is die dood ook oorwin. Christus woon nou in 'n nuwe liggaam sonder sonde en dood.

## DIE PATROON VAN REDDING




### DIE PATROON VAN REDDING


As gevolg van die bloed van Jesus kry die innerlike mens vergifnis van sondes en as gevolg van die liggaam van Jesus, kom die Heilige Gees in die liggaam van die gelowige en word hy 'n nuwe mens. Die innerlike mens moet nou die ou sondige lewe aflê, en hom beklee met die nuwe lewe sonder sonde.




### HEILIGMAKING

Omdat die ongoddelike gees oor die siel heers, kan die siel die Woord nie gehoorsaam. Die Heilige Gees maak die siel gewillig om die Woord te gehoorsaam. Dit veroorsaak dat die gees ly totdat geloof in die gees kom om te onderwerp aan die siel. Sodra die gees goddelik is, is die siel vry om die Woord te gehoorsaam.

## DIE KRAG VAN DIE EVANGELIE




### DIE KRAG VAN DIE EVANGELIE

Verkondiging van die evangelie het krag om die mens te verlos van sonde.

Die persoon wat glo word oorgeplaas vanuit 'n ou mens wat sondig, na 'n nuwe mens wat nie sondig nie.

## SLOTSOM

## LEEF IN OORWINNING

Die doel van hierdie boek is om die heiliges volmaak te maak – om soos God te wees en op te tree. Die doodmaak van die werke van 'die vlees', d.w.s. jou bose begeertes en ongoddelike gesindhede, is die proses waardeur jy volmaak gemaak word.

Die eerste stap in die doodmaak van jou sondes is om te aanvaar dat 'n seun van God nie sondig nie. Die oomblik wanneer jy aanvaar dat 'n seun van God nie sondig nie, sal die Heilige Gees jou heiligmakings-proses begin en jou kennis van God sal toeneem. Sonder hierdie basiese beginsel, kan en sal die heiligmaking van jou gees nie volbring word nie.

Die oomblik wat jy – die siel – jou bekeer en besluit om alle werke van 'die vlees', bose begeertes en ongoddelike gesindhede te konfronteer, sal jy weerstand ervaar van jou vleeslik-gesinde gees, asook demoniese invloede van buite. Omdat die natuur van die gees sterker is as die kennis van die siel, sal die salwing van die Heilige Gees die waarheid aan die siel leer en openbaar, om dit te verstaan. Kennis van die waarheid stel die siel in staat om te volhard teen die druk van die vleeslike natuur van sy gees, asook om demoniese invloede teen te staan.

Wees gewaarsku! Gedurende heiligmaking sal jy lyding, tugtiging, vernedering, hartseer en pyn ervaar, en baie keer beledig word. Maar, deur jou volharding sal jou gees uiteindelik verander word deur die salwing van die Heilige Gees.

Vernuwing van die verstand verander die gees. Jou gees sal nie verander tensy jou gedagtes vernuwe nie. 'n Onvernude gemoed is in 'n bewussyn van 'goed & kwaad' en dit veroorsaak allerhande emosies en gevoelens in die gees. 'n Vernude verstand, aan die ander kant, is bewus van die waarheid en dit bring vrede in die gees. Vraag: Hoe sal jou gees reageer as iemand vir jou sê: "Jy ruik sleg." As dit waar is, waarom voel jy vernederd? Waarom is jy nie bly en bedank hom omdat hy jou die waarheid vertel het nie? Die rede hiervoor is dat jou siel nog steeds oordeel volgens die kennis van 'goed & kwaad'.

**VERWYSINGS EN KOMMENTARE**

Die doel van hierdie studiegids is om mense voor te berei vir die Here se tweede koms!

Luk 1:17 "En hy (Johannes die Doper) sal voor Hom (Jesus) uit gaan in die gees en die krag van Elía, **om die harte… terug te bring… en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges, om vir die Here 'n toegeruste volk te berei.**"


1 Joh 1:5&6 "En **dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie.** As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie."

2 Pet 3:13&14 "Maar **ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon.** Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, **beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede**."

Jak 1:12-15 "**Salig is die man wat versoeking verdra,** want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here beloof het aan die wat Hom liefhet. Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie. **Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word.** Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort."

1 Joh 2:20 "En julle het die **salwing** (unction) **van die Heilige** en weet alles (aangaande die waarheid)."

1 Pet 5:6-19 "**Verneder julle dan onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd.** Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle. Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof, omdat julle weet dat dieselfde lyding opgelê word aan julle broederskap wat in die wêreld is. En **mag die God** van alle genade self, **wat ons geroep het** tot sy ewige heerlikheid in Christus Jesus, **nadat ons 'n kort tyd gely het, julle volmaak, bevestig, versterk en grondves!**"



Nog 'n voorbeeld: Wanneer jy Jesus met iemand deel en hy aanvaar Jesus, voel jy goed en as hy Jesus nie aanneem nie voel jy sleg. Die rede hoekom jou gees so reageer, is omdat jou verstand nog funksioneer volgens kennis van 'goed & kwaad'. Die waarheid is egter dat elke persoon die reg het om vir homself te besluit. Al hierdie emosies en gevoelens in jou gees is tekens dat jou siel nie vernuwe is nie.

'n Verstand wat kennis het van skrifte is nog nie vernuwe nie. Alhoewel die verstand baie skrifte ken, oordeel die siel nog steeds volgens 'goed & kwaad' en nie volgens die waarheid nie. As jy jou verstand wil vernuwe moet jy ophou om in terme van 'goed & kwaad' te dink. Soos jy volhardend gedagtes van 'goed & kwaad' verwerp, verander jou gees en word hy stil en goddelik deur die krag van die Heilige Gees.

Solank die siel dubbel-gedagtig is weens gedagtes van 'goed & kwaad', weet die gees nie wat om te glo nie en bly dus goddeloos. Omdat die gees nie 'dink' nie maar reageer volgens sy goddelose natuur, sal sy optrede onvoorspelbaar wees. So 'n gelowige sal partykeer eerlik wees en partykeer oneerlik, afhangend van die omstandighede.

Onthou, ons het geleer dat dit die gees is wat glo of nie glo nie. Solank die siel weerstand ondervind van sy gees, is dit 'n bewys dat die gees nog steeds in ongeloof is. Die oomblik wat die gees onderwerp, het die gees tot geloof in die waarheid gekom.

Ten einde die natuur van jou gees te verander moet jou siel enkel-gedagtig word. Soos jy gedagtes van 'goed & kwaad' verwerp en net dink aan dit wat waar, eerlik en regverdig is, sal jou gees die waarheid begin glo en dan is hy goddelik van natuur. Sodra die gees goddelik is, sal jou siel rus ervaar en beheer oor sy lewe (gees) hê.

<u>Ervarings wat jy kan verwag gedurende heiligmaking</u>

As gelowige ervaar jy dat jy lewe volgens die begeertes van jou gees en nie volgens die kennis van geskrifte nie. Sodra jy die feit dat 'n seun van God nie sondig nie aanvaar, sal jy besef dat lieg, bedrieg, skinder, woede, padwoede, spandabelrigheid en al die ander werke van 'die vlees' van die duiwel is en gestop moet word.

Mark 6:11 “En **almal wat julle nie ontvang of na julle luister nie,** gaan daarvandaan weg en **skud die stof onder julle voete af tot 'n getuienis teen hulle.** Voorwaar Ek sê vir julle, dit sal vir Sodom of Gomorra verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir daardie stad.”

2 Kor 10:5 “terwyl ons **planne verbreek** en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, **en elke gedagte gevange neem** (stop) **tot die gehoorsaamheid aan Christus,**”

1 Joh 2:27 “En die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; maar **soos dieselfde salwing julle aangaande alles LEER, so is dit ook WAAR en GEEN LEUEN nie; en soos dié julle geleer het, so moet julle IN HOM BLY.**”

Jak 4:8 “**Nader tot God, en Hy sal tot julle nader.** Reinig die hande, julle sondaars, en **suiwer die harte** (gees), julle **dubbelhartiges** (dubbel gedagtiges)!”

Fil 2:12&13 “Daarom, my geliefdes… **werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil** (siel) **sowel as om te werk** (gees) **na sy welbehae.**”

Die innerlike mens wat verander het, sal ervaar dat sy lewe aan die buitekant verbeter. 'n Goddelike gelowige sal vind dat sy verhoudings, sy huwelik, en sy finansies verbeter want sy siel is in beheer van sy gees.

3 Joh :2-5 “Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan; want ek was baie bly as daar **broeders kom en** van jou waarheid **getuig, soos jy in die WAARHEID wandel. Ek het geen groter blydskap as dit nie, dat ek hoor dat my kinders IN DIE WAARHEID WANDEL.** Geliefde, jy handel getrou in alles wat jy doen vir die broeders, en dit vir vreemdelinge,”

2 Pet 1:3 “Immers, **sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom** wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug,”

Jy mag dink of sê dat God jou heilig maak. Hoekom dan, nadat jy weer gebore is vir 5, 10 of 30 jaar, het die Heilige Gees nog nie heiligmaking in jou lewe volmaak nie? Die feit van die saak is dat die Heilige Gees rustend was, en vir jou gewag het om op te staan teen jou sondes en omstandighede. As jy gewillig is om op te staan teen enige sonde, sal Hy jou help en lei na oorwinning.

Jy mag dalk dink dat dit onmoontlik is om op te hou sondig, maar met die hulp van die Heilige Gees is dit moontlik; want met God is alle dinge moontlik. As jy met een sonde kan ophou dan is dit moontlik om alle sondes te stop!

Jy sal daarin slaag om alle sondes dood te maak as jy die volgende altyd in gedagte hou:

**Die Heilige Gees doen niks as jy niks doen nie!**
As jy nie teen jou sondes opstaan nie, sal dit deel bly van jou lewe want die Heilige Gees sal nie op Sy eie handel nie.

**Herken en erken jou oortredings!**
Jy mag dalk jou Bybel getrou lees, maar jy besef nie en erken nie jou eie oortredings nie.

**Bely en vra God om vergifnis en genesing!**
Sodra jy jou sondes bely het, is jy verplig om alles in jou vermoë te doen (wat nie veel is nie) om daardie sonde te oorwin. Jy gee 100% en Hy gee 100%.

**Die toestand sal vererger voordat dit verbeter!**
Dinge word erger en jy ly, want jou gees weerstaan verandering en demone val jou aan om jou te ontmoedig.

**Wees oplettend vir die werking van die Heilige Gees!**
Deur verskeie insidente en skrifte, openbaar en onderrig die Heilige Gees jou om jou insig te gee. Dit is gedurende hierdie fase dat daar goddelike berou in jou gees kom.

**Moenie terugdeins nie maar volhard!**
Jy mag dalk baie keer misluk maar die Heilige Gees dring jou om aan te hou. Geloof kom dan gaandeweg in jou gees indien jy nie verslap in jou verstand nie.

**Praat slegs die waarheid en moenie gedagtes van 'goed & kwaad' koester nie!**
Beoefen geregtigheid, nie ongeregtigheid nie. "Doen aan ander soos jy wil hê hulle aan jou moet doen." Hierdie is die waarheid, maar gedagtes van 'goed & kwaad' weerhou jou gees om die waarheid te glo.

**Wanneer geloof kom, sal oortredings stop!**
Gehoorsaamheid bestaan slegs nadat geloof in die gees gekom het.

1 Kor 15:57 "Maar God sy dank, **wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus.**"

Rom 1:18 "Want **die toorn van God word** van die hemel af **geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense** wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk,"

Spr 1:7 "**Die vrees van die HERE is die beginsel** (die begin) **van die kennis;** sotte verag wysheid en tug."

Jak 4:8 "**Nader tot God, en Hy sal tot julle nader.** Reinig die hande, julle sondaars, en **suiwer die harte** (gees), julle **dubbelhartiges** (dubbel gedagtiges)!"

Ef 5:14 "Daarom sê Hy: **Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dode, en Christus sal oor jou skyn.**"
**Nota:** Christene sondig aanhoudend en is onbewus van hulle sondes want hulle is mislei om te glo dat hul sondes outomaties vergewe word.

1 Joh 2:1 "My kinders, ek **skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak** ('n Advokaat - want dit is 'n ernstige hofsaak) by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige."
**Nota:** Christene bely nie hulle sondes nie weens hulle trots, en het geen voorneme om daarmee te stop nie. As jy bely, moet jy ophou!

Heb 5:8&9 "Hy, al was Hy die Seun, **het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy GELY het;** en nadat Hy VOLMAAK IS, het Hy **vir ALMAL wat Hom GEHOORSAAM IS**, 'n bewerker van ewige saligheid geword"

2 Kor 7:10 "Want **die droefheid volgens die wil van God werk 'n onberoulike bekering tot redding, maar die droefheid van die wêreld werk die dood.**"
Voorbeeld: Baie huwelike is ongelukkig en misluk want die man en vrou baklei en stry. Hulle baklei aanhoudend en maak dan weer op omdat hulle net wêreldse berou het. Maar as hulle die Heilige Gees toelaat om hulle te verander sal hulle goddelike berou ontwikkel en ophou baklei.

Heb 10:38&39 "Maar **die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehae in hom nie.** Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoud van die lewe."

Ps 4:4&5 "**Weet tog dat die HERE vir Hom 'n gunsgenoot afgesonder het; die HERE hoor as ek Hom aanroep. Sidder, en moenie sondig nie; spreek** (die siel) **in julle** (eie) **hart** (gees) **op julle bed, en wees stil.**"
**Nota:** Jy moet die Here bedank en loof vir Sy redding, en die toepaslike skrifte bely.

Heb 3:19 "En ons sien dat **hulle** (die Jode) **deur ongeloof nie kon ingaan** (God gehoorsaam) nie."
**Nota:** Jy moet God eers glo voordat jy God kan gehoorsaam.

1 Joh 5:4 "Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en **dit is die oorwinning wat die wêreld** (sonde) **oorwin het, naamlik ons geloof.**"

**Dank en prys die Here!**
Gee dank aan die Here vir jou redding en prys Hom vir Sy getrouheid. Die persoon wat streef om onberispelik voor God te wees sal Sy redding ervaar. Sukses kweek sukses.

**Hou jouself onberispelik!**
Wees versigtig dat jy die oorwinning nie verloor wat jy deur die Heilige Gees en lyding verkry het nie.

**Onthou!**
God is in jou en vir jou. Hy is nie teen jou nie. Leef waaksaam; onderskei wat die wil van God is in elke situasie en die God van vrede sal jou bewaar en beskerm.

**Wees 'n dader van die werk!**
In hierdie boek het ons jou herhaaldelik uit die Woord van God getoon, die volmaakte vryheid van sonde waardeur Christus jou vry gemaak het. Hopelik het jy ook jou eie sondes en tekortkominge gesien. Ons pleit by jou om nie 'n vergeetagtige hoorder van die Woord te wees nie – iemand wat homself bedrieg – maar 'n dader van die werk soos deurgaans in die boek verduidelik.

Wat beteken 'dader van die werk' eintlik? Die Woord van God sê, *"Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het."* (Kol 3:9) Jou werk is om op te hou lieg. Jou siel verstaan maar jou gees is vreesagtig en kan nie onderwerp nie. Dit is jou werk om met die hulp van die Heilige Gees uit te vind hoe om jou gees daartoe te bring om die waarheid te glo en te verander. Slegs dan sal jy 'n dader van die Woord wees.

*Verdere insigte en verduidelikings*
*sal gedoen word via ons webtuiste*
*www.sinnot.org*

Ps 50:23 "**Die een wat dank offer, eer My**; en **die een wat op sy weg ag gee, hom sal Ek die heil van God laat geniet.**"

2 Joh 1:9 "**Elkeen wat 'n oortreder is** en nie bly in die leer van Christus nie, hy **het God nie. Wie in die leer** (doktrine) **van Christus bly** (gehoorsaam), hy **het die Vader sowel as die Seun.**"

Jak 1:21-25 "Daarom, **doen afstand van alle vuiligheid en oorvloed van boosheid,** en ontvang met sagmoedigheid **die ingeplante woord, wat in staat is om julle siele te red.** En **word daders van die woord** en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie. Want as iemand 'n hoorder van die woord is en nie 'n dader nie, dié is soos 'n man wat sy natuurlike gesig in 'n spieël sien; want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar '**n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen.**"

2 Tess 1:11&12 "Daarom bid ons ook altyd vir julle **dat onse God julle die roeping waardig mag ag, en dat Hy alle welgevalle aan wat goed is, en alle werk van die geloof met krag volkome mag maak,** sodat die Naam van onse Here Jesus Christus in julle verheerlik kan word en julle in Hom…"

Joh 6:27 "Moenie **werk** om die spys wat vergaan nie, maar **om die spys wat bly tot in die ewige lewe,** wat die Seun van die mens julle sal gee; want Hom het God, die Vader, verseël."

1 Kor 9:25 "En **elkeen wat aan 'n wedstryd deelneem, onthou hom in alles**—húlle nogal om 'n verwelklike krans te ontvang, maar ons 'n onverwelklike."

Fil 3:14&15 "Maar een ding: **ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus. Laat ons almal dan wat volmaak is, so gesind wees; en as julle anders gesind is, sal God dit ook aan julle openbaar.**"

## JESUS CHRISTUS IS DIE FONDAMENT

*"Volgens die genade van God wat aan my gegee is, het ek soos 'n bekwame boumeester die fondament gelê, en 'n ander bou daarop; maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou. Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus. En as iemand op dié fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels—elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is. As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang; as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen."*
*(1 Kor 3:10-15)*

Op die volgende bladsy vind jy 'n traktaat wat jy kan gebruik om die evangelie met gelowiges en ongelowiges te deel. Die grondbeginsels van die evangelie boodskap is dat Jesus in die wêreld gekom het in die liggaam van die ou mens – Adam. Nadat Jesus Satan en sonde oorwin het, is Hy geoffer sodat God sondaars kan vergewe en van die sonde verlos. Maar omdat Hy nooit gesondig het nie, het God Jesus opgewek in 'n nuwe liggaam as Christus – die nuwe mens.


As jou hoorder glo dat Jesus Christus die Here en Redder is, is God getrou om al sy sondes van die verlede te vergewe en aan hom die Heilige Gees te gee, wat hom verander in 'n nuwe mens. Dit is baie belangrik dat die gelowige verstaan dat die ou mens sondig en die nuwe mens sondig nie. Dit is om hierdie rede dat God die innerlike mens beveel om die heiligmaking te volbring. Die doel van redding is om Christus gelykvormig te wees!

Redding word gesien wanneer die traktaat toegevou is, en die proses van heiligmaking kan gesien word wanneer die traktaat oopgetrek is. Deur die krag van die Heilige Gees moet die innerlike mens sy werke van 'die vlees' afsterf en 'n deelgenoot word van die heilige natuur van die Gees. Die traktaat stel jou ook instaat om die beginsels in hierdie boek te verduidelik; wat 'n gelowige moet verstaan en toepas om 'n seun van God te wees, soos Christus.

Jy kan die traktaat ook gebruik om die volgende te verduidelik:

- Hoe sonde in die liggaam van die mens gekom het en die effek daarvan op die innerlike mens;
- Hoe Jesus die liggaam van die sonde vernietig het en opgestaan het in 'n nuwe liggaam;
- Hoe 'n sondaar 'n heilige kan word;
- Die wyse waarop God 'n sondaar red;
- Die patroon wat God volg;
- Dat geloof asook gehoorsaamheid vereis word vir redding;
- Dat die mens drie-enig is soos God;
- Hoe die gees die gesag van die siel wederregtelik oorgeneem het;
- Dat Jesus Christus die Here is van die wêreld;
- Dat God die liggaam eerste red, dan die siel en dan die gees;
- Dat geloof in Jesus jou van sonde red;
- Dat geloof in die waarheid jou red sodat jy nie meer sondig nie.

Gelowiges moet geleer word om toepaslike skrifte in die regte fase van redding te plaas. Foutiewelike verstaan en plasing van skrifte, bring mee dat gelowiges iets glo wat nie waar is in daardie fase van redding nie. Om hierdie rede is hulle geloof misplaas en kan hulle nie ophou sondig nie.




**Nota: Op die volgende bladsy is twee traktate wat jy mag uitknip en vou soos hier langsaan (regs) verduidelik word.**

A **PLAAS DAN VOU HIER** B


VOU


Vou traktaat by punt A.
Vou dan die traktaat sodat
die Rooi See die Jordaan bedek.


**Die traktaat sal dan lyk soos die een hier onder.**

God het aan die Jode gesê dat Hy hulle uit slawerny in Egipte sal verlos en bring na 'n land wat oorloop van melk en heuning. Nadat hulle deur die Rooi See gegaan het, ontdek hulle dat hulle in die Wildernis van Sin was en nog nie in Kanaän nie. Eers nadat hulle die Wet van God ontvang het, is hulle deur God gelei tot by die Jordaan Rivier waar hulle die Beloofde Land moes ingaan. Maar weens ongeloof het sommige God nie gehoorsaam nie en gesterf in die Wildernis van Sin, terwyl diegene wat God geglo het die Beloofde Land ingegaan het.

Net so is dit met die gelowiges wat in Jesus glo. Hulle word verlos uit die liggaam van sonde en oorgebring na 'n liggaam sonder sonde. Dit word getoon wanneer die traktaat toe is. Maar sodra die traktaat oopgetrek word vind hulle uit dat hulle in 'n Wildernis van sondes is, onder die wet van die Gees, en nie volmaak soos hulle gedink het hulle sou wees nie. God beveel die innerlike mens om volmaak te wees. Diegene wat God glo en die heiligmaking volbring mag ingaan, maar dié wie God nie glo nie, sal sterf in hulle sondes.




EGIPTIESE
Jood
EGIPTE
Rooi See
Wet van God
EGIPTIESE
Jood
Jood
Jordaan
KANAÄN
Jood
Wildernis van Sin
SONDE
(gees)
Wet van die Gees
HEILIGE
GEES
Wildernis van sondes


EGIPTIESE
Jood
EGIPTE
Rooi See
Wet van God
EGIPTIESE
Jood
Jood
Jordaan
KANAÄN
Jood
Wildernis van Sin
SONDE
(gees)
Wet van die Gees
HEILIGE
GEES
Wildernis van sondes

# *Seuns* van *God* sondig nie

Hierdie ***persoonlike studiegids*** gebruik 'n unieke sisteem van twee kolomme om die basiese beginsels en waarhede te ontbloot wat jy moet leer en aanvaar, sodat jy mag groei in geloof en gehoorsaamheid ten einde goddelikheid te bereik. Aan die linkerkant sal jy diagramme vind met bygaande verduidelikings; aan die regterkant is die skrifte wat betrekking het op die materiaal aan die linkerkant. Hierdie inter-aktiewe benadering dek onderwerpe soos:

- Wat sonde is; waar sonde woon; wat die wet van sonde is; wat 'die vlees' is?
- Wat beteken dit om weer gebore te wees?
- Die twee dope; die twee besnydenisse.
- Wat is heiligmaking en volmaaktheid?
- Waar is die siel en die gees van die mens gesetel?
- Waar woon die Heilige Gees?
- Die weg en patroon van redding – Hoe Jesus die wêreld gered het.
- En baie ander toepaslike onderwerpe.

Elke afdeling van hierdie gids moet sorgvuldig oordink word onder ernstige gebed totdat jy deurdrenk is met geloof – slegs dan sal jy absoluut seker wees van die betekenis – **Seuns van God sondig nie.**

Verkondig hierdie voortreflike boodskap aan almal!

*"En wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer."*
***2 Timótheüs 2:2***

Alex en Riekie is 42 jaar getroud en is geseën met vier kinders en vier kleinkinders. Albei is aptekers, en het 'n suksesvolle apteek besit. Na aftrede het hulle na George, Suid Afrika, verhuis.

Benjamin is 47 jaar met Truitjie getroud. Hulle is afgtree en woon in Bloemfontein, Suid Afrika. Ben het BCom Honeurs, en hulle het ook 'n suksesvolle besigheid gehad. Hulle twee kinders en drie kleinkinders woon in Australië.

Na wedergeboorte is Alex Bybelskool toe en was betrokke in 'n ondersteunings bediening in 'n gemeente, terwyl Ben uitgereik het na plaaslike gemeenskappe. God het in hulle lewens ingegryp en oor 'n periode van 14 jaar het die Heilige Gees die beginsels, soos uiteengesit in hierdie boek, geopenbaar. Hulle het uitgevind dat hulle persoonlike ervarings ooreenstem met die skrifte, en dat God sy Woord in hulle bevestig.

"Ons vind dat Christene nie 1 Johannes 3 glo nie. ***As 'n sondaar sondig, dan sondig 'n heilige nie*** – dit is so eenvoudig soos dit. God het Sy Seun gestuur om gelowiges van hul sondes te verlos en die ervaring van wedergeboorte, wat oral plaasvind, is die bewys daarvan. Die enigste bron vir hierdie boek is die Woord van God. Hierdie boodskap is 'volledig' en ons kan dit net verder verduidelik via ons webwerf (www.sinnot.org)."

9 780620 742115